

# Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram

## Konsepgids



Afrikaans

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is 'n inisiatief van die **Gauteng Departement van Onderwys** en sy sleutelvennoot, die **Gauteng Education Development Trust**.

Die ontwikkeling en produksie van die opleidings- en klaskamerhulpbronne vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is moontlik gemaak deur ruimkootse projekbefondsing van die **United States Agency for International Development** en die **Zenex-stigting**.

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek word bestuur deur **JET Education Services** met die **Schools Development Unit** aan die **UK** en **Wordworks** as tegniese vennote.

Die **Schools Development Unit** (SDU) aan die **Universiteit van Kaapstad** (UK) is die tegniese vennoot vir wiskunde vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek. Die SDU is 'n eenheid binne die School of Education van die UK wat op die professionele ontwikkeling van onderwysers ten opsigte van Wiskunde, Wetenskap, Geletterdheid/Taal en Lewensaardighede van Graad R tot Graad 12 fokus. Die SDU bied onderwyskwalifikasies en goedgekeurde kortkursusse van die UK, skoolgebaseerde werk, materiaalontwikkeling en navorsing om onderrig en leer in alle Suid-Afrikaanse kontekste te ondersteun.

Hierdie uitgawe van die wiskundemateriaal het gebaat by die betrokkenheid van kollegas by Wordworks en is verbeter deur dit in ooreenstemming te bring met die materiaal van die Taalverbeteringsprogram. Dit is verryk deur die werk van amptenare van die subdirektorate vir Vroeëkinderontwikkeling- en Grondslagfase-kurrikula van die Gauteng Departement van Onderwys op distrik- en provinsialevlak, wat waardevolle bydraes gelewer het tot die inhoud van die materiaal en konstruktief meegewerk het om te verseker dat dit in ooreenstemming is met provinsiale beleid, praktyke en waardes.

## ERKENNINGS

Spesiale dank aan:

- ★ Die amptenare van die Direktoraat: Kurrikulum, Direktoraat: Onderwyseropleiding en Direktoraat: Spesiale Onderwys van die Gauteng Departement van Onderwys vir hul bydrae tot die aanpassing van ons materiaal.
- ★ Kollegas van Wordworks, tegniese vennoot vir taal vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek, vir samewerking aan die materiaalontwikkeling.
- ★ Amptenare en onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir hul bydrae tot die suksesvolle implementering van die Grade R Mathematics Programme (*R-Maths*) in die Wes-Kaap tussen 2016 en 2019.
- ★ Die *R-Maths*-skryfspan: Vroeëkinderontwikkelingsamptenare van WKOD, Cally Kuhne, Karen Kaimowitz, Bev Da Costa, Meryl Glaser, Sue Bailie, Sue Connolly, Sue Heese.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is aangepas uit *R-Maths*, eerste uitgawe in 2017 deur die Schools Development Unit, Universiteit van Kaapstad. Kopiereg van *R-Maths* berus by die Universiteit van Kaapstad.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0 International Licence [Attribution-Non-Commercial-No Derivatives].



Die oorspronklike werk mag nie op enige wyse verander word of kommersieel gebruik word nie. Die klaskamermateriaal mag vrylik gefotokopieer, gedruk en versprei word. Dit mag op enige elektroniese toestel afgelaai word, via e-pos versprei word en gratis op 'n webwerf gelaaï word. Wanneer hierdie boek gekopieer of gedeel word, moet duidelike erkenning aan die bron gegee word.

Om die volledige voorwaardes vir hierdie lisensie te besigtig, gaan na: <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/4.0/>

Programkonseptualisering en -bestuur: Cally Kuhne en Tholisa Matheza

Vertaling- en publikasieprojekbestuur: Arabella Koopman

Vertalingskoördineerder (Afrikaans): Ilse von Zeuner

Vertaling: Anita van Zyl

Redigering en proeflees van Afrikaanse uitgawe: Ilse von Zeuner, Language Mechanics

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Geset deur: Jenny Wheeldon

Ontwerp: Magenta Media

Omslagontwerp: Jacqui Botha

# Inhoud

**Voorwoord van die Departementshoof .....** 4

## **AFDELING 1 Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram (*Grade R Maths*)**

Inleiding ..... 5

*Grade R Maths* ..... 6

Die leidende beginsels vir die onderrig van wiskunde in Graad R..... 7

## **AFDELING 2 Wiskunde in die dagprogram vir Graad R**

Inleiding ..... 37

Wiskunde-inhoudsareas ..... 37

Wiskunde en die dagprogram vir Graad R ..... 39

Hoe om jou klaskamer vir die daaglikse wiskundesessie in te rig .... 42

Hulpbronne vir die *Grade R Maths*-program ..... 47

Assessering in Graad R ..... 49

## **AFDELING 3 Wiskunde in Graad R**

Inleiding ..... 55

Wiskunde-inhoud ..... 56

Getalle, Bewerkings en Verwantskappe ..... 69

Patrone, Funksies en Algebra ..... 80

Ruimte en Vorm (Meetkunde) ..... 86

Meting ..... 97

Datahantering ..... 106

**Woordelys ..... 110**

**Bronnelys ..... 112**

# Voorwoord van die Departementshoof

Beste Onderwyser/Praktisyn

Welkom by die opleiding vir Graad R-onderwysers/praktisyne. Die Gauteng Departement van Onderwys (GDO) het Vroeë Kinderontwikkeling as sy Strategiese Doel 1 geprioritiseer. Dit is om te verseker dat ons 'n soliede grondslag kan lê en 'n naatlose oorgang van leerders na Graad 1 kan bewerkstellig.

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is ontwikkel om noodsaaklike klaskamer-gebaseerde ondersteuning vir Graad R-onderwysers/praktisyne in Gauteng te bied. Dit handel oor klaskamerpraktyke met opwindende tegnieke en metodologie wat die beste aangewend kan word vir onderrig en leer in Graad R. Dit is in antwoord op 'n studie wat bevind het dat 65% van kinders in Suid-Afrika nie die vaardighede bemeester het wat vereis word om sukses te behaal in Geletterdheid of Syferkundigheid wanneer hulle Graad 1 toe gaan nie. Die doel van hierdie projek is om die Graad R-onderwysers/praktisyne te ondersteun om hierdie uitdaging aan te pak.

Die Departement se verwagting is dat jy gereed is om te leer en bemagtig te word as 'n Graad R-onderwyser/praktisyn. Jou verbintenis tot die opleidingsproses en die daaropvolgende implementering van lesse wat in jou klaskamer geleer word, sal daartoe bydra dat Graad R-leerders beter voorberei is vir Graad 1.

Ons vertrou dat hierdie intervensie sal help om jou potensiaal, innovering en kreatiwiteit te bevorder terwyl jy vir ons kinders 'n belangrike grondslag vir leer daarstel. Hierdie projek sou nie moontlik gewees het sonder die ondersteuning van ons vennote nie. Die GDO is dankbaar vir die ondersteuning van die Gauteng Onderwysontwikkelingstrust (GEDT), Zenex-stigting en USAID, wat 'n bydrae gelewer het tot hierdie inisiatief.

Ek vertrou dat jy baie uit hierdie opleidingsprogram sal leer en die leerervaring van die jong kinders in jou sorg sal verbeter.

Die uwe



**Mnr. Edward Mosuwe**

**Departementshoof: Gauteng Departement van Onderwys**

3 Junie 2020



**GGT 2030**  
GROWING GAUTENG TOGETHER

# AFDELING 1

---

## Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram (*Grade R Maths*)

### Inleiding

*Grade R Maths* is 'n vroeë-wiskunde-program vir Graad R wat ooreenkom met Graad R-Wiskunde in die KABV en die inhoud daarvan uitbrei.

Die *Grade R Maths*-program:

- ★ is ontwerp om 'n raamwerk vir die onderrig en leer van wiskunde in Graad R te bied
- ★ is op 'n stel onderrigbeginsels gegrond wat suksesvolle leer aanmoedig
- ★ verduidelik die konsepte wat belangrik is vir jong kinders se wiskundeontwikkeling
- ★ plaas die wiskunde-inhoud vir Graad R in volgorde en gee praktiese idees vir die klaskamer
- ★ gee vir onderwysers omvattende leiding wat hul lesbeplanning ondersteun.

Die woord "wiskunde" word in hierdie boek op verskillende maniere gebruik. Hier volg die gebruik en betekenis van elke term:

- **Wiskunde** is die liggaam van kennis wat "wiskunde" genoem word en wat konsepte, vaardighede en toepassings insluit.
- **Graad R-Wiskunde** is deel van die kurrikulum in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV).
- **Grade R Maths** is die naam van hierdie vroeë-wiskunde-program vir Graad R.
- **Wiskunde in Graad R** is die soort wiskunde wat in Graad R geleer word.

In hierdie gids word die woord "kinders" gebruik om te verwys na kinders wat nog nie in Graad R is nie. Die woord "leerder/s" word gebruik om van kinders in Graad R te praat.


Kenmerke van hierdie *Konsep-gids* sluit in:

- ★ inligting oor die onderrig en leer van wiskunde
- ★ **"In die praktyk"-kassies** wat voorbeelde gee van hoe die beginsels en idees in hierdie boek met of deur leerders gebruik kan word
- ★ **woordelys**-kassies wat die betekenis van nuwe of moeilike woorde verduidelik
- ★ 'n woordelys van al die nuwe woorde wat in hierdie boek gebruik word.

# Grade R Maths

Grade R Maths bestaan uit vier dele:


- ★ die *Konsepgids*
- ★ vier *Aktiwiteitsgidse* – een vir elke skoolkwartaal – wat vir Graad R-onderwysers weeklikse voorstelle vir die onderrig en leer van wiskunde gee
- ★ 'n *Plakkaatboek* met elf plakkate
- ★ 'n *Hulpbronstel* vir die klaskamer met wiskunde-apparaat vir onderrig en leer vir individue en klein groepies.




Figuur 1 Die Konsepgids



Figuur 2 Aktiwiteitsgidse Kwartaal 1–4



Figuur 3 Die Plakkaatboek



Figuur 4 Hulpbronstel

Hierdie Konsepgids bevat verdere inligting oor elk van die komponente van *Grade R Maths*.

# Die leidende beginsels vir die onderrig van wiskunde in Graad R

Grade R Maths moedig 'n benadering tot die onderrig en leer van wiskunde aan wat stimulerend en motiverend vir leerders is. Leerders sal die kennis en vaardighede ontwikkel waarop hulle in hoër grade sal voortbou. Onderwysnavorsing in klaskamers het 'n stel onderrig**beginsels**, wat tot suksesvolle leer bydra, uitgelig. Die Grade R Maths-program is op agt van hierdie beginsels geskoei.

## WOORDELYS

### beginsel

'n algemene reël wat as waar aanvaar word



- 1. Die konteksbeginsel.**  
Leer vind plaas in sinvolle en gepaste situasies.



- 8. Die oefenbeginsel.** Leer word versterk deur nuwe kennis en vaardighede te oefen.



- 2. Die aktiwiteitsbeginsel.**  
Leerders behoort direk by die leer-onderrig-proses betrokke te wees.



- 7. Die inklusiwiteitsbeginsel.** Leer vind plaas in 'n omgewing waar almal welkom voel, ingesluit word, regverdig behandel en gerespekteer word, en kan deelneem.



- 3. Die spelbeginsel.** Kinders leer die beste tydens aktiwiteite wat vryspel en gerigte spel behels.



- 6. Die leidingsbeginsel.**  
Leer vind plaas wanneer onderwysers leerders lei om nuwe kennis te ontwikkel.



- 5. Die interaksiebeginsel.**  
Leer vind plaas wanneer daar kommunikasie is en idees gedeel word.



- 4. Die vlak-beginsel.** Leerders gaan deur verskeie vlakte van begrip en ontwikkeling.

Figuur 5 Beginsels van die Grade R Maths-program

Hoewel hierdie agt onderrigbeginsels afsonderlik gelys word, hou almal met mekaar verband.

Die volgende deel van die *Konsepgids* lei jou deur die agt beginsels waarop *Grade R Maths* gebaseer is. Elke beginsel bevat:

- ★ 'n definisie
- ★ 'n "In die praktyk"-kassie
- ★ meer inligting oor die beginsel.

## 1. Die konteksbeginsel

### Definisie

Leer vind plaas wanneer 'n situasie (of konteks) vir die leerder sinvol is. Dikwels behels die beste soort wiskundeprobleme wiskunde-idees wat uit situasies in die werklike lewe voortspruit. Leerders vind dit makliker om oplossings te vind vir probleme waarby hulle aanklank kan vind as gevolg van hul lewenservarings.



### In die praktyk ...



In byna alle klaskameraktiwiteite en aktiwiteite tuis is daar geleenthede om wiskunde te leer. Die uitdaging vir onderwysers en ouers is om bewus te wees van hierdie geleenthede en om dit te gebruik om voort te bou op dit wat leerders reeds weet.

### Meer oor die konteksbeginsel

#### Vroeë wiskunde by die huis

Jong kinders se ervarings by die huis en wanneer hulle buite speel, lê die grondslag vir hul begrip van belangrike wiskunde-**konsepte**.

Babas, kleuters en jong kinders gebruik hul sintuie om van die wêreld om hulle te leer. Hulle toon 'n belangstelling in basiese vorms, skep eenvoudige patronen en kan leer om te tel voordat hulle skool toe gaan. Hulle leer van die wêreld terwyl hulle praat, eet en speel, en verwerf terselfdertyd wiskunde-konsepte. Byvoorbeeld:

- ★ Wanneer hulle probeer om voorwerpe wat te groot is, in hul monde te druk en so 'n begrip van grootte ontwikkel.
- ★ Wanneer hulle bokse en kartontoiletrolle gebruik om denkbeeldige karretjies te bou en so 'n begrip van vorm ontwikkel.
- ★ Wanneer hulle probeer om 'n voorwerp op te lig wat te swaar is om te dra, en hulle die konsep van massa begin verstaan.
- ★ Wanneer hulle ooreenkomsste en verskille tussen klein versamelings voorwerpe sien en die voorwerpe dan pas, sorteer en vergelyk.

Jong kinders begin idees oor wiskunde-konsepte vorm voordat hulle op skool wiskunde leer.

### WOORDELYS

#### **konsep**

'n idee of gedagte wat abstrak is. Met ander woorde, dit kan nie aangeraak of vasgehou word nie. Wiskunde-konsepte sluit getalle, tel, ruimte, aftrek en optel in.

Kinders se alledaagse aktiwiteite by die huis is vol geleenthede vir vroeë wiskunde, byvoorbeeld:

- ★ tydens daagliks roetines, bv. etenstye, badtyd, wanneer hulle aantrek en dinge wegpak
- ★ wanneer hulle voorwerpe gebruik, bv. deksels op plastiekhouers sit en met 'n skêr knip
- ★ wanneer hulle speel, bv. wanneer hulle dinge deel, maak asof hulle kos maak of 'n taxi bestuur
- ★ wanneer hulle teken en verf
- ★ wanneer hulle volwassenes wat tel, naboots.

Hierdie aktiwiteite bou kinders se selfvertroue. Terselfdertyd ontwikkel hulle kennis en begrip van die wêreld om hulle.



**Figuur 6 Die gebruik van daagliks aktiwiteite om wiskunde-konsepte te verken**

Jong kinders se begrip van wiskunde ontwikkel mettertyd.

- ★ Hulle leer dat daar 'n hoeveelheid of kwantiteit aan getalle verbonde is wat nie verander nie, bv. wanneer 'n driejarige drie vingers ophou om die hoeveelheid "drie" te wys.
- ★ Hulle kan 'n reeks getalle herhaal, bv. "een, twee, drie, ses, tien". Wanneer hulle dit doen, boots hulle volwassenes na deur woorde te tel sonder dat hulle 'n dieper begrip het van wat hulle bedoel.

Wanneer kinders op hul eie en saam met ander kinders speel, en wanneer hulle in **interaksie** is met die volwassenes om hulle, begin hulle idees oor die konsepte van getal, vorm, ruimte en meting ontwikkel.

Die konsepte wat kinders tydens hul daagliks aktiwiteite by die huis ontwikkel, word soms "alledaagse kennis" genoem. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer kinders genoeg bakkies uithaal vir almal wat saam eet en dan een lepel per bakkie uithaal. Wanneer hulle dit doen, leer hulle van een-tot-een-ooreenstemming.

## WOORDELYS

### interaksie

om met ander mense te kommunikeer, om aktiwiteite saam met ander mense te doen

## Wiskunde in die skoolkonteks

Baie mense dink wiskunde gaan net oor getalle en somme doen, maar dit is slegs een deel van wiskunde, wat rekenkunde genoem word. Wiskunde sluit in werklikheid baie verskillende konsepte en vaardighede in. Dit behels ook verskillende maniere om hierdie konsepte en vaardighede te gebruik. Dit word "toepassings" genoem. Wanneer ons dus van wiskunde praat, bedoel ons wiskunde-konsepte, -vaardighede en -**toepassings**.

Kinders gebruik wiskunde-konsepte elke dag, selfs al dink hulle nie eens daarvan as wiskunde nie. Hulle pas wiskunde-konsepte toe wanneer hulle 'n koppie vol maak sonder dat dit oorloop, weet watter houer om te gebruik sodat al die blokkies daarin kan pas, inkopies gaan doen, of sê hoeveel van iets ons het.

### WOORDELYS

#### toepassings

verskillende maniere om wiskunde-konsepte en -vaardighede te gebruik, bv. wanneer jy jou kleingeld in 'n winkel tel, jou taxigeld uittel, of 'n pakkie grondbone tussen drie vriende verdeel



**Figuur 7** Ons gebruik almal wiskunde-konsepte in ons daaglikse lewens, soos om 'n boks van die regte grootte te kies.

By die skool bou kinders voort op hierdie kennis wanneer hulle byvoorbeeld voorwerpe in groepe sorteer en dan die aantal voorwerpe in elke groep vergelyk. Dan leer hulle om te tel deur die korrekte volgorde van getalle te gebruik en gebruik een-tot-een-ooreenstemming om die totale getal in 'n versameling te kry. Dit word "skoolkennis" genoem.

#### Alledaagse kennis

vergelyk, sorteer, pas bymekaar, sê getalname, leer van meer/minder, groter/kleiner, lig/swaar



#### Skoolkennis Simbole en woorde

Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Patrone, Funksies en Algebra

Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Meting

Datahantering

**Figuur 8** Die verband tussen alledaagse kennis en skoolkennis

Wanneer kinders in Graad R aankom, kom hulle met hul ervarings, asook met hul begrip en idees van die wêreld. Dit is hul alledaagse kennis.

Alledaagse kennis sal nie dieselfde wees vir alle kinders nie, want dit word bepaal deur die kind se familie, gemeenskap en kultuur. Alledaagse kennis word soms **voorkennis** genoem, en onderwysers gebruik dit om te bou op dit wat leerders reeds weet en kan doen.

## WOORDELYS

### voorkennis

wat leerders reeds weet en reeds kan doen

In Graad R, behoort leerders die geleentheid te kry om nuwe idees te verken, te ondersoek en daarmee te eksperimenteer. Hulle moet ook aangemoedig word om met hul onderwyser en ander leerders te praat oor wat hulle doen en dink. Leerders het die regte soort onderrig nodig om hulle te help:

- ★ om oor hul ervarings te dink en te praat deur wiskundetaal te gebruik
- ★ om nuwe wiskunde-kennis te bou
- ★ om hul begrip van wiskunde te verdiep
- ★ om 'n positiewe ingesteldheid teenoor wiskunde te ontwikkel.

Hulle moet by die huis en by die skool betrokke raak by aktiwiteite wat hulle in staat stel om wiskunde-konsepte te verken, en om wiskunde as prettig en genotvol te beskou.



**Figuur 9 Tel en een-tot-een-ooreenstemming by die huis en die skool**

### Skep 'n leeromgewing vir wiskunde

Onderwysers moet 'n klaskameromgewing skep waarin leerders:

- ★ veilig en geborge voel
- ★ genoeg vertroue het om hulself uit te druk
- ★ aan alle aktiwiteite deelneem.


Die fisiese omgewing om wiskunde te leer, behoort die volgende in te sluit:

- ★ hulpbronne (soos speletjies, konstruksiemateriaal en legkaarte) wat op so 'n wyse georganiseer word dat leerders kan sien wat beskikbaar is en kan kies wat hulle moet gebruik
- ★ geleenthede om te verken en te ondersoek
- ★ geleenthede vir leerders om materiaal te gebruik om probleme op te los en hul oplossings op te teken
- ★ geleenthede vir leerders om wiskundetaal te gebruik, soos "meer", "groter as", "hoek" en "getalle"

- \* aktiwiteite wat **waarneming**, **pas**, **vergelyking**, **sortering** en **ordening** behels.

## In die praktyk ...

- Stel 'n wiskunde-ryke area in jou klaskamer op.** Gebruik 'n tafel teen 'n muur sodat byskrifte, prente en voorwerpe uitgestal en bespreek kan word.
- Rangskik die weerkaart, kalender, getallelyn (wasgoedlyne met getalle) en getalfriese in hierdie area en gebruik dit vir daaglikse besprekings.**
- Stal die leerders se werk in hierdie area uit.**
- Moedig die leerders aan om voorwerpe van die huis af te bring vir bespreking.** Voeg dit by die uitstaltafel en gee die leerders wat dit gebring het geleentheid om daaroor te praat.



Figuur 10 Getalfries



Figuur 11 Die wiskunde-area

## 2. Die aktiwiteitsbeginsel

### Definisie

Die aktiwiteitsbeginsel beteken dat 'n mens leer deur self dinge te doen. Leerders behoort aktief betrokke te wees by hul eie onderrig. Wiskunde in Graad R behoort te bestaan uit genotvolle, praktiese aktiwiteite wat alledaagse voorwerpe en sinvolle ervarings insluit. Die aktiwiteite moet, waar moontlik, vir leerders geleenthede bied om hul hele liggaam en al hul sintuie te gebruik, veral sig, gehoor en die tassintuig.

### WOORDELYS

#### waarneming

gebruik ons sintuie om oor voorwerpe, gebeure en ingesteldhede uit te vind. Ons moet waarnem om inligting oor die wêreld in te samel, bv. goed kyk en luister na wat om ons gebeur.

#### pas

identifiseer dieselfde kenmerk in twee of meer voorwerpe, bv. al die geel voorwerpe. Pas is 'n belangrike vaardigheid om een-tot-een-ooreenstemming te leer.

#### vergelyking

soek na ooreenkomste en verskille tussen twee of meer voorwerpe, bv. "hierdie is albei diere, maar een is blou en die ander een is rooi". Vergelyking gaan oor die bepaling van die verband tussen voorwerpe op grond van spesifieke kenmerke. Hierdie vaardigheid lei tot die vermoë om voorwerpe te klassifiseer.

#### sortering

vind dinge wat dieselfde of soortgelyk is, en groepeer dit aan die hand van spesifieke kenmerke. Sorteer eers aan die hand van een kenmerk, soos kleur, bv. "al die groen vorms". Sorteer dan aan die hand van twee kenmerke, soos kleur en grootte, bv. "al die klein groen vorms".

#### ordening

plasing van drie of meer voorwerpe of gebeure in volgorde, bv. die klaskamerroetine, die leerders seoggendroetine ("nadat ek wakker geword het, staan ek op, was my gesig, eet ontbyt ...") of die gebeure in 'n storie

Graad R-leerders behoort te leer tel en getalle in volgorde te plaas deur middel van liedjies en rympies, en deur aksies en groot bewegings te gebruik, soos om hande te klap, te spring en hul voete te stamp om getalle voor te stel terwyl hulle tel. Ritmiese tel (*rote counting*), die afskryf van getalle van die bord af en die skryf van getalsimbole tussen reëls met 'n potlood, is nie die beste manier om van getalle te leer nie.

Leerders behoort self versamelings voorwerpe wat hulle kan tel te soek en uit te pak, en getallewoord- en getalsimboolkaarte daarby te pas. Hulle kan getalsimbole in die sand skryf, dit vorm deur kunsklei (Plasticine) te gebruik, dit verf, of dit op 'n maat se rug natrek. Hierdie benadering is in lyn met ontluikende skryf en koppel die vorming van die getalsimbool aan die getalnaam.

Wanneer 'n nuwe getal bekendgestel word, is dit 'n goeie idee om die getalnaam, getalsimbool, fisike aksies en versamelings voorwerpe aan die hand van 'n storie met mekaar te verbind. Dit kan gedoen word deur leerders aan te moedig om voorwerpe in 'n prent te tel, of om die getal voorwerpe in 'n storie te herroep, of hulle kan hande klap, spring of met hul vingers wys om die getal in 'n storie voor te stel.



## In die praktyk ...




Die onderwyser doen die volgende:

- 👉 Beplan praktiese aktiwiteite wat gepas is vir die ouderdom van die leerders, vlak van ontwikkeling en hul belangstellings.
- 👉 Verbind dit wat die leerders reeds weet en kan doen met die nuwe idees, wiskundetaal, konsepte en/of vaardighede wat aangeleer word.

Die leerders:

- 👉 voel vry om te eksperimenteer, te ondersoek en vrae te stel
- 👉 werk saam, deel idees en stel vrae.



Figuur 12 Kinders leer deur middel van praktiese aktiwiteite.

### 3. Die spelbeginsel

#### Definisié

Spel bestaan uit aktiwiteite wat genotvol is en wat 'n kind se groei en ontwikkeling bevorder. Spel hou gedrags-, sosiale, fisieke, kognitiewe en emosionele belonings in. Spel laat leerders toe om aktief betrokke te wees by hul eie leer en verkenning van hul omgewing. Leer in Graad R behoort te bestaan uit genotvolle, praktiese aktiwiteite en ervarings wat gebruik maak van talle konkrete voorwerpe en **simbole**.

#### WOORDELYS

##### simbole

dinge wat iets voorstel, soos 'n getalsimbool, logo of padteken

#### Leer deur spel

Vir kinders is leer en speel nie afsonderlike aktiwiteite nie. Spel kan baie dinge beteken, soos fisieke aktiwiteite buite; spel met sand of water; kamma-speletjies met maats of alleen; spel met blokkies en konstruksiespeelgoed; of luisterspeletjies, raaispeletjies of kaartspeletjies. Hoewel sommige speelaktiwiteite ekstra tyd en hulpbronne vergen, geniet kinders dit dikwels om met alledaagse voorwerpe en eenvoudige huisgemaakte materiaal te speel. Speel is hoe kinders by die huis en by die skool leer. Dit is nie iets wat leerders slegs in hul "vrye tyd" doen of wanneer daar nie 'n onderwyser naby is nie.


Leerders het baie geleenthede nodig om:

- ★ hul omgewing deur hul sintuie te verken, bv. fisieke aktiwiteite wat buite gedoen word, soos klim en hardloop, of speletjies met reëls wat gevolg moet word, soos eenbeentjie of Hasie, en balspeletjies
- ★ probleme te ondersoek en op te los, soos om konstruksiemateriaal te gebruik om 'n toring te bou, of om water of sand te gebruik om houers te vul
- ★ dit wat hulle reeds weet of kan doen, te oefen, soos om gestruktureerde speletjies, bv. slangetjies-en-leertjies of domino's, te speel.

#### Vyf soorte spel

Navorsers het vyf soorte spel geïdentifiseer wat in alle kulture voorkom en wat die fisieke, sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van 'n kind ondersteun.

- ★ **Fisieke spel** sluit in aktiewe oefening, fynmotoriese oefening en ongeordende spel. Dit is belangrik vir grootmotoriese en fynmotoriese koördinasie en om krag en uithouvermoë te bou.
- ★ **Spel met voorwerpe** sluit in ontdekking, ondersoek en eksperimentering met verskillende voorwerpe in hul wêreld. Dit ontwikkel hul denke en probleemoplossingsvaardighede.
- ★ **Simboliese spel** is wanneer kinders 'n speelding, voorwerp, prent, tekening of ander merk wat hulle maak, gebruik om werklike voorwerpe voor te stel.
- ★ **Kamma-speletjies en sosio-dramatiese spel** behels aantrek-speletjies en rolspel. Dit bevorder kognitiewe en sosiale ontwikkeling en help kinders om hul eie gedrag en denke te bestuur.
- ★ **Speletjies met reëls** moedig kinders aan om die reëls van 'n spel te volg; en om te leer om te deel en beurte te maak, en om mekaar te help.




**Figuur 13 Soorte spel**

#### Die spelgebaseerde benadering

Die spelgebaseerde benadering tot onderrig en leer (leer-deur-te-speel-onderrig) erken dat kinders soms die beste leer deur vryspel wat deur die kind geïnisiéer en gerig word, sonder betrokkenheid van 'n volwassene. Ander kere leer leerders die beste uit gerigte spel wat deur die onderwyser vir die hele klas of klein groepe gelei word. 'n Goed beplande onderrig- en leerprogram behoort 'n balans van al die verskillende speelaktiwiteite in te sluit.

#### Leer wiskunde-konsepte deur te speel

Wanneer kinders speel, maak hulle dikwels of hulle volwassenes is. Hulle boots byvoorbeeld volwassenes wat kos voorberei na, of 'n vleêner wat 'n vliegtuig vlieg, of 'n onderwyser wat vir kinders klas gee. In hierdie speletjies gebruik hulle dikwels voorwerpe in hul omgewing en maak of dit ander dinge is, bv. 'n houtboublok "word" 'n houtbord waarop groente gekap word. In hierdie soort spel gebruik kinders een voorwerp om iets anders voor te stel.



**Figuur 14** 'n Kartonboks kan 'n motor voorstel, 'n houtblok kan 'n appel voorstel en klippies kan geld voorstel.

Wanneer kinders speel en teken, gebruik hulle voorwerpe en prente om dinge in die werklike lewe voor te stel. Dit is hoe hulle begin leer dat simbole werklike voorwerpe kan voorstel. Hulle leer:

- ★ dat 'n tekening van twee mense twee regte mense kan voorstel.
- ★ dat simbole ander dinge kan voorstel, bv. "2" staan vir twee dinge en dit kan twee van enigsins wees.

- \* van abstrakte gedagtes en idees, bv. wanneer hulle met 'n blok 'n afdruk maak en dan oor die gedrukte vorm praat, help dit hulle om die kenmerke van 'n vierkant te herken.
- \* hoe dinge met mekaar **verband hou**, bv. sommige houers pas in ander houers, sommige blokkies kan jy bo-op ander blokkies plaas, konstruksiespeelgoed het sommige dele wat in mekaar pas, maar nie almal pas in mekaar nie.

Daar is baie spel-aktiwiteite wat die leer van wiskunde bevorder. Hier is 'n paar voorbeelde:

- \* Wanneer leerders sandkastele bou deur houers van verskillende groottes, sand en water te gebruik, verken hulle die konsepte van kapasiteit (meer/minder), grootte (groot/klein) en hoeveelheid (baie/minder).
- \* Speletjies soos Hasie en touspring moedig kinders aan om te tel en patronen te herken.
- \* Kinders kan die vorm en grootte van voorwerpe verken deur voorwerpe (soos bokse en balle) in 'n "voelsakkie" te plaas, een voorwerp te kies en dit te beskryf.

## WOORDELYS

### **verband hou**

hoe voorwerpe en idees by mekaar pas



## In die praktyk ...



Beplan aktiwiteite waarin leerders belangstel en wat hulle nuuskierig maak oor wiskunde.

- 👉 Moedig fantasiespel aan deur 'n speletjie te begin. Plaas byvoorbeeld stoele in 'n ry om 'n trein te maak. Vra dan 'n leerder om as die treindrywer voor te sit, of as 'n passasier op die tweede of derde stoel te sit. Sodoende het leerders pret, maar hulle leer ook konsepte soos posisie en volgorde van getalle.
- 👉 Speel saam en deel aktiwiteite met leerders terwyl hulle speel. Wys dat jy dit geniet en betrokke is deur hardop te dink en te gesels oor wat in die aktiwiteit gebeur, bv. "Ek het drie koppies vol water gemaak – een, twee, drie. Nou het ek nog een vol water gemaak. Kyk, nou's daar vier. Kyk hoe netjies staan hulle in 'n ry!" Bespreking is 'n belangrike manier om vir kinders wiskundetaal te leer.
- 👉 Let op hoe leerders oor hul idees oor tel, kombinering en deel praat wanneer hulle speel, en herhaal hul bevindings, bv. "Jy het vyf rooi krale getel en toe vyf blou krale. Kom ons tel nou hoeveel krale jy het. Dis reg – tien krale."
- 👉 Help kinders om tydens fantasiespel oor simbole te dink. Maak voorstelle oor hoe een ding iets anders kan voorstel, bv. "Jy kan daardie tafel omdraai en dit as jou boot gebruik."

## 4. Die vlak-beginsel

### Definisie

Vaardighede en konsepte bou op mekaar. Dit word **ontwikkelingsvordering** genoem. Leerders bou hul kennis op dit wat hulle reeds weet en kan doen. Goeie onderrig behels dat die onderwyser eers vasstel wat leerders reeds ken en verstaan, en dan aktiwiteite en alledaagse situasies gebruik om daarop te bou en hulle te help om nuwe kennis en vaardighede te leer.

## WOORDELYS

### **ontwikkelings-vordering**

volgorde waarin vaardighede en konsepte op mekaar bou

Elke leerder in jou klas het ander ervarings gehad. Dit beteken dat hulle in Graad R almal by verskillende vertrekpunte is. Elke leerder se voorkennis is die beginpunt vir wat hy of sy sal leer. Leerders kan dit wat hulle reeds weet, gebruik om nuwe wiskunde-konsepte en -vaardighede te leer.



## In die praktyk ...



- 👉 Beplan speletjies en aktiwiteite wat toepaslik is om leerders se voorkennis waar te neem.
- 👉 Neem waar wat leerders doen en sê wanneer hulle speel, en hoe hulle met verskillende aktiwiteite vaar.
- 👉 Teken individuele leerders se sterk punte en behoeftes aan.
- 👉 Beplan nuwe aktiwiteite wat op elke leerder se voorkennis en huidige begrip bou.

## Meer oor die vlak-beginsel

### Differensiasie

Leerders in 'n Graad R-klaskamer is almal min of meer dieselfde ouderdom, maar hulle het almal individuele persoonlikhede, behoeftes, vermoëns, sterk punte en uitdagings. Hulle verskil wat betref:

- ★ hul huislike agtergrond
- ★ hul kulturele agtergrond
- ★ hul sosio-ekonomiese agtergrond
- ★ hul taalvlak
- ★ hul belangstellings
- ★ hul voorkennis
- ★ hul gereedheid om te leer
- ★ die pas waarteen hulle moet leer
- ★ die ondersteuning wat hulle van onderwysers en ander nodig het om te leer.

Onderwysers moet voortdurend elke leerder se vordering en ontwikkeling in wiskunde waarneem en opteken. Differensiasie beteken dat dit wat jy onderrig en die manier waarop jy dit onderrig, die verskillende vermoëns of ontwikkelingsvlakke van jou leerders in ag moet neem.

Om hierdie benadering te gebruik moet onderwysers elke leerder tydens aktiwiteite waarneem en vasstel wat hulle verstaan en suksesvol kan doen, en dan hierdie inligting gebruik om aktiwiteite en ondersteuning vir die leerders te beplan. Sommige leerders sal dalk met slegs 'n klein bietjie ondersteuning van die onderwyser 'n nuwe idee wat in 'n aktiwiteit voorkom, verstaan. Ander leerders het dalk meer tyd, meer demonstrasies, meer voorbeelde en meer bystand van die onderwyser nodig om dieselfde begripsvlak te bereik.

Neem as voorbeeld leerders in 'n Graad R-klas wat almal van dieselfde onderwerp leer – posisie in ruimte (op/onder, voor/agter).

- ★ Sommige leerders sal die verskil tussen hierdie posisies gou en met min verduideliking van die onderwyser verstaan. Hulle sal gou gereed wees om na die volgende konsep te beweeg, naamlik posisies in ruimte wat in prente voorkom.

- \* Ander leerders het dalk meer tyd en verduideliking van die onderwyser nodig terwyl hulle aan aktiwiteite werk. Hulle sal ook na die volgende konsep beweeg, maar dit sal langer duur en hulle sal meer bystand nodig hê.



## In die praktyk ...



Jy kan differensiasie in jou onderrig as volg gebruik:

- Wees bewus van ooreenkoms en verskille tussen jou leerders.
- Beplan die beste manier om elke leerder op grond van hul eie sterk punte te onderrig.
- Verander dit wat onderrig word sodat dit die vermoëns, **sensoriese perseptuele vaardighede**, voorkennis, belangstellings en kulturele agtergrond van alle leerders in ag neem.
- Wysig waar nodig dit wat jy verwag elke leerder aan die einde van 'n aktiwiteit sou geleer het.
- Dink oor leerders se persoonlikhede asook hul vermoëns wanneer jy besluit hoe om leerders in groepe te verdeel sodat hulle in hul groepe van mekaar kan leer en mekaar kan ondersteun.
- Gebruik toepaslike aktiwiteite en hulpbronne.
- Onderrig verskillende leerders teen verskillende tempo's, bv. sommige leerders neem dalk langer as ander leerders om aktiwiteite te voltooi of vrae te beantwoord.
- Gebruik kleingroepaktiwiteite sodat jy op individuele leerders kan fokus, en bied toepaslike ondersteuning aan indien hulle dit nodig het.
- Beplan aktiwiteite vir daardie leerders wat meer uitdagende take nodig het.

### WOORDELYS

#### **sensoriese perseptuele vaardighede**

gebruik jou sintuie om inligting oor jou omgewing in te win, byvoorbeeld: kyk, hoor, raak aan, ruik en proef

## 5. Die interaksiebeginsel

### Definisié

Leer behels kommunikasie en die deel van idees. Leerders behoort aangemoedig te word om met die onderwyser en met mekaar te praat oor wat hulle dink en doen. Wanneer hulle idees deel, vrae stel en verduidelik wat hulle doen, help dit hulle om hul begrip van konsepte te ontwikkel. Dit help hulle ook om wiskundetaal met selfvertroue te leer.



## In die praktyk ...



- Die atmosfeer in die klaskamer moet ontspanne wees sodat leerders vry voel om vrae te stel en hul idees met mekaar te deel terwyl hulle probleme oplos.
- Jong leerders moet geleer word om wiskunde-woorde korrek te gebruik sodat hulle dit kan gebruik om hul idees en gedagtes uit te druk, bv. leer om 'n bal as "rond" te beskryf, eerder as om te sê dit is "'n sirkel".



**Figuur 15** Onderwysers kan leerders lei om wiskundetaal te gebruik.

### Meer oor die interaksiebeginsel

#### Kommunikasie: aktiewe luister en praat

Ons leer die beste wanneer ons iets in pare of in groepe doen en met iemand anders praat. Leerders moet kommunikasievaardighede ontwikkel en moet weet hoe om deel te wees van 'n gesprek. Hulle behoort aktief te luister wat die ander persoon sê, en moet toepaslik kan reageer. Dit beteken hulle moet die volgende kan doen:

- ★ luister na dit wat gesê word
- ★ op 'n gepaste wyse antwoord of reageer
- ★ beurte maak om te praat en te luister.

 **In die praktyk ...** 

Help leerders om goeie luister- en praatvaardighede te ontwikkel deur vir hulle geleenthede te skep om:

- 👉 deel te neem aan 'n gesprek of bespreking
- 👉 goed en op 'n gefokusde manier te luister
- 👉 hul gedagtes en idees te deel of uit te druk
- 👉 antwoorde en terugvoering te gee
- 👉 vrae te stel
- 👉 instruksies te volg.

Wanneer onderwysers aktief na leerders luister:

- ★ word leerders aangemoedig om hul idees, vrae, probleme en opinies te deel
- ★ voel leerders dat die onderwyser in hulle belangstel en omgee of hulle iets verstaan of nie
- ★ ontwikkel leerders hul eie aktiewe luistervaardighede.

Om op 'n gepaste wyse op iets te reageer is 'n belangrike deel van kommunikasie, en van onderrig en leer. Wanneer leerders 'n behoorlike antwoord op hul vrae of idees kry, glo hulle dat hul idees belangrik is en waarde het. Dit dien ook as 'n model vir hulle oor hoe om 'n gepaste antwoord te gee.



## In die praktyk ...



Jy kan gepaste antwoorde vir jou leerders gee deur:

- 👉 hulle nooit te laat voel dat hulle 'n dom vraag gestel het nie
- 👉 soms 'n vraag wat hulle stel te herhaal sodat hulle weet dat jy na hulle luister
- 👉 hulle aan te moedig om duidelike vrae te stel deur een van hul vrae te herfraseer of hulle te vra om dit op 'n ander manier te herhaal
- 👉 hul vrae op maniere te beantwoord wat vir hulle sinvol is, bv. deur te put uit dit wat hulle reeds weet en/of deur voorbeeld uit hul ervaring te gebruik.

### Die rol van taal in wiskunde

Ons gebruik almal taal om te kommunikeer. Ons gebruik dit om idees en inligting te deel, en om **abstrakte** idees te beskryf. Taal is ook belangrik vir wiskunde. Ons het dit nodig om te beskryf, te verstaan, te bevraagteken, te dink, te redeneer, te verduidelik en wiskunde-konsepte voor te stel.

Die taal van wiskunde behels die woorde en simbole wat ons gebruik om wiskunde-idees of -konsepte te kommunikeer of te deel. Soms gebruik ons alledaagse taal, maar wiskundetaal is **akkuraat** en spesifiek. Jy kan meer oor alledaagse kennis en skolkennis op bladsye 8–11 lees. Hier volg drie voorbeelde hiervan.

- ★ In alledaagse taal word "die helfte" dalk gebruik om iets te beskryf wat min of meer in twee ewe groot dele verdeel word. In wiskunde beteken "die helfte" twee dele van 'n geheel wat gelyk verdeel word. Die twee dele is presies dieselfde grootte of het presies dieselfde aantal.
- ★ In alledaagse taal sê ons dalk: "Die onderwyser is groot." In wiskundetaal sê ons egter: "Die onderwyser is lank" en meet sy/haar lengte, deur "een", "twee", "drie" te tel terwyl ons meet.
- ★ In alledaagse taal sê ons dalk dat die driehoek 'n punt-vorm het. In wiskundetaal sal ons egter sê 'n driehoek het drie reguit sye en drie hoeke.

### WOORDELYS

#### **abstrak**

die beskrywing van 'n idee, 'n gedagte of gevoel; iets wat nie aangeraak kan word nie

#### **akkuraat**

presies



Figuur 16 Wiskundetaal is akkuraat.

## Ontwikkeling van kinders se wiskundetaal

'n Deel van die aanleer van nuwe konsepte behels die aanleer van nuwe taal. Onderwysers moet leerders lei namate hulle geleidelik nuwe wiskundetaal by die skool en in hul daagliks lewens begin verstaan en gebruik. Hulle moet die korrekte wiskunde-woordeskat vir Graad R-leerders leer wat hulle in staat sal stel om instruksies te volg, vrae te stel en hul gedagtes en redenasies uit te druk. Leerders verwerf nuwe taal en wiskunde gelyktydig. Terwyl hulle nuwe woorde leer, leer hulle meer konsepte, dan leer hulle nog woorde en nog konsepte, en so raak hulle al hoe suksesvoller in hul wiskundetake.



### In die praktyk ...



Leerders wat die betekenis van die woorde "rond" en "plat" ken, kan die wiskundige eienskappe van voorwerpe beskryf. Deur te speel, besef hulle byvoorbeeld dat ronde voorwerpe rol en dat voorwerpe met plat vlakke gelyklig. Leerders wat nie die terme "rond" of "plat" ken nie, kan slegs beperkte gevolgtrekkings maak oor die voorwerpe wat hulle verken – bokse gelyklig en balle rol. Hierdie leerders moet aangemoedig word om die toepaslike nuwe taal te leer om hul konseptuele begrip en kennis uit te brei.



Figuur 17 Ontwikkeling van wiskundetaal deur spel

Moedig leerders aan om soveel moontlik hul huistaal te gebruik. Dit help om hul algemene taalvermoë en denkvaardighede te ontwikkel. In Suid-Afrika leer baie Graad R-leerders in hul tweede of derde taal. Die onderrig van wiskunde kan help om hul vermoë om hierdie tale te gebruik, te ontwikkel, indien hulle geleenthede kry om tydens wiskunde-aktiwiteite te praat oor wat hulle doen, om hul idees te deel en om hul redenasies uiteen te sit.

### Leer korrekte wiskunde-woordeskat

Leerders het die wordeskat nodig om oor wiskunde-konsepte te praat en te dink. Hulle moet byvoorbeeld woorde soos hierdie ken om die volgende te beskryf:




Figuur 18

- \* hoeveelheid ('n klomp, meer, baie, minder)



Figuur 19

- \* berekening (sit by, neem weg)



Figuur 20

- \* vorm (rond, vierkantig)




Figuur 21

- \* posisie (eerste, tweede, derde, laaste, voor, na, tussen)



Figuur 22

- \* grootte (groot, klein)



Figuur 23

- \* meting (meer, minder, hoog, breed, vol, swaar, lank, kort, oggend, nag)

Moedig leerders aan om wiskunde-woordeskat te gebruik deur dit self te gebruik wanneer jy met hulle oor wiskunde-konsepte praat, en deur dit wat hulle sê in wiskundetaal te herhaal. Aan die einde van elke inhoudsarea in Afdeling 3 is daar 'n volledige lys wiskunde-woordeskat spesifiek vir daardie inhoudsarea.



Figuur 24 Moedig leerders aan om wiskunde-woordeskat te gebruik.

Wiskunde fokus op die verwantskap tussen dinge. Leerders moet die taal leer om oor hierdie verwantskappe te dink en te praat, wat insluit:

- ★ vergelykings tussen versamelings (baie, min, meer, minder)
- ★ vergelyking van grootte en afmetings (groot/klein, langer/korter, swaarste/ligste)
- ★ vergelyking van vorm (drie sye, vier sye, rond of geboë)
- ★ posisie in ruimte (voor, agter, onder, langs, tussen)
- ★ die volgorde van dinge (eerste, laaste, tweede, volgende, voor, na, tussen)
- ★ vergelykings tussen die hoeveelheid van iets (meer, minder, dieselfde).

#### Verstaan en gebruik simbole

Simbole is oral om ons. Die tekens wat leerders in hul alledaagse omgewing sien, bevat dikwels woorde en simbole. Leerders leer dat hierdie woorde en simbole betekenis het. Simbole wys byvoorbeeld vir jou wanneer om die pad oor te steek of hoeveel iets kos.

Jong kinders eksperimenteer met skriftelike simbole wanneer hulle teken en in hul vroeë skryfpogings. In Graad R lê 'n begrip van wiskundetaal die grondslag om wiskunde-simbole korrek te gebruik.

#### Redenering en voorspelling

Leerders het ook die taal nodig om:

- ★ iemand anders se **redenasie** te volg en kommentaar daarop te lewer
- ★ hul eie denke te verduidelik en dit te gebruik om te **voorspel** wat volgende sal gebeur. Hulle het taal nodig om 'n patroon te beskryf en om te sê wat volgende kom indien die patroon voortgaan.



2

Figuur 25 'n Stopteken en die getal "2" is albei simbole.

#### WOORDELYS

##### redenasie

die denke agter 'n idee of stelling

##### voorspel

om te sê of te skat wat in die toekoms sal gebeur



Figuur 26 Voorspel watter vorm kom volgende in die reeks.



In die praktyk ...



Om die ontwikkeling van wiskundetaal aan te moedig, het leerders volop geleenthede nodig om:

- 👉 te speel
- 👉 tyd met volwassenes en met ander kinders deur te bring en met hulle te kommunikeer
- 👉 oor hul idees en redenasies te praat.



**Figuur 27** Spel is 'n geleentheid om wiskundetaal te gebruik.

Let op hoe leerders wiskundetaal gebruik wanneer hulle:

- 👉 praat oor wat hulle doen
- 👉 hul ervarings buite die skool beskryf, bv. hoe hulle die tafel dek, 'n speletjie speel, of verduidelik hoe hulle na skool by die huis kom
- 👉 woorde waarvoor hulle nog nie die korrekte wiskundetaal ken nie, opmaak, bv. hulle beskryf 'n hoek as 'n "skerp kant" of praat van "elf" as "elftien"
- 👉 voorspel wat sal gebeur, bv. "Die toring sal omval as ek nog blokkies bo-op pak."

## 6. Die leidingsbeginsel

### Definisie

Onderwysers lei leerders om nuwe kennis te verstaan. Hulle organiseer die onderrig- en leersituasie om geleenthede vir leerders te skep om op spesifieke take en materiaal te fokus sodat die leerders 'n idee kan verken en hul denke oor 'n wiskundeprobleem kan deel. Onderwysers modelleer wat gedoen moet word en stel leidende vrae om leerders te help om die probleem op te los. Dit word soms **bemiddeling** genoem. Deur **bemiddeling** ontwikkel leerders nuwe kennis, gedrag en strategieë om probleme op te los wat hulle ook in ander kontekste kan gebruik.

### WOORDELYS

#### bemiddeling

'n gesamentlike aktiwiteit waar 'n persoon wat meer weet of vaardighede het wat meer ontwikkel is, ander lei om iets nuuts te leer



## In die praktyk ...



### Hoe om bemiddeling in die klaskamer te gebruik

1. Identifiseer watter konsepte en vaardighede die leerders reeds ken en beplan 'n gepaste aktiwiteit.
2. Gee vir die leerders 'n aktiwiteit wat op die nuwe konsep of vaardigheid fokus.
3. Modelleer die aktiwiteit of wys vir die leerders hoe om dit te voltooi.
4. Gee vir die leerders terugvoering oor dit wat hulle doen.
5. Gee wenke of leidrade om leerders te help, maar moenie vir hulle die oplossing gee nie.
6. Spoor die leerders aan deur vrae te stel oor dit wat hulle doen.
7. Moedig leerders aan om vrae te stel sodat hulle nuwe verbande trek en self ontdekking maak.
8. Gee vir die leerders nog 'n aktiwiteit wat hulle op hul eie kan voltooi deur die konsep of vaardigheid wat hulle geleer het, te gebruik. In hierdie aktiwiteit behoort hulle die nuwe vaardigheid of kennis op verskillende maniere te oefen. Lei en ondersteun hulle, maar moenie regstreeks betrokke raak nie.
9. Gee vir die leerders nog aktiwiteite en onttrek geleidelik jou leiding en ondersteuning deur hulle toe te laat om dinge op hul eie te doen.

### Meer oor die leidingsbeginsel

#### Onderrigbenaderings

Onderrig behels die gebruik van verskillende benaderings op verskillende tye:

- ★ Direkte onderrig behels baie min bespreking. Leerders sal dalk vrae stel, maar dit gaan meestal oor die navolging van instruksies. Direkte onderrig behoort 'n baie klein deel van onderrig te wees.
- ★ Gerigte of begeleide onderrig beteken dat onderwysers en leerders saamwerk om 'n probleem op te los of 'n nuwe konsep of vaardigheid te leer. Die onderwyser gee leiding en ondersteuning totdat die leerders die aktiwiteit op hul eie kan doen. In *Grade R Maths* word dit 'n onderwyser-gerigte aktiwiteit genoem.

#### Gestruktureerde aktiwiteite

- ★ Gestruktureerde aktiwiteite is onderrig- en leeraktiwiteite wat dikwels deur die onderwyser gerig word. Dit fokus op 'n spesifieke wiskunde-konsep of -vaardigheid.
- ★ In die *Grade R Maths*-program word gestruktureerde aktiwiteite verdeel in:
  - aktiwiteite vir die hele klas
  - onderwyser-gerigte kleingroupaktiwiteite
  - onafhanklike kleingroupaktiwiteite
  - vryekeuse-aktiwiteite.

#### Stel vrae

Goeie vraagstellingsvaardighede is noodsaaklik vir onderrig. *Grade R Maths* moedig onderwysers aan om oop vrae te gebruik wat wiskunde-denke stimuleer. Hierdie soort vrae kom voor in probleme en ondersoeke. Oop vrae help onderwysers ook om inligting in te samel oor die leerders sevlak van begrip en kennis.

Geslote vrae (Lae-ordevrae)	Oop vrae (Hoërordevrae)
Vrae wat 'n beperkte of "ja/neen"-antwoord het	Vrae wat meer as een moontlike antwoord het
Voorbeeld: Is dit 'n driehoek?	Voorbeeld: Wat kan julle my van driehoeke vertel?
Voorbeeld: Is dit 'n driehoek of 'n vierkant?	Voorbeeld: Hoe verskil 'n driehoek van 'n vierkant?

## In die praktyk ...

- Stel oop vrae wat vir leerders geleenthede gee om onafhanklik te dink en hul gedagtes te kommunikeer. Vermy geslote vrae wat slegs daarop fokus om feite te onthou of wat slegs "ja"/"nee"-antwoorde het.
- Gee vir leerders tyd om 'n vraag te probeer beantwoord sodat hulle kan dink, hul gedagtes kan organiseer en dit dan in woorde kan uitdruk.



Figuur 28 Oop vrae

### Probleemoplossing

Leerders kry te doen met probleme wat hulle nie onmiddellik kan oplos nie. Graad R-onderwysers behoort leerders te ondersteun om vaardighede te ontwikkel om hierdie probleme al hoe meer onafhanklik te benader. Dit sluit in genoeg tyd om oor die probleem te praat, idees uit te toets, uit foute te leer, met die probleem te speel en hul idees op grond van ondersoeke aan te pas.



## In die praktyk ...



- Leerders doen die meeste praatwerk.
- Leerders word aangemoedig om idees uit te toets en foute te maak.
- Leerders deel hul gedagtes met die onderwyser en ander leerders.
- Onderwysers luister na leerders se idees.
- Onderwysers se vrae is oor die algemeen oop en rig leerders se denke.

## 7. Die inklusiwiteitsbeginsel

### Definisie

Respek vir **diversiteit** en insluiting is kinderregte. Dit is noodsaaklik as ons wil hê alle kinders moet leer en hul volle potensiaal ontwikkel. Onderwysers moet bewus wees van elke leerder se identiteit, behoeftes en belangstellings.

Elke Suid-Afrikaanse klaskamer is divers. Daar is tale verskillende kinders en elkeen kom met hul eie identiteit, persoonlikheid, vermoëns, belangstellings en agtergrond. **Inklusiwiteit** is die praktyk om seker te maak dat alle kinders, ongeag diversiteit, ingesluit word by alle klaskameraktiwiteite, veral daardie leerders wat andersins uitgesluit of gemarginaliseer sou word. Gestremdhed is een van die redes waarom kinders dikwels uitgesluit word, maar dis ook belangrik om te onthou dat sosiale, emosionele, fisiese en gesindheidskwessies ook leer verhinder. Onderwysers wat 'n inklusiewe ingesteldheid het, verwelkom en omarm diversiteit in leerders.

Inklusiewe onderwys beteken dat alle kinders die skool bywoon in klasse wat gepas is vir hul ouerdom. Hulle word verwelkom, aangemoedig om deel te neem aan alle aspekte van die skoollewe en word ondersteun om te leer en hul volle potensiaal te bereik.

### WOORDELYS

#### diversiteit

'n verskeidenheid mense met verskeie verskille, byvoorbeeld, identiteit, persoonlikheid, vermoëns, belangstellings en agtergrond

#### inklusiewiteit

die praktyk om seker te maak dat alle kinders, ongeag hul verskille, ingesluit word in alle klaskameraktiwiteite



## In die praktyk ...



- Alle leerders het die reg om spesiaal te voel, deel te neem en ingesluit te word in klaskameraktiwiteite en besprekings. Dit sluit kinders met gestremdhede, gedragskwessies of ander leerhindernisse in.
- Alle leerders, hul ouers en die personeel van die skool moet welkom wees, ingesluit word, regverdig behandel en gerespekteer word, ongeag kultuur, etnisiteit, ras, geslag, gender-identiteit, seksuele oriëntasie, fisiese of intellektuele vermoë, godsdiens of sosio-ekonomiese status.

## Meer oor die inklusiwiteitsbeginsel

### Verskillende leerstyle

Diversiteit gaan nie slegs oor ons fisiese karaktertrekke, oortuigings of geloof nie; dit kan ook insluit hoe ons nuwe vaardighede aanleer. Nie alle kinders leer op dieselfde manier nie. Daar is 'n uiteenlopende reeks leerstyle wat geskik is vir elke leerder. Byvoorbeeld, nie alle leerders kan die onderwyser se instruksies volg deur slegs te luister na wat sy sê nie. Sommige leerders sal daarby baat om 'n prent te sien wat voorstel wat hulle moet doen. Ander leerders mag 'n aksie of praktiese aktiwiteit nodig hê om 'n instruksie of konsep volkome te verstaan.



### In die praktyk ...



Suksesvolle onderwysers kan die leerbehoeftes van elke leerder in hul klas identifiseer en kan dan aktiwiteite aanpas om die beste by die leerder se behoeftes te pas. Die volgende agt leerstyle is geskik vir onderrig en leer in Graad R:


- 👉 Visueel (Ruimtelik): Visuele leer behels die gebruik van prente of diagramme om inligting te onthou. Sommige leerders verstaan en onthou inligting makliker wanneer dit as prente of diagramme voorgestel word.
- 👉 Ouditief (Ouditief-Musikaal): Ouditiewe leer behels luister na inligting om dit volkome te verstaan en te onthou. Sommige leerders leer die beste wanneer hulle na die onderwyser of na 'n liedjie of 'n opname kan luister.
- 👉 Verbaal (Linguisties): Verbale leer behels spraak en die hardop uitdrukking van idees, asook teken of skryf om inligting volkome te verstaan en te onthou.
- 👉 Fisiek (Kinesteties): Fisiese leer vind plaas wanneer die leerder besig is met 'n fisiese, praktiese aktiwiteit. Hierdie leerders gebruik hul liggamoenie en tassintuig (taktiel) om inligting te verstaan.
- 👉 Logies (Wiskundig): Logiese leer behels die gebruik van logika en rede om sin te maak van inligting. Logiese leerders sal logika gebruik en na redes soek wanneer hulle nuwe dinge leer.
- 👉 Sosiaal (Interpersoonlik): Sosiale leer behels leer saam met ander. Sommige leerders verkieksel om as deel van 'n groep of saam met 'n maat te leer.
- 👉 Individueel (Intrapersoonlik): Individuele leer behels leer op jou eie. Sommige leerders konsentreer die beste wanneer hulle op hul eie gedagtes en gevoelens kan fokus, sonder dat hul aandag deur ander afgetrek word.
- 👉 Naturalisties (Natuur): Naturalistiese leer vind plaas in die natuur. Sommige leerders leer en verstaan die beste wanneer hulle die natuur deur ervarings buite kan verken en ondersoek, soos om diere waar te neem, tuin te maak, om te sien na die aarde, of die omgewing te verken.

## **Leerders wat leerhindernisse in wiskunde ondervind**

'n **Leerhindernis** is enigets wat verhoed dat 'n kind doeltreffend kan leer. Hindernisse kan direk met die kind (intrinsiek) verband hou, byvoorbeeld, kognitiewe gebrek, hartseer of 'n gebreekte arm. Hindernisse kan ook buite die kind wees (ekstrinsiek), byvoorbeeld, armoede, verwaarlozing of 'n oorvol klaskamer.

Taal is 'n uiterst belangrike leerinstrument. In Suid-Afrika manifesteer dit dikwels as beide 'n intrinsieke en ekstrinsieke leerhindernis, veral waar 'n kind se huistaal verskil van die taal van onderrig en leer.

Baie kinders ervaar een of meer leerhindernisse. Hulle het dalk meer oefening en ondersteuning as ander leerders nodig. Leerhindernisse is faktore wat dit vir sommige leerders moeilik maak om wiskunde te leer. Voorbeelde van leerhindernisse word in die volgende diagram getoon.



## Figuur 29 Leerhindernisse



## In die praktyk ...



Van die maniere waarop jy alle leerders in jou Graad R-klaskamer kan insluit, is onder meer:

- 👉 Beplan jou lesse, aktiwiteite en materiaal om dit toepaslik te maak vir die behoeftes van verskillende leerders, bv. 'n wiskunde-probleem wat op 'n prent gegrond is, sal dalk 'n gedetailleerde beskrywing moet insluit om 'n leerder te help om op die belangrike aspekte van die prent te fokus.
- 👉 Gebruik baie verskillende praktiese aktiwiteite met konkrete voorwerpe.
- 👉 Gee vir leerders meer tyd en ondersteuning om aktiwiteite te voltooi, om te dink en/of vrae te beantwoord indien hulle dit nodig het.
- 👉 Dit kan help om die vlak waarop jy met 'n leerder werk met 'n kollega of die skoolondersteuningspan te bespreek om seker te maak jy gee aan hom/haar die bes moontlike ondersteuning. Jy sal ook dalk met die kind se ouers of versorgers en die distriksondersteuningspan moet opvolg om die leerder al die moontlike geleenthede vir leer en ontwikkeling te gee.

Skole moet seker maak dat alle klaskamers en onderwysers oor genoegsame en gepaste hulpbronne beskik om al die leerders te akkommodeer, ten spyte van leerhindernisse. Dit sluit die volgende in:

- \* onderwysers wat opgelei is om leerhindernisse te identifiseer
- \* diverse onderrigstrategieë
- \* 'n voldoende klaskameropset
- \* bestuurde klasgrootte
- \* klaskamerassisteente.



## In die praktyk ...



- 👉 Sif alle leerders wanneer hulle tot Graad R toegelaat word en teken jou bevindinge op 'n Leerderprofiel aan volgens die nasionale beleid vir Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAO) vir alle leerders.
- 👉 Ontwikkel 'n Individuele Ondersteuningsplan (IOP) vir enige leerders wat leerhindernisse ervaar. Hierdie inligting behoort met die ouers en/of versorgers gedeel te word sodat hulle bewus is van enige bykomende behoeftes en die ondersteuningsplan vir hul kind.
- 👉 Werk saam met die Skoolgebaseerde Ondersteuningspan om die nodige ondersteuning te verleen. 'n Leerder word na die Distriksgebaseerde Ondersteuningspan verwys indien bykomende ondersteuning vereis word.


## Perseptuele en motoriese ontwikkeling

Die ontwikkeling van perceptuele en motoriese vaardighede in jong leerders is uiterst belangrik om 'n grondslag vir alle toekomstige ontwikkeling en leer in wiskunde daar te stel. Sensoriese persepsie beteken dat die sintuie gebruik word om inligting oor die omgewing te verkry. Sensoriese perceptuele vaardighede is belangrik om wiskunde te leer, want dit help ons om die volgende te verstaan:

- ★ die manier waarop dinge met mekaar verband hou
- ★ ooreenkoms en verskille
- ★ grootte, vorm en patroon
- ★ ruimte en posisie
- ★ simbole en hul betekenisse.

Perseptuele vaardighede stel ons in staat om sin te maak van die wêreld om ons. Sensoriese inligting word deur ons vyf sintuie ingesamel, byvoorbeeld, wat ons oë sien, ore hoor, vel aanraak, tong proe en neus ruik.

Hierdie inligting word na ons brein gestuur. Die brein verwerk, organiseer en onthou hierdie inligting sodat ons dit later kan gebruik vir daagliks aktiwiteite, soos wanneer ons lees, teken, skryf, knip, legkaarte voltooi, wiskunde-probleme oplos, 'n storie geniet, aantrek, skoene in die kas vind, sing, asook baie ander vaardighede.



Figuur 30 Ons vyf sintuie



### In die praktyk ...



Neem leerders waar terwyl hulle binne en buite met verskillende toerusting speel.

👉 Kan hulle:

- ~ sê wat die verskil tussen verskillende klanke, verskillende woorde is?
- ~ die verskil tussen twee prente of groepe voorwerpe raaksien?
- ~ onthou wat hulle gesien en gehoor het?
- ~ 'n lys woorde of getalle in die korrekte volgorde herhaal?
- ~ op verskillende klanke, hul name, instruksies reageer?
- ~ die verskil tussen glad en grof voel?
- ~ die verskil tussen soet en suur proe wanneer hulle geblinddoek is?

Motoriese vaardighede is aksies wat die gebruik van ons spiere behels. Ons gebruik die groot spiere in ons liggamme vir groot motoriese vaardighede, bv. om 'n bal te skop, te hardloop en te spring. Ons gebruik kleiner spiere vir fyn motoriese aktiwiteite, bv. knip met 'n skêr, skryf en teken.

Sensoriese perceptuele motoriese ontwikkeling sluit die volgende in:

- ★ visuele persepsie
- ★ auditiewe persepsie
- ★ taktiele persepsie
- ★ kinestetiese persepsie.

*Grade R Maths* herken die belangrikheid van hierdie vaardighede vir die ontwikkeling van wiskunde-konsepte in Graad R-leerders.

#### **Visuele persepsie**

Visuele persepsie is die brein se vermoë om dit wat die oë sien te gebruik en hierdie inligting te interpreteer. Visuele persepsievaardighede is belangrik in wiskunde om voorwerpe te manipuleer, te teken, te lees en te skryf.

#### **Visuele diskriminasie**

Visuele diskriminasie is die vermoë om ooreenkomsste en verskille tussen voorwerpe raak te sien, byvoorbeeld, om verskille en ooreenkomsste tussen 2D-vorms soos prente van 'n vierkant en 'n reghoek te herken.

#### **Visuele motoriese koördinasie**

Visuele motoriese koördinasie is die vermoë van die oë, brein en spiere van die liggaam om saam te werk om aksies uit te voer. In wiskunde is dit belangrik vir aktiwiteite soos die hantering van voorwerpe, teken en skryf.

Aktiwiteite wat ons help om visuele motoriese koördinasie te ontwikkel, sluit in:

- ★ speletjies met balle en boontjiesakkie
- ★ die gebruik van boublokke
- ★ speel met voorwerpe wat rol of gly
- ★ die teken van patronen
- ★ knip en plak
- ★ ryg.

#### **Visuele sluiting**

Visuele sluiting is die vermoë om voorwerpe, prente of tekeninge wat nie voltooi is nie, te voltooi. Met ander woorde, die leerder kan 'n volledige voorwerp herken, al is die prent nie volledig nie. Leerders wat met visuele sluiting sukkel, sal dit byvoorbeeld moeilik vind om legkaarte te voltooi. Hulle kan dit ook dalk moeilik vind om te beskryf wat ontbreek in 'n prent wat slegs die regterkant van die gesig of liggaam toon, of hulle kan dit moeilik vind om die prent te voltooi.

## **Vormbehoud (vormkonstantheid) en vormpersepsie (herkenning)**

Vormbehoud of vormkonstantheid is die vermoë om te sê wat die verskil tussen vorms en simbole is, al verander hul grootte en posisie. Met ander woorde, dit beteken dat die konstante eienskappe van 'n voorwerp herken word. 'n Sirkel is byvoorbeeld 'n sirkel as gevolg van die vorm daarvan. Dit bly 'n sirkel, al is dit blou, pers, groot of klein, in 'n boek of in die sand getekен. Net so bly die getalsimbool "5" dieselfde, al word dit in verskillende kleure of groot of klein geskryf.

## **Visuele voorgrond-/agtergrond-persepsie**

Visuele voorgrond-/agtergrond-persepsie is die vermoë om die verskil tussen voorwerpe op die voorgrond en voorwerpe in die agtergrond te herken. Jy kan leerders help om hierdie vaardigheid te ontwikkel deur hulle te vra om spesifieke voorwerpe in 'n prent of in 'n versameling voorwerpe te identifiseer, bv. "Vind die meisie met die rooi broek in die prent", of "Vind die boks lemoene in die prent", of "Soek jou skoene in hierdie stapel skoene".

## **Visuele volgorde**

Visuele volgorde is die vermoë om voorwerpe of items in die korrekte volgorde te plaas nadat dit bekyk of waargeneem is. Help leerders om hierdie vaardigheid te ontwikkel deur hulle te vra om te kyk na 'n patroon met krale van verskillende kleure in 'n string en dan self die patroon te herhaal.

## **Visuele motoriese integrasie**

Visuele motoriese integrasie is die vermoë om sin te maak van visuele inligting en dit dan in 'n ander aktiwiteit, wat motoriese vaardighede vereis, te gebruik. Leerders gebruik visuele inligting en fyn motoriese vaardighede wanneer hulle byvoorbeeld getalle kopieer of voorwerpe voor hulle teken.

## **Visuele konseptualisering**

Visuele konseptualisering is die vermoë om prente in jou gedagtes (denkbeelde) te vorm op grond van ervarings, waarnemings en ander visuele inligting. Leerders gebruik hierdie vaardigheid wanneer hulle byvoorbeeld prente van iets soos 'n vertrek in hul huis of 'n familielid se huis teken.

## Ouditiewe persepsie

Ouditiewe persepsie is die vermoë van die brein om dit wat die ore hoor te gebruik en hierdie inligting te interpreteer. Ouditiewe persepsie is belangrik vir die ontwikkeling van taalvaardighede, om instruksies te volg en te verstaan, en om idees en inligting te deel en te bespreek.

### Ouditiewe diskriminasie

Ouditiewe diskriminasie is die vermoë om ooreenkomste en verskille in klank te herken, soos om die verskil tussen die woorde "reghoek" en "driehoek" te kan hoor.

### Ouditiewe geheue

Ouditiewe geheue is die vermoë om iets wat jy gehoor het, te kan stoor en onthou. Leerders gebruik hierdie vaardigheid wanneer hulle 'n stel instruksies volg of 'n getalreeks wat hardop gelees word, herhaal, byvoorbeeld, 4, 6, 8, 1.

### Ouditiewe voorgrond-/agtergrond-persepsie

Ouditiewe voorgrond-/agtergrond-persepsie is die vermoë om 'n klank tussen ander klanke te herken of dit van ander klanke te onderskei. Dit is ook die vermoë om op 'n spesifieke klank te fokus te midde van agtergrondgeraas. Hierdie vaardigheid maak dit vir leerders moontlik om te fokus op iets wat iemand in hul groep sê sonder dat hulle aandag afgelei word deur die geraas van ander groepe wat praat.

### Ouditiewe volgorde

Ouditiewe volgorde is die vermoë om voorwerpe of items in die korrekte volgorde te onthou nadat 'n lys gehoor is, byvoorbeeld, die volgorde van die getalle van 1 tot 10 of die maande van die jaar. Vra leerders om 'n paar van die dag se gebeure te beskryf om hulle te help om hierdie vaardigheid te ontwikkel.

## Taktiele en kinestetiese persepsie

Taktiele persepsie is die vermoë om die tassintuig te gebruik om die omgewing te verken. Kinestetiese persepsie is die bewustheid van liggaamsbewegings en -posisie/plek in ruimte. Hulle werk saam om inligting aan die brein te verskaf. 'n Aktiwiteit wat help om leerders se taktiele en kinestetiese persepsie te ontwikkel, is om leerders te vra om hul oë toe te maak en dan aan verskeie voorwerpe in 'n sak of kussingsloop te voel en dit te beskryf. Hulle kan byvoorbeeld sê iets het hoeke/is rond.

## 8. Die oefenbeginsel

### Definisié

Leerders behoort baie tyd te kry om nuwe vaardighede en kennis te oefen. Wanneer leerders gereeld oefening kry in wat hulle reeds geleer het, gaan hulle beter daarmee en doen dit met meer vertroue. Hulle geniet herhaling en oefening. Die Graad R-onderwyser behoort herhaaldelik vir leerders geleenthede te gee om nuwe vaardighede te oefen en te verbeter.



### In die praktyk ...



- 👉 Tel en probleemoplossing word elke dag as gereelde aktiwiteite gedoen – selfs as die fokus op ander konsepte soos vorm of meting is.
- 👉 Verskaf uiteenlopende materiaal en take sodat leerders vaardighede wat hulle so pas aangeleer het op verskillende maniere kan oefen.
- 👉 Wiskunde-konsepte kan ook oor die kurrikulum heen geoefen word, byvoorbeeld in aktiwiteite in Huistaal en Lewensvaardighede, soos stories, drama, verf en hindernisbane.

### Meer oor die oefenbeginsel

#### Gebruik rympies, liedjies en stories

Om saam liedjies en herhalende rympies te sing en stories te deel, is 'n genotvolle, nie-kompetenterende manier om te leer. Kinders leer wiskunde-konsepte en -vaardighede wanneer hulle rympies en liedjies herhaal, en weer en weer na stories luister. Hulle leer en oefen:

- ✳ getalname (bv. "Daar was drie klein meerkatte ...")
- ✳ die volgorde van getalname
- ✳ om aan en terug te tel
- ✳ om groepe dinge te tel
- ✳ informele berekeninge, bv. optel en aftrek
- ✳ die volgorde van gebeure.



### In die praktyk ...



- 👉 Voeg beweging, ritme en musiek by liedjies, rympies en stories om dit selfs nog prettiger te maak. Erfarings wat al ons sintuie gebruik, help leerders om dinge makliker te onthou.
- 👉 Moedig ouers en ander versorgers aan om die stories, liedjies en rympies wat jy met die leerders gebruik, te leer. Sodoende word dit vir kinders 'n belangrike skakel tussen aktiwiteite by die huis en by die skool.

## Wiskunde-integrasie in die dagprogram vir Graad R

Onderwysers moet die verband tussen wiskunde, die daaglikse roetine en ander vakke (soos Huistaal en Lewensvaardighede), asook die verband tussen wiskunde en leerders se daaglikse lewens duidelik maak. Onderwysers moet ook alle geleenthede aangryp om wiskunde-vaardighede te oefen.



### In die praktyk ...



Leerders is meer geneig om belang te stel om wiskunde te leer en sal dit makliker verstaan indien hulle kan sien dat wiskunde sinvol en nuttig in hul eie lewens is. Onderwysers kan op die volgende maniere help:

- 👉 Wees meer bewus van hoe wiskunde deel is van hul eie persoonlike en professionele lewens.
- 👉 Wys leerders hoe wiskunde in die daaglikse lewe gebruik word, bv. wanneer jy geld gebruik om iets te koop.
- 👉 Integreer wiskunde-aktiwiteite met ander aktiwiteite in die klaskamer en buite:
  - ~ gebruik ordinale getalle "eerste", "tweede" en "derde" wanneer leerders in 'n ry staan
  - ~ verwys na posisie en rigting wanneer leerders speel
  - ~ praat oor "meer" en "minder" wanneer leerders vrugte, brood en/of sap deel.
- 👉 Betrek wiskunde-konsepte, soos grootte, meting, tyd, skatting, tel, vergelykings, vorm en/of afstand wanneer jy vir die leerders stories lees.

Onderrig wiskunde-konsepte gedurende die wiskunde-fokustyd vir Graad R, en wees op die uitkyk vir ander geleenthede om wiskundetaal en -konsepte gedurende die dag te ontwikkel. Dit:

- 👉 help leerders om 'n begrip te ontwikkel van hoe verskillende kennisareas met mekaar verband hou
- 👉 verseker 'n meer holistiese of volledige leerervaring
- 👉 gee vir leerders meer geleenthede om dit wat hulle geleer het, te oefen.

# AFDELING 2

---

## Wiskunde in die dagprogram vir Graad R

### Inleiding

Die *Grade R Maths*-program is ontwikkel om die Wiskunde-kurrikulum vir Graad R te versterk en te ondersteun. *Grade R Maths*:

- ★ behels die inhoud van Graad R-Wiskunde in die KABV, soos uiteengesit in die vyf inhoudsareas, en brei daarop uit
- ★ moedig ondersoek-gebaseerde leer aan deur voorstelle te maak wat leerders se natuurlike nuuskierigheid om hul omgewing te verken, uitbrei
- ★ bied aktiwiteite wat leerders aanmoedig om wiskunde-konsepte te ondersoek en te verken
- ★ moedig onderwysers aan om met leerders te praat oor hul denke en om hulle te help om hul idees uit te druk
- ★ stel maniere voor waarop leerders kan beplan, kan waarnem en inligting kan insamel, en daarna hul bevindings kan vergelyk, sorteer, klassifiseer en interpreteer
- ★ bied toepaslike materiaal en hulpbronne aan.

### Wiskunde-inhoudsareas

In die Grondslagfase (wat Graad R insluit) dek wiskunde vyf inhoudsareas. Elke inhoudsarea lewer 'n bydrae om die leerder te help om spesifieke wiskunde-kennis en -vaardighede te ontwikkel. Die inhoudsareas is:

- ★ Getalle, Bewerkings en Verwantskappe
- ★ Patrone, Funksies en Algebra
- ★ Ruimte en Vorm (Meetkunde)
- ★ Meting
- ★ Datahantering

Jy kan in die KABV en in Afdeling 3 van hierdie gids (bladsy 55), meer oor elke inhoudsarea uitvind.

### Gewig van wiskunde-inhoudsareas

Die KABV stel voor dat die onderrigtyd vir Wiskunde in Graad R 23 uur per week behoort te wees. Die KABV ken egter nie gewig toe of gee nie 'n uiteensetting van die tyd wat in Graad R aan elke inhoudsarea

in elke kwartaal afgestaan behoort te word nie. Die gewigsaanduiding van Wiskunde-inhoudsareas het 'n tweeledige doel:

- ★ Dit gee 'n aanduiding van die tydsduur wat benodig word om die inhoud binne elke inhoudsarea grondig te onderrig.
- ★ Dit gee riglyne oor hoeveel gewig om aan die verskillende dele van die Graad R-Wiskunde-kurrikulum te verleen tydens assessering.

Die *Grade R Maths*-program stel 'n benaderde gewig vir die inhoudsareas voor. Dit is op die volgende gebaseer:

- ★ Al die inhoudsareas is ewe belangrik, selfs al word ewe veel tyd nie aan elkeen afgestaan nie.
- ★ Sommige inhoudsareas vereis meer tyd vir konsepontwikkeling, soos Getalle, Bewerkings en Verwantskappe, en Ruimte en Vorm (Meetkunde).

Die *Grade R Maths*-program fokus elke week op 'n spesifieke inhoudsarea, en verseker terselfdertyd vaslegging en integrasie van nuwe kennis. Die *Aktiwiteitsgids* vir elke kwartaal organiseer die inhoud en getal weke rondom hierdie gewig om te verseker dat die KABV se inhoudsarea-onderwerpe en belangrike konseptuele ontwikkeling gedek word. Die tabel hieronder toon die aantal weke wat elke kwartaal vir elke inhoudsarea nodig is.

**Tabel 1** Getal weke per inhoudsarea vir elke kwartaal

Gewig vir Graad R-Wiskunde-inhoud							
Inhoudsarea	Onderwerp	Kwartaal 1-weke	Kwartaal 2-weke	Kwartaal 3-weke	Kwartaal 4-weke	Totale getal weke per jaar	Totale % tyd
<b>Getalle, Bewerkings en Verwantskappe</b>	Tel Getalherkenning Getalbegrip (verwantskappe) Probleemoplossing Berekening	3	4	5	5	17	42,5
<b>Patrone, Funksies en Algebra</b>	Herken, kopieer en brei eie patronen uit	1	1	1	1	4	10
<b>Ruimte en Vorm (Meetkunde)</b>	Posisie, oriëntasie en aansig 3D-voorwerpe en 2D-vorms Simmetrie	4	3	2	2	11	27,5
<b>Meting</b>	Tyd	1				4	10
	Lengte		1				
	Massa			1			
	Kapasiteit/Volume				1		
<b>Datahantering</b>	Versamel, sortering, voorstelling en ontleding van voorwerpe	1	1	1	1	4	10
<b>Totale getal weke</b>		10	10	10	10	40	100

# Wiskunde en die dagprogram vir Graad R

## Die dagprogram


Die dagprogram vir Graad R is 'n tydrooster met sy eie unieke kenmerke. Dit is nie dieselfde as die tydrooster wat in ander grade in die skool gebruik word nie. Dit maak voorsiening vir die leerders se ontwikkelingsbehoeftes terwyl dit ook die beleidsvereistes van die KABV in aanmerking neem.

Die diagram van die dagprogram vir Graad R (Figuur 31) sluit 'n uiteensetting van benaderde tyd in as 'n riglyn vir onderwysers. Hierdie tye moet in Graad R buigbaar wees, maar moet die volgende insluit:

- ❖ 4 uur en 36 minute per dag (of 23 uur per week) van kontaktyd vir leer en onderrig
- ❖ aktiwiteite wat drie vakke dek: Huistaal (10 uur per week), Wiskunde (7 uur per week) en Lewensaardighede (6 uur per week).

Elkeen van die vakke het 'n daaglikse fokussessie en word ook heeldag met ander aktiwiteite geïntegreer. Die dagprogram in Figuur 31 beklemtoon fokustyd vir wiskunde, asook geleenthede vir toevallige leer van wiskunde. Leer van wiskunde vind plaas in:

- ❖ sessies vir die hele klas waar leerders as een groot groep met die onderwyser in interaksie is
- ❖ onderwyser-gerigte kleingroepsessies waar tot agt leerders saam met die onderwyser werk
- ❖ kleingroepsessies waar tot agt leerders onafhanklik by tafels (werkstasies) aan aktiwiteite werk
- ❖ vryekeuse-sessies waar leerders self kies wat hulle wil doen uit 'n keuse van aktiwiteite wat deur die onderwyser uitgepak word (eie keuse).




Figuur 31 Voorbeeld van GDO se Dagprogram vir Graad R

## Die tydstoekening vir Graad R-Wiskunde

Die tyd wat aan Graad R-Wiskunde toegeken word, is sewe uur per week en 1 uur 24 minute (84 minute) per dag. Hierdie tyd word elke dag verdeel in:


- ❖ 50 minute van wiskunde-fokustyd en onderrigaktiwiteite
- ❖ 34 minute van geïntegreerde leer, gestruktureerde aktiwiteite en onafhanklike leerderaktiwiteite binne en buite die klaskamer.

Figuur 32 is 'n voorstel van hoe jy die daaglikske tydstoekening van 1 uur 24 minute kan gebruik.



**Figuur 32** Voorgestelde gebruik van daaglikske tyd vir wiskunde

Figuur 33 wys hoe elke dag se fokustyd vir wiskunde in *Grade R Maths* gestruktureer is.



**Figuur 33** Daaglikske fokustyd vir wiskunde in *Grade R Maths*

Bykomende aktiwiteite wat vir leerders aangebied kan word, sluit in:

- ★ bou van legkaarte
- ★ aktiwiteite met speeldeeg
- ★ konstruksie-aktiwiteite
- ★ opvoedkundige speletjies
- ★ boekhoekie – “lees”
- ★ werkboeke en werksblaie van Departement van Basiese Onderwys (DBO)

Sodra die fokustyd vir wiskunde voltooi is, help al die leerders om op te ruim en dan vind die oorgang na die volgende deel van die dagprogram plaas.

## Hoe om jou klaskamer vir die daaglikse wiskundesessie in te rig

Volg hierdie riglyne om jou te help om elke dag die *Grade R Maths*-program in jou klaskamer te implementeer.

Die fokustyd vir Graad R-Wiskunde behoort georganiseer en beplan te word vir 'n kombinasie van aktiwiteite vir die hele klas en kleingroepaktiwiteite. Groepe van verskillende groottes voldoen aan verskillende onderrig- en leerdoelwitte. Die keuse van 'n groot of kleiner groep sal afhang van die onderrig- of assessoringsaktiwiteit wat die onderwyser beplan het. Om 'n groot klas te bestuur is uitdagend, veral as die onderwyser beplan om op individuele leerders te fokus en leerders met leerhindernisse insluit.

### Wiskundesessies vir die hele klas

Wiskundesessies vir die hele klas duur gewoonlik 15 tot 25 minute en al die leerders sit saam met die onderwyser in 'n kring.

Die volgende wiskunde-aktiwiteite kan in sessies vir die hele klas gedoen word:

- ★ vaslegging en oefening van konsepte wat vroeër onderrig is
- ★ bekendstelling van 'n nuwe konsep
- ★ uitbreiding van die konsep wat die hooffokus van die week is
- ★ mondelinge/ritmiese tel (rympies, liedjies, volgorde van getalle)
- ★ hoofrekene (stel probleme, geheuespeletjies)
- ★ gee instruksies vir die take wat in die kleingroepsessies gedoen moet word terwyl jy met die onderwyser-gerigte aktiwiteit besig is.



Figuur 34. 'n Wiskundesessie vir die hele klas

### Kleingroepsessies vir wiskunde

In kleingroepsessies word die klas in vyf groepe leerders verdeel. Elke dag werk een groep saam met die onderwyser (onderwyser-gerigte aktiwiteit), terwyl die ander vier groepe onafhanklik aan wiskunde-aktiwiteite werk wat die onderwyser beplan het.

Die voordeel daarvan om kleingroep- onderwyser-gerigte en onafhanklike aktiwiteite te beplan, is die volgende:

- ★ Minder hulpbronne is vir 'n klein groep as vir 'n hele klas nodig, byvoorbeeld, skêre, tellers, blokkies, ens.
- ★ Elke leerder kry 'n geleentheid om die materiaal en hulpbronne te hanteer.
- ★ Dit moedig interpersoonlike vaardighede aan, byvoorbeeld, deel, beurte maak, praat en luister.
- ★ Leerders aanvaar verantwoordelikheid vir groepstake, soos om op te ruim.
- ★ Die onderwyser kan instruksies en vrae op die vlak van die groep rig.
- ★ Die onderwyser kan elke leerder individueel waarneem om onafhanklike vaardighede te verseker.

Die gebruik van klein groepe gee onderwysers die geleentheid om leerders met soortgelyke vlakke van vaardigheid en vermoë saam te groepeer. Die onderwyser kan met ander woorde leerders groepeer volgens die vlak van ondersteuning wat hulle nodig het om doeltreffend te leer.

In die loop van vyf dae roteer die groepe elke dag na 'n ander aktiwiteit. Dit beteken dat al die leerders in 'n week die geleentheid kry om die **onderwyser-gerigte gefokusde aktiwiteit** en vier ander kleingroepaktiwiteite (**'n totaal van vyf verskillende wiskunde-aktiwiteite**) te voltooi. Die vier onafhanklike aktiwiteite (of **selfstandige aktiwiteite**) behoort by vier **werkstasies** in die klaskamer opgestel te word – of by die tafels waar die leerders sit of staan, of op die mat, of buite. Die groepe roteer in die loop van 'n week, afhangend van hoe die onderwyser die aktiwiteite beplan het.



## In die praktyk ...



### Maniere om leerders vir wiskunde in groepe te verdeel

Die deurlopende waarneming van leerders tydens aktiwiteite binne en buite sal vir onderwysers insig gee in die leerders se vermoëns en belangstellings. Hierdie insigte sal dan help om leerders in verskillende groepe te verdeel. Die groepe kan volgens vermoë ingedeel word of kan bepaal word deur die leerders se bevoegdheid in 'n nuwe vaardigheid.

- 👉 Groepe met dieselfde vermoëns: In hierdie groepe is leerders op 'n soortgelyke ontwikkelingsvlak. Soms is dit makliker om nuwe wiskunde-konsepte te onderrig in hierdie groepe, aangesien sommige leerders meer tyd sal nodig hê om 'n taak te voltooi, terwyl ander meer uitdagende take sal nodig hê. Somtyds sal jy wil hê dat leerders met leerhindernisse alleen saam met jou moet werk om konsepte soos een-tot-een-ooreenstemming en tel van versamelings vas te lê, en soms sal jy meer gevorderde leerders se vaardighede wil uitbrei deur vir hulle uitdagende wiskunde-probleme te gee.
- 👉 Groepe met gemengde vermoëns: In hierdie groepe het leerders verskillende vlakke van vaardighede en begrip van 'n konsep. Hierdie soort groepe werk goed vir konstruksie, meting, aktiwiteite wat patronen en sortering behels, en speletjies.

Watter manier jy ook al kies om jou leerders in groepe te verdeel, die groepe behoort nie vir 'n lang tydperk dieselfde te bly nie en elke groep behoort hul eie simbool (prent of vorm) en naam te hê.

### Onderwyser-gerigte kleingroepaktiwiteite

In die onderwyser-gerigte aktiwiteit werk die onderwyser saam met een groep leerders terwyl die ander groepe besig is met die beplande aktiwiteite by een van die ander vier werkstasies.

Die volgende aktiwiteite werk die beste vir die onderwyser-gerigte kleingroepsessies:

- ✳ vaslegging en oefening van konsepte wat voorheen onderrig is
- ✳ verdieping van begrip van 'n nuwe konsep.



## In die praktyk ...



### Wenze vir onderwyser-gerigte kleingroepaktiwiteite vir wiskunde

- 👉 Voltooi aktiwiteite wat fokus op die wiskunde-konsep wat vir daardie week in Graad R-Wiskunde beplan word.
- 👉 Werk op die vloer of by 'n tafel met die leerders.
- 👉 Maak die sessie interaktief, waar jy en die leerders deelneem.
- 👉 Die fokus moet daarop wees om mondeling en prakties met die leerders te werk.



Figuur 35 Pas tellers by getalkaarte

### Kleingroepaktiwiteite

Die volgende aktiwiteite werk die beste in die kleingroepkonteks waar leerders onafhanklik van die onderwyser werk:

- ✳ vaslegging en oefening van konsepte wat voorheen onderrig is
- ✳ ondersoek van die nuwe konsep wat die hooffokus van die week is
- ✳ oefening van die konsep wat die hooffokus van die week is.



### In die praktyk ...



#### Wenze om onafhanklike kleingroepaktiwiteite vir wiskunde te beplan en te bestuur

- 👉 Leerders met 'n spektrum van verskillende vermoëns moet die aktiwiteite kan voltooи.
- 👉 Die aktiwiteite moet sinvol wees vir die leerders.
- 👉 Die aktiwiteite moet duidelik en eenvoudig genoeg wees sodat die leerders dit kan voltooи sonder om die onderwyser te vra om te help.
- 👉 Indien leerders stadig werk, ondersoek die redes daarvoor. Verander die aktiwiteit, of pas dit aan, indien nodig.
- 👉 Leerders moet verantwoordelik wees vir die voltooiing van hul aktiwiteite, en behoort nie die onderwyser, wat met die onderwysergerigte aktiwiteit besig sal wees, te steur nie.
- 👉 Leer vir die leerders eenvoudige reëls oor wat om te doen en hoe om hulle te gedra tydens kleingroepaktiwiteite: hoe om hul werk op te ruim/weg te pak wanneer hulle klaar is; en hoe om hulle te gedra tydens oorgangsaktiwiteite. Herhaal die reëls daagliks totdat die leerders dit ken en dit outomatis volg. Dit neem tyd! Wees konsekwent. Help leerders sagkens reg indien hulle nie die reëls nakom nie.

### Vrykeuse-aktiwiteite

Daardie leerders wat hul individuele kleingroepaktiwiteit voor die einde van die wiskunde-sessie voltooи, behoort bykomende aktiwiteite te kry. Hierdie aktiwiteite behoort as versterking te dien van die wiskundeinhoud wat jy onderrig het. Leerders kies 'n aktiwiteit uit dit wat deur die

onderwyser uitgepak word. Hierdie aktiwiteite behoort 'n wiskunde-fokus te hê, byvoorbeeld, 'n legkaart, blokkies wat opmekaar gestapel word, teken, inkleur, maak van vorms, sortering van vorms, of rolspel.

## Beweging tussen aktiwiteite (oorgange)

'n Oorgang is die tydanneer leerders van een aktiwiteit na 'n ander beweeg. Wanneer die wiskundesessie vir die hele klas byvoorbeeld voltooi is, moet die klaskamer opgeruim word en vir die volgende sessie voorberei word. Oorgangstye behoort gebruik te word om Wiskunde, Huistaal en Lewensvaardighede te oefen, soos mondelinge tel en patronen klap.

Onderwysers wat oorgange beplan en bestuur, sal meer waarskynlik kalm, georganiseerde klaskamers met gelukkige, samewerkende en stresvrye leerders hê.



### In die praktyk ...



#### Wenke om wiskunde tydens oorgange uit te lig

- 👉 Gee vir die leerders genoeg waarskuwing voordat hulle aktiwiteite moet verander, bv. "Oor twee minute gaan ons die sessie voltooi."
- 👉 Gee duidelik instruksies, bv. "Pak eers dit waarmee julle besig is weg, en kom staan dan stil by die deur in 'n ry/sit in 'n kring."
- 👉 Gebruik aktiwiteite wat hul aandag trek, soos die tel van die aantal handeklappe, getalliedjies en -rympies en getalseine (tel op/af).

## Beplanning en voorbereiding van wiskundelesse

Daar is nagenoeg 40 weke in die jaar. Jy sal deeglik vir elke week moet beplan.

### In die week voor die les


- ★ Lees die toepaslike afdelings van die *Konsep gids* en *Aktiwiteitsgids*. Dit verduidelik die inhoud en konsepte wat onderrig sal word, en gee voorstelle vir toepaslike aktiwiteite en besprekings.
- ★ Beplan aktiwiteite en berei dit voor in die week voordat dit onderrig sal word.
- ★ Identifiseer die fokus van assessering. (Meer inligting oor assessering word op bladsy 49 verskaf.)
- ★ Berei die hulpbronne vir die week voor en rig die klaskamer in.
- ★ Sommige hulpbronne moet lank voor die tyd versamel word, bv. eierboksies, kartontoiletrolle, jogurtbakkies, melkbottels of voorwerpe om te sorteer.

### Gedurende die week

- ★ Fokus daarop om die wiskunde-konsep wat daardie week onderrig word, te verstaan.
- ★ Lees die toepaslike afdeling in die *Konsep gids*.
- ★ Sorg elke dag dat jy die hulpbronne het wat vir die volgende dag se aktiwiteite nodig is.
- ★ Raak lank voor die tyd vertrouyd met die aktiwiteite. Onderwysers moet nooit beplan terwyl leerders sit en wag vir 'n aktiwiteit om te begin nie.

# Hulpbronne vir die Grade R Maths-program

Die *Grade R Maths*-program bestaan uit vier komponente.



**Figuur 36** Die komponente van die *Grade R Maths*-program

## Konsepgids (hierdie boek)

Hierdie boek bied:

- ★ die beginsels wat die *Grade R Maths*-program vir die onderrig van wiskunde aan jong leerders steun
- ★ leiding oor hoe om jou klaskamer vir doeltreffende onderrig en leer in te rig
- ★ voorstelle oor hoe om wiskunde in Graad R te onderrig
- ★ 'n uiteensetting van die wiskunde-inhoud wat in die *Grade R Maths*-program onderrig behoort te word
- ★ riglyne oor hoe om *Grade R Maths* te gebruik
- ★ 'n woordelys.

## Aktiwiteitsgidse

Daar is vier *Aktiwiteitsgidse* – een vir elke skoolkwartaal. Elke *Aktiwiteitsgids* behels:

- ★ 'n oorsig van wat in die kwartaal gedek sal word
- ★ wiskunde-onderwerpe waarop daar in elke week gefokus moet word
- ★ voorgestelde aktiwiteite vir elke week: aktiwiteite vir die hele klas, onafhanklike en onderwyser-gerigte kleingroepaktiwiteite
- ★ onderrigwenke vir die beplanning en organisering van wiskunde-aktiwiteite
- ★ wiskunde-woordeskat wat elke week deur middel van die aktiwiteite geleer word
- ★ inligting oor die hulpbronne wat elke week benodig word
- ★ hulpbronne, soos rympies, liedjies en patroontemplate.

## Plakkaatboek

Die *Plakkaatboek* is 'n groot boek wat elf plakkate bevat. Die plakkate is veronderstel om tydens aktiwiteite vir die hele klas en tydens onderwysergerigte kleingroepaktiwiteite gebruik te word. Dit help om wiskunde met die alledaagse lewe in verband te bring; dit kan op verskillende maniere gedoen word, soos om te tel, en deur posisie en rigting, tyd (volgorde van gebeure) en probleemoplossing te bespreek.

## Hulpbronstel

Hierdie *Hulpbronstel* bevat noodsaaklike onderrig- en leermateriaal wat gereeld as deel van die onderwyser-gerigte aktiwiteite gebruik sal word.

Die stel bevat genoeg apparaat vir 'n groepie van ses tot agt leerders.

Elke stel bevat die volgende, soos aangetoon in Figuur 4 op bladsy 6:

- ★ telmateriaal, bv. gekleurde skywe en stokkies, vrugte- en dieretellers, en Unifix-blokkies
- ★ ekstragroot dobbelstene
- ★ stringe met tien struktuurkrale
- ★ getalkaarte: getalsimbole (0–10) en getallewoorde (nul–tien)
- ★ attribuutblokke
- ★ kolkaarte.

## Ander hulpbronne

- ★ KABV-beleidsdokumente
- ★ DBO-werkboek en ander hulpbronne

Bykomende hulpbronne (nie verskaf nie) wat nodig is vir *Grade R Maths-aktiwiteite* sluit in:

- ★ "pizzaboks"
- ★ 'n lengtekaart
- ★ ekstragroot speelkaarte
- ★ dobbelstene: met getalle en vorms
- ★ speelgeld: munte en note
- ★ 'n kalender vir die huidige jaar
- ★ 'n groot muurhorlosie met wysters
- ★ 'n balanseerskaal
- ★ handpoppe
- ★ patroonblokke (attribuutblokke) en kaarte
- ★ pennetjiebord en pennetjies
- ★ boontjiesakkies
- ★ groot en klein balle
- ★ krale om te tel, te sorteer, in te ryg en patronen mee te maak (en veter)'
- ★ boublokke en borde
- ★ Lego: verskillende groottes en vorms
- ★ konstruksie-speelgoed
- ★ legkaarte: 8, 12, 20, 36 en 48 stukke
- ★ modelleerklei/speeldeeg
- ★ koekiedrukkers

- ★ kartonbokse van verskillende groottes en met verskillende vorms
- ★ 'n verskeidenheid plastiekbottels en -houers om kapasiteit te beskryf en te vergelyk
- ★ wiskunde-speletjies: Lotto, Ludo, slangetjies-en-leertjies, legkaarte, domino's (wat kleur, vorm, getalle, plasing in volgorde, pas bymekaar, klassifikasie en geheuespeletjies insluit)
- ★ toerusting om in sand en water mee te speel
- ★ stapelkoppies van verskillende groottes
- ★ apparaat vir klim, balanseer, swaai en touspring
- ★ 'n speelwinkel met items wat met speegeld gekoop kan word
- ★ tellers vir sortering
- ★ opgaarbokse of -houers: 40 liter, 5 liter en 2 liter.

## Assessering in Graad R

In Graad R is assessering 'n deurlopende, beplande proses waartydens inligting oor elke leerder ingesamel, ontleed en geïnterpreteer word. Dit behoort hoofsaaklik **formatief** en informeel te wees. Met ander woorde, die inligting wat tydens die assessering oor die leerders se vordering ingesamel word, behoort jou te help om leeraktiwiteite te beplan en/of aan te pas. In Graad R word assessering gebruik om besluite te maak oor die beste manier om elke leerder se ontwikkeling te ondersteun.

Assessering is die skakel tussen die KABV se vakinhoud, en onderrig- en leeraktiwiteite. Jy kan nie assesseer wat jy nie onderrig het nie. Die doel van assessering is om:

- ★ die vlak van elke leerder te bepaal
- ★ riglyne vir beplanning te gee en onderrig te rig
- ★ elke leerder se ontwikkelingsprogressie aan te moedig
- ★ te help om nuttige verslae oor leerders se prestasies te genereer.

### WOORDELYS

#### **formatiewe assessering**

assessering wat inligting verskaf terwyl leer plaasvind en wat leerders se vordering meet



### In die praktyk ...



#### Assesseringswenke

- 👉 Assessering moet nooit leerders angstig of bang laat voel nie.
- 👉 Assesseringsaktiwiteite behoort toepaslik te wees en behoort by elke leerder se aandagspan te pas.
- 👉 Terwyl jy besig is om 'n klein groep van ses tot agt leerders waar te neem tydens die onderwyser-gerigte gefokusde aktiwiteit, behoort die ander leerders in hul klein groepe by verskillende werkstasies onafhanklik te werk aan aktiwiteite.
- 👉 Werk elke dag met een klein groep van ses tot agt leerders aan 'n spesifieke aktiwiteit (afhangend van hoeveel leerders in die klas is). Terwyl die leerders besig is met die aktiwiteit, neem elke leerder in die klein groep goed waar en vra vrae om insig in hul denke te kry.
- 👉 Inligting oor dit wat leerders weet en kan doen (of "bewyse") behoort deurlopend (daagliks) oor tyd heen ingesamel te word.
- 👉 Inligting oor wat jy waargeneem het, behoort aan die einde van die dag, na onderrigtyd, opgeteken te word.

Dit is die beste om baie verskillende maniere te gebruik om leerders te assesseer. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- ★ Neem leerders waar tydens aktiwiteite vir die hele klas, onderwyser-gerigte kleingroepaktiwiteite en vryspel binne en buite die klaskamer.
- ★ Teken leerders se begrip van spesifieke wiskunde-konsepte gedurende en na onderwyser-gerigte aktiwiteite aan.
- ★ Vrae en gesprekke met individuele leerders of klein groepe leerders kan jou help om die vlak en diepte van leerders se denke en redenasies te verstaan.
- ★ Kyk goed na die dinge wat leerders doen en opteken (deur prente, tekeninge, voorwerpe en/of "skryfwerk" te gebruik). Dit wys vir jou wat die leerders verstaan en bereik het.
- ★ Wanneer jy na leerders se terugvoering (prakties, mondeling, geskrewe) luister en dit opteken, stel dit jou in staat om deurlopende assessorering te doen.

Jy moet die volgende aspekte van alle leerders deurlopend assesseer:

- ★ wiskunde-kennis
- ★ begrip van wiskunde
- ★ wiskunde-vaardighede
- ★ antwoorde op probleemoplossing
- ★ maniere waarop hulle dinge doen. (Leerders gebruik hul eie maniere om wiskunde-probleme op te los. Dit verskil dalk baie van jou metodes, maar dit beteken nie hul metodes is verkeerd nie.)

Deurlopende assessorering is veral belangrik om onderwysers te help om aktiwiteite te beplan, leerders se vordering te monitor, en bykomende ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar, te beplan. (Meer inligting oor leerhindernisse word op bladsye 29–30 verskaf.)


## Assesseringsinstrumente

In Graad R is die fokus van assessorering nie daarop om punte te gee nie, maar eerder om omvattende beskrywings te gee en tred te hou van leerders se vordering. Onderwysers behoort die volgende assessoringsinstrumente te gebruik.

### Waarnemingsboek

In Graad R behoort die onderwyser leerders binne en buite die klaskamer waar te neem, tydens vryspel en gestruktureerde aktiwiteite. Hierdie waarnemings sal vir onderwysers kritieke inligting gee wat hul beplanning en keuse van take behoort te rig. Gedurende die wiskunde-fokustyd, sal die onderwyser elke dag met een groep werk. Die onderwyser sal 'n spesifieke aktiwiteit beplan wat gekoppel is aan 'n konsep in die KABV. Terwyl die leerders besig is met hierdie aktiwiteit, sal die onderwyser elke leerder goed waarneem en vrae vra om insig in die leerder se denke en vlak van begrip te kry.

Wanneer die leerders huis toe is, sal die onderwyser die bevindinge van hierdie en ander toevallige waarnemings opteken. Dit is nuttig om 'n geïndekseerde boek te gebruik om leerders volgens die eerste letter van hul naam te skei.



**Figuur 37** Neem leerders waar en teken dan jou waarnemings op

### Kontrolelyste

'n Kontrolelys is 'n lys assessoringskriteria wat 'n opsomming gee van elke leerder se vaardighede en vermoëns vir elke vak. Aan die einde van elke *Aktiwiteitsgids* van die *Grade R Maths*-program is daar 'n assessoringskontrolelys vir die kwartaal. Hierdie kontrolelys bied 'n samevatting van die nuwe inhoud wat gedurende daardie kwartaal onderrig is. Die onderwyser kan simbole gebruik om die leerder se prestasievlek aan te dui. Maak byvoorbeeld 'n regmerkie indien die vaardigheid bereik is, maak 'n kruisie indien dit nie bereik is nie, en maak 'n kolletjie om aan te dui dat die leerder nog nie volkome bevoeg is nie, maar aanduidings toon dat hulle op pad is om die vaardigheid te bereik.

Figuur 38 gee 'n voorbeeld van hoe die inhoud wat die onderwyser moet opteken, gerangskik kan word. Leerders se name word in die eerste kolom opgeteken, gevvolg deur die assessoringsdatum. 'n Simbool (  ) behoort dan langs die leerder se naam gemaak te word om ooreen te stem met die konsep of vaardigheid wat in elke kolom gelys word. Hierdie assessoringsinstrument is slegs nuttig indien onderwysers elke leerder baie goed ken, gebaseer op hul deurlopende waarnemings en die notas wat hulle in hul waarnemingsboek opteken.

## Kwartaal 1: Voorbeeld van Verslag van Deurlopende Assesserings

### **Figuur 38** Voorbeeld van 'n kontrolelys

## Rubrieke

'n Rubriek is nog 'n instrument om leerders se prestasies te assesseer. Dit bestaan ook uit 'n lys kriteria met 'n beskrywing van prestasievlake vir 'n spesifieke vaardigheid. Elke beskrywing verduidelik wat die leerder werklik doen of produseer tydens 'n assesseringstaak vir daardie kriteria. 'n Rubriek moet goed geskrewe beskrywings en prestasievlake verskaf sodat dit akkuraat gemeet kan word teen elke leerder se prestasie. Die rubriek stel dan die onderwyser in staat om meer objektief en konsekwent te wees in hul assessering en rig hul beplanning van verdere onderwyseraktiwiteite, aangesien dit die sterk punte en gapings in die leerders se kennis uitlig.

Figuur 39 gee 'n voorbeeld van 'n rubriek vir die oplossing van optelprobleme tot by 10 op 'n praktiese wyse.

Kriteria	Nie bereik nie [1]	Elementêre prestasie [2]	Gemiddelde prestasie [3]	Bevredigende prestasie [4]	Substansiële prestasie [5]	Meriteprestasie [6]	Uitnemende prestasie [7]
Los optel-probleme prakties op tot by 10.	Kan nie probleme prakties oplos nie.	Kan probleme prakties oplos met behulp van konkrete apparaat.	Kan probleme prakties oplos, maar kan nie oplossings-metode verduidelik nie.	Kan probleme prakties oplos en beskryf oplossings-metode wanneer daarvoor gevra word.	Kan probleme prakties oplos en beskryf oplossings-metode onafhanklik.	Kan probleme prakties oplos en kan oplossings-metode verduidelik.	Kan probleme prakties oplos en kan oplossings-metode verduidelik en alternatiewe metodes voorstel.

**Figuur 39** Voorbeeld van 'n rubriek

Die vlak-beskrywings in die rubriek kan gekoppel word aan prestasiekodes. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) verskaf 'n prestasiekode en beskrywing van bevoegdheid, en koppel dit aan persentasies (sien Figuur 40). Vir doeleindest van verslagdoening kan die prestasiekodes en beskrywings in persentasies omgeskakel word.

Prestasiekode	Beskrywing van vaardigheid	Persentasie
7	Uitnemende prestasie	80–100
6	Merieteprestasie	70–79
5	Substansiële prestasie	60–69
4	Bevredigende prestasie	50–59
3	Gemiddelde prestasie	40–49
2	Elementêre prestasie	30–39
1	Nie bereik nie	0–29

#### Figuur 40 Prestasiekodes

In Graad R is die fokus van assessorering op die beskrywing van prestasie eerder as op die evaluering daarvan teen persentasies. Verslae wat aan ouers en ander onderwysers gedetailleerde beskrywings gee van wat leerders doen en produseer, is van veel meer waarde wanneer prestasie geassesseer word as wat persentasies is. Dit is raadsaam om negatiewe waardebepalende assessorings wat leerders vroeg in die stelsel laat misluk te vermy. Assessorings behoort gebruik te word om insig te kry in die leerders se prestasievlek en om dan beplanning en onderrig aan te pas om sodoende elke leerder in die klas te akkommodeer en aan te moedig.

Jy sal jou assessoringswaarnemings en ander “bewyse” in ‘n joernaal, en op ‘n waarnemingsblad of kontrolelyse, moet opteken. Sodoende sal ‘n volledige beeld van elke leerder, met al sy/haar sterk punte en swak punte, deur die jaar opgebou word.

# AFDELING 3


## Wiskunde in Graad R

### Inleiding

Hierdie afdeling van die *Konsepgids* bied 'n oorsig van die inhoudsareas van die KABV vir Graad R-Wiskunde en:

- ★ bied praktiese idees vir implementering in die klaskamer
- ★ verduidelik die wiskunde-konsepte en -inhoud wat onderwysers moet verstaan
- ★ beklemtoon die ontwikkeling van wiskunde-kennis in jong leerders.

Dit gee ook 'n uiteensetting van die inhoud vir Kwartaal 1–4 in Graad R (bladsye 57 tot 68). Die vyf inhoudsareas in die KABV is:



Figuur 4| Wiskunde-inhoudsareas in die KABV vir Graad R

Elke inhoudsarea is in onderwerpe onderverdeel. Vir elk van hierdie onderwerpe bied hierdie afdeling van die *Konsepgids*:

- ★ 'n verduideliking van die onderwerpe, wat insluit dat spesifieke konsepte en vaardighede geïdentifiseer word
- ★ onderrigvoorstelle in die "In die praktyk"-kassies
- ★ 'n verduideliking van wiskunde-termie.

Hoewel die inhoudsareas spesifieke gebiede van wiskunde-ontwikkeling weerspieël, hou almal nou verband met mekaar en oorvleuel dit dikwels tydens aktiwiteite. Wanneer leerders byvoorbeeld op 'n taak fokus wat met meting te make het, sal hulle vaardighede van 'n ander inhoudsarea integreer, byvoorbeeld, Getalle, Bewerkings en Verwantskappe, en sodoende ook hul kennis van getalle, tel en vergelykingsvaardighede gebruik. Leerders het geleenthede om hul kennis en vaardighede in verskillende kontekste toe te pas.



### In die praktyk ...



Hoewel onderwysers in die fokustyd vir wiskunde spesifiek op hierdie inhoudsareas fokus, behoort hulle ook te onthou om ander geleenthede in die dagprogram optimaal te benut om:

- ⌚ wiskundetaal te gebruik om konsepte bekend te stel en vas te lê
- ⌚ 'n wye verskeidenheid woordeskat wat met getalle, vorm, ruimte, meting en datahantering verband hou, te gebruik.

Hier volg 'n paar praktiese maniere om dit te doen:

- ⌚ Verskaf gekoopte, herwonne en natuurlike materiaal vir leerders om te sorteer, met mekaar te vergelyk en te orden.
- ⌚ Verskaf hulpbronne vir rolspel van koop en verkoop, weeg en meet.
- ⌚ Maak stelle prente om die volgorde van gebeure gedurende die dag en die weer vir die week te wys.
- ⌚ Neem vorms en patronen op paadjies, in heinings of groentetuine waar, en praat daaroor.
- ⌚ Beplan aktiwiteite en speletjies waar leerders hul fisieke en wiskunde-vaardighede gebruik om rigtingaanwysings te volg en te gee.
- ⌚ Bring stories en speletjies buite in verband met wiskunde.

## Wiskunde-inhoud

Die inhoudsoorsig wat volg, bied 'n tabel van die *Grade R Maths*-inhoud wat in die Graad R-jaar onderrig behoort te word. Dit toon watter inhoud in elke kwartaal onderrig moet word.

- \* Die teks in blou is die inhoud uit die Graad R-KABV vir Wiskunde.
- \* Die teksbeskrywings en inhoud in swart is bygevoeg om die KABV uit te brei en daarop voort te bou.
- \* Die onderwerpe is in 'n volgorde wat 'n ontwikkelingsprogressie van een onderwerp na die volgende toon.

1. GETALLE, BEWERKINGS en VERWANTSKAPPE					
	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
<b>TEL</b>					
1.1	<b>Tel voorwerpe (Skat en tel voorwerpe om getalbegrip te ontwikkel)</b>	<b>Getalgebied: 1–5</b> Tel in ene: een-tot-een-ooreenstemming: liggaamsdele en konkrete apparaat <b>Stel die Helperskaart voor</b> Stel die konsep van skatting bekend ('n redelike raaiskoot) Kolkaarte: - identifiseer getal kolle op kaarte, domino's en dobbelstene (1–5) - pas voorwerpe by prente en kolkaarte Tel "hoeveel" deur vingers, kolkaarte, voorwerpe in en buite die klaskamer, prente en aksies, bv. klap hande, stamp voete, te gebruik	<b>Getalgebied: 1–7</b> Skat en tel Tel in ene: een-tot-een-ooreenstemming: liggaamsdele en konkrete apparaat <b>Inskerping van die Helperskaart</b> Kolkaarte: - identifiseer getal kolle op kaarte, domino's en dobbelstene (1–6) - pas voorwerpe by prente en kolkaarte Gebruik 'n reeks kontekste, voorwerpe en gebeure om te tel "hoeveel". Vingers, kolkaarte, tien struktuurkrale, ander voorwerpe in en buite die klaskamer, prente en aksies, bv. klap hande, stamp voete Wys "een meer/een minder" <b>Klap hande baie kere/minder kere</b>	<b>Getalgebied: 1–10</b> Skat en tel Tel in ene: een-tot-een-ooreenstemming; tel alle: - liggaamsdele - konkrete apparaat <b>Inskerping van die Helperskaart</b> Kolkaarte: herken versamelings kolle van 1–5 en tot 3 meer op kaarte, dobbelstene en domino's Begin by gegewe getal en "tel aan" deur op 'n getalbaan te spring en tien struktuurkrale, prentkaarte, getal-wasgoedlyn te gebruik Wys "een meer/een minder; twee meer/drie minder" <b>Klap hande baie kere/minder kere:</b> - watter getal handeklappe is meer/minder, die meeste/die minste?	<b>Getalgebied: 0–10 en verder</b> Skat en tel Tel in ene: een-tot-een-ooreenstemming; tel alle: - liggaamsdele - konkrete apparaat <b>Inskerping van die Helperskaart</b> Kolkaarte: herken versamelings kolle van 1–5 en tot 5 op dobbelstene (1–6) en domino's Begin by gegewe getal en "tel aan" deur op 'n getalbaan te spring en tien struktuurkrale, prentkaarte, getal-wasgoedlyn te gebruik Wys "een meer/een minder; twee meer/drie minder" <b>Klap hande baie kere/minder kere:</b> - watter getal handeklappe is meer/minder, die meeste/die minste? Betekenis van nul (zero) "0"
1.2	<b>Tel aan en terug</b> Mondeling of ritmiese tel ("rote counting")	<b>Tel aan: 1–10</b> Tel terug: 5–1 Toevallige tel deur die gebruik van telrympies en -liedjies, daagliks roetine, tel met liggaamsbewegings, ens. Tel in ene Getalgebied: 1	<b>Tel aan: 1–15</b> Tel terug: 7–1 Toevallige tel deur die gebruik van telrympies en -liedjies, daagliks roetine, tel met liggaamsbewegings, ens. Tel in ene Getalgebied: 1–4	<b>Tel aan: 1–20</b> Tel terug: 10–1 Toevallige tel deur die gebruik van telrympies en -liedjies, daagliks roetine, tel met liggaamsbewegings, ens. Tel in ene Getalgebied: 1–7	<b>Tel aan: 0–20 en verder</b> Tel terug: 10–0 Toevallige tel deur die gebruik van telrympies en -liedjies, daagliks roetine, tel met liggaamsbewegings, ens. Tel in: ene, twees Getalgebied: 0–10

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
1.3	<b>Getalsimbole en getalname</b> <b>Herken en identifiseer getalsimbole en getalname</b>	<p>Getalsimbole: 1, 2, 3 Getalname: een, twee, drie Stel getalle voor deur gebruik van:            - liggaam (kinesteties)            - voorwerpe (konkrete)            - prente, tekeninge (semi-konkreet)            - kolkaarte (semi-konkreet)</p> <p>Pas by getalsimbool (abstrak) en getalnaam <b>Getalsimbool: 1</b> <b>Getalnaam: een</b></p>	<p>Getalsimbole: 4 en 5 Getalname: vier, vyf Stel getalle voor deur gebruik van:            - liggaam (kinesteties)            - voorwerpe (konkrete)            - prente, tekeninge (semi-konkreet)            - kolkaarte (semi-konkreet)</p> <p>Pas by getalsimbool (abstrak) en getalnaam Vaslegging: 1, 2, 3 Vaslegging: een, twee, drie <b>Getalsimbool: 2, 3, 4</b> <b>Getalnaam: twee, drie, vier</b></p>	<p>Getalsimbole: 6, 7, 8 Getalname: ses, sewe, agt Stel getalle voor deur gebruik van:            - liggaam (kinesteties)            - voorwerpe (konkrete)            - prente, tekeninge (semi-konkreet)            - kolkaarte (semi-konkreet)</p> <p>Pas by getalsimbool (abstrak) en getalnaam Vaslegging: 1, 2, 3, 4, 5 Vaslegging: een, twee, drie, vier, <b>vyf</b> <b>Getalsimbool: 5, 6, 7</b> <b>Getalnaam: vyf, ses, sewe</b></p>	<p>Getalsimbool: 0 tot 10 Getalnaam: nul (zero), agt, nege, tien Stel getalle voor deur gebruik van:            - liggaam (kinesteties)            - voorwerpe (konkrete)            - prente, tekeninge (semi-konkreet)            - kolkaarte (semi-konkreet)</p> <p>Pas by getalsimbool (abstrak) en getalnaam Vaslegging van al die getalle</p>
<b>GETALHERKENNING</b>					
1.4	<b>Gebruik getalle in bekende kontekste</b>	Gebruik getalle in bekende kontekste: - ouderdom - getalle in prente en kolkaarte - getalkaartspeletjies - teenwoordigheidsregister	Gebruik getalle in bekende kontekste: - adres - getalle in prente en kolkaarte - getalkaartspeletjies - getalle in advertensies, brosjures/ verjaarsdagkaarte - teenwoordigheidsregister	Gebruik getalle in bekende kontekste: - adres, kontaktelefoonnummers - verjaarsdag - getalle in prente en kolkaarte - getalkaartspeletjies - getalle in advertensies, brosjures/ verjaarsdagkaarte - teenwoordigheidsregister	Gebruik getalle in bekende kontekste: - adres, kontaktelefoonnummers - getalle in prente en kolkaarte - getalkaartspeletjies - getalle in advertensies, brosjures/ verjaarsdagkaarte - teenwoordigheidsregister
<b>GETALBEGRIP (VERWANTSKAPPE)</b> <b>Beskryf, vergelyk en orden getalle</b>					
1.4	<b>Herken en beskryf telgetalle</b>	<b>Getalgebied: 1–3</b> Herken en beskryf telgetalle tot 1, 2, 3 deur versamelings en simbole te gebruik (een meer, een minder as; voor, na, tussen) <b>Getalgebied: 1</b>	<b>Getalgebied: 1–5</b> Herken en beskryf telgetalle 4, 5 deur versamelings en simbole te gebruik Vaslegging van die getalle 1–3	<b>Getalgebied: 1–8</b> Herken en beskryf telgetalle 6, 7, 8 deur versamelings en simbole te gebruik Vaslegging van die getalle 1–5 <b>Getalgebied: 1–7</b>	<b>Getalgebied: 0–10</b> Herken en beskryf telgetalle 0, 9, 10 Vaslegging van die getalle 1–8

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
	<b>Vergelyk getalle met mekaar</b>	<p><b>Vergelyk watter twee gegewe versamelings voorwerpe is:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- groot, klein</li> <li>- groter, kleiner</li> <li>- grootste, kleinste</li> </ul> <p>Orden meer as twee gegewe versamelings voorwerpe van die kleinste na die grootste en die grootste na die kleinste</p> <p><b>Meer en minder, bv. toevallige handeklap,</b> verversingstyd, deel toerusting</p>	<p>Vergelyk watter twee gegewe versamelings voorwerpe is:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- groot, klein</li> <li>- groter, kleiner</li> <li>- grootste, kleinste</li> </ul> <p><b>Meer as, minder as, gelyk aan</b></p> <p><b>Meer en minder</b></p> <p><b>Stel vrae:</b> "Watter was die meeste/minste?"</p>	<p><b>Meer as, minder as, gelyk aan</b></p> <p><b>Meer en minder</b></p> <p><b>Stel vrae:</b> "Watter was die meeste/minste?"</p>	
		<p>Maak gelyke groepe (stelle) voorwerpe, bv. kinders of voorwerpe in die klaskamer</p>	<p>Gebruik voorwerpe om gelyke groepe (stelle) te maak</p>	<p>Gebruik voorwerpe om gelyke groepe (stelle) te maak</p>	
		<p>Breek versamelings van 2 en 3 af en bou dit op, bv. 3 kan wees:</p> <p>1 en 1 en 1 OF 2 en 1 OF 1 en 2 nul (zero) en 3</p>	<p>Breek versamelings van 4 en 5 af en bou dit op, bv. 4 kan wees:</p> <p>1 en 1 en 1 en 1 OF 3 en 1 OF 2 en 2 nul (zero) en 4</p>	<p>Gebruik manipuleerders om strategieë te ondersoek en te ontwikkel om versamelings tot 8 af te breek en op te bou</p>	<p>Gebruik manipuleerders om strategieë te ondersoek en te ontwikkel om versamelings tot 10 af te breek en op te bou</p>
	<b>Orden getalle (plaas in volgorde)</b>	<p>Orden meer as twee gegewe versamelings voorwerpe van die kleinste na die grootste en die grootste na die kleinste</p>	<p>Orden meer as twee gegewe versamelings voorwerpe van die kleinste na die grootste en die grootste na die kleinste</p>	<p>Orden versamelings voorwerpe van die kleinste na die grootste en die grootste na die kleinste</p>	<p>Orden versamelings voorwerpe van die kleinste na die grootste en die grootste na die kleinste.</p> <p>Pas getalsimboolkaart by versamelings</p>
		<p>Toevallige ordening van getalle</p> <p>"Wat kom volgende, na, tussen":</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- getal-wasgoedlyn</li> <li>- getalbaan of getalleleer</li> <li>- getalkaarte</li> </ul>	<p>Plaas getalsimbole in die korrekte telvolgorde</p> <p>"Wat kom volgende, na, tussen":</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- getal-wasgoedlyn</li> <li>- getalbaan of getalleleer</li> <li>- getalkaarte</li> </ul>	<p>Plaas getalsimbole in die korrekte telvolgorde</p> <p>"Wat kom volgende, na, tussen":</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- getal-wasgoedlyn</li> <li>- getalbaan of getalleleer</li> <li>- getalkaarte</li> </ul>	<p>Toevallig:</p> <p>Getalgebied: 0–10</p> <p>Plaas getalsimbole in die korrekte telvolgorde</p> <p>"Wat kom volgende, na, tussen":</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- getal-wasgoedlyn</li> <li>- getalbaan of getalleleer</li> <li>- getalkaarte</li> </ul>

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
	Ordinale getalle	<p>Ontwikkel 'n toevallige bewustheid van eerste, tweede, derde ... laaste, volgende</p> <p>Stel bekend tydens:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- snoep-/ verversingstyd en toileetroetine</li> <li>- in alledaagse kontekste, oor vakke heen, wanneer in ry staan, bv. "Wie het die eerste/laaste/tweede by die deur ingekom?"</li> </ul>	<p>Ontwikkel 'n toevallige bewustheid van eerste, tweede, derde, vierde, laaste, volgende</p> <p>In alledaagse kontekste: daagliks roetine – staan in rye, verversingstyd, toileetroetine</p> <p>Integreer: Lewensvaardighede, Liggaamlike ontwikkeling en kunsaktiwiteite (waar toepaslik), aktiwiteite buite, bv. wedlope</p> <p>Plaas voorwerpe in volgorde en bespreek posisie</p>	<p>Ontwikkel 'n toevallige bewustheid van eerste, tweede, derde, vierde, vyfde, laaste, volgende</p> <p>Vaslegging van ordinale getalle in die daagliks roetine en integreer gedurende die dag en in aktiwiteite buite, bv. wedlope</p> <p>Plaas leerders en voorwerpe in 'n ry en identifiseer rangorde in een rigting, bv. links na regs</p>	<p>Ontwikkel 'n toevallige bewustheid van eerste, tweede, derde, vierde, vyfde, sesde, laaste, volgende</p> <p>Vaslegging van ordinale getalle in die daagliks roetine en integreer gedurende die dag en in aktiwiteite buite, bv. wedlope</p> <p>Plaas leerders en voorwerpe in 'n ry en identifiseer rangorde in beide rigtings, bv. links na regs en regs na links</p>
1.5	Plekwaarde	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie (fokus op getalkonsep van getalle 1–9 en nul, 1.1 en 1.4)			
<b>PROBLEEMOPLOSSING IN KONTEKS</b>					
1.6	Probleem-oplossings-tegnieke	<p><b>Getalgebied: 1–3</b> Los probleme in alledaagse kontekste op</p> <p><b>Gebruik van die volgende tegnieke:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- konkrete apparaat, bv. tellers</li> <li>- tel alles in ene</li> </ul>	<p><b>Getalgebied: 1–5</b> Los probleme in alledaagse kontekste op</p> <p><b>Gebruik van die volgende tegnieke:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- konkrete apparaat, bv. tellers</li> <li>- konkrete getalleer</li> <li>- tien struktuurkrale</li> <li>- tel alles in ene</li> </ul> <p><b>Getalgebied: 1–4</b></p>	<p><b>Getalgebied: 1–8</b> Los probleme in alledaagse kontekste op</p> <p><b>Gebruik van die volgende tegnieke:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- konkrete apparaat, bv. tellers</li> <li>- konkrete getalleer</li> <li>- tien struktuurkrale</li> <li>- tel alles in ene</li> <li>- tel aan</li> </ul> <p><b>Getalgebied: 1–7</b></p>	<p><b>Getalgebied: 0–10</b> Los probleme in alledaagse kontekste op</p> <p><b>Gebruik van die volgende tegnieke:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- konkrete apparaat, bv. tellers</li> <li>- konkrete getalleer</li> <li>- tien struktuurkrale</li> <li>- tel alles in ene</li> <li>- tel aan</li> </ul> <p><b>Getalgebied: 0–10</b></p>
1.7	<p><b>Optel en aftrek</b> <b>Los woordprobleme (storiesomme) mondeling op en verduidelik eie oplossings vir probleme wat optel en aftrek met antwoorde tot 10 behels</b></p>	<p>Ondersoek optel en aftrek in alledaagse aktiwiteite deur die gebruik van manipuleerders en stories</p> <p>Los probleme wat getalle 1–3 behels mondeling op deur tellers, stories, prente te gebruik</p>	<p>Los probleme wat getalle 1–5 behels mondeling op deur tellers, stories, prente te gebruik</p> <p><b>Gebruik tellers en los probleme mondeling op met getalle 2, 3 en 4</b></p> <p><b>Vaslegging van probleemoplossing met getalle 1 tot 4</b></p>	<p>Los probleme wat getalle 1–8 behels mondeling op deur tellers, stories, prente te gebruik</p> <p>Stel terminologie bekend (tel op/tel by, neem weg/trek af)</p> <p><b>Gebruik tellers en los probleme mondeling op met getalle 5, 6 en 7</b></p> <p><b>Vaslegging van probleemoplossing met getalle 1 tot 7</b></p>	<p>Los probleme wat getalle 0–10 behels mondeling op deur tellers, stories, prente te gebruik</p> <p>Gebruik terminologie (optel en aftrek)</p> <p><b>Gebruik tellers en los probleme mondeling op met getalle 8, 9 en 10</b></p> <p><b>Vaslegging van probleemoplossing met getalle 1 tot 10</b></p>
1.8	Herhaalde optel wat tot vermenigvuldiging lei	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie			

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
1.9	<b>Groepering en verdeling wat tot deling lei (gelyke verdeling en groepeering met telgetalle tot 10 met antwoorde wat 'n res insluit)</b>	Stel konsep van gelyke verdeling bekend: - gedurende daaglikse aktiwiteite - stories en prente - een-tot-een-verdeling	Gelyke verdeling: - gedurende daaglikse aktiwiteite - stories en prente - een-tot-een-verdeling	Gelyke verdeling: - groepeering - die helfte/halvering - gebruik konkrete apparaat	Gelyke verdeling: - groepeering - halvering en verdubbeling - gebruik konkrete apparaat
1.10	<b>Verdeling wat tot breuke lei</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie (fokus op probleemoplossings met reste wat verdeel kan word, 1.9)			
1.11	<b>Geld</b>		Ontwikkel 'n bewustheid van Suid-Afrikaanse munte: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5 Herken kleure en diere Herken ooreenkomsste en verskille Sorteer speelgeld volgens kleur en grootte <b>Voorsien speelgeld in die huishoekie</b>	Ontwikkel 'n bewustheid van Suid-Afrikaanse banknote: R10, R20, R50, R100, R200 Herken ooreenkomsste en verskille tussen note Sorteer speelgeld volgens kleur en grootte <b>Voorsien speelgeld in die huishoekie</b>	<b>Voorsien speelgeld in die huishoekie</b>

#### KONTEKSVRYE BEREKENINGE: BEWERKINGS

1.12	<b>Tegnieke</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie (fokus om alles te tel en aan te tel, 1.1 en 1.6)			
1.13	<b>Optel en aftrek: los mondeling gestelde optel- en aftrekprobleme op</b>		Getalgebied: 1–5 Los mondelinge optel- en aftrekprobleme op met antwoorde tot 5 <b>Getalgebied: 1–4</b>	Getalgebied: 1–8 Los mondelinge optel- en aftrekprobleme op met antwoorde tot 8 <b>Getalgebied: 1–7</b>	Getalgebied: 1–10 Los mondelinge optel- en aftrekprobleme op met antwoorde tot 10 <b>Getalgebied: 1–10</b>
1.14	<b>Herhaalde optel wat tot vermenigvuldiging lei</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie			
1.15	<b>Deling</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie (fokus op gelyke verdeling, 1.9)			
1.16	<b>Hoofrekene</b>	Begin elke aktiwiteit vir die hele klas en elke onderwyser-gerigte aktiwiteit met hoofrekene en waar toevallige leergeleenthede ontstaan Tel alledaagse voorwerpe Tel aan en terug Tel van ranggetalle Skatting Probleemoplossing Geheuepeletjies			
1.17	<b>Breuke</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie (fokus op gelyke verdeling, 1.9)			

2. PATRONE, FUNKSIES en ALGEBRA					
ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4	
<b>2.1 MEETKUNDIGE PATRONE</b>					
<b>Herken patronen</b>	Herken patronen in bekende alledaagse omgewing, bv. <b>klere, voorwerpe en die omgewing</b> Herken die "herhaling" in patronen				
<b>Kopieer en brei eenvoudige herhaalde patronen uit deur konkrete voorwerpe en tekeninge te gebruik</b>	<p><b>Kopieer en voltooi patronen</b>  <b>Kopieer patronen deur van lyfslagwerk gebruik te maak</b>  <b>Kopieer, voltooi en ontwerp eie patronen</b>          Stel taal bekend:          Wat kom volgende?          Wat kom voor? Hoe          is dit dieselfde? Hoe          verskil dit?</p>	<p><b>Kopieer ontwerpe en brei eie patronen met prente uit</b>  <b>Gebruik munte om 'n gegewe patroon te kopieer</b>          Beskryf die herhaling in patronen Kopieer 'n gegewe patroon deur 3D-konkrete apparaat en 2D-vorms, munte, krale, ens. te gebruik</p>	<p><b>Kopieer ontwerp en brei eie patronen met prente uit</b>          Kopieer vertikale en horizontale patronen deur konkrete apparaat te gebruik          Brei eenvoudige herhaalde patronen uit</p>	<p><b>Kopieer ontwerp en brei eie patronen met prente uit</b>  <b>Kopieer 'n geraas-(ouditiewe) patroon</b>          Gebruik fisiese voorwerpe en teken patronen</p>	
<b>Ontwerp eie herhalende patronen</b>	<p><b>Skep eie patroon deur gebruik van fisiese voorwerpe, tekeninge, meetkundige patronen</b>  <b>Verduidelik eie patroon (reël van herhaling):</b>          - een kleur, twee vorms          - een vorm, twee kleure</p>	<p><b>Skep eie patroon met prente</b>          Verduidelik eie patroon (reël van herhaling):          - twee kleure, twee vorms          - twee vorms, twee kleure</p>	<p><b>Skep eie patroon met prente</b>          Verduidelik eie patroon (reël van herhaling):          - drie/vier kleure, verskillende vorms, ens.</p>	<p><b>Skep eie patroon</b>          Verduidelik eie patroon (reël van herhaling):          - drie/vier kleure, verskillende vorms, ens.</p>	
<b>2.1 Getalpatrone</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie (fokus op tel: orden getalle in ene en twees, 1.2)				

3. RUIMTE en VORM (MEETKUNDE)					
	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
3.1	<b>Posisie, oriëntasie en aansigte</b> Beskryf 'n driedimensionele voorwerp in verhouding tot 'n ander voorwerp (bv. voor/agter)	<b>Ruimtelike oriëntasie</b> Posisie van die kind in verhouding tot hul omgewing <b>Posisie van twee of meer voorwerpe in verhouding tot die leerder:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- voor en agter</li> <li>- bo, bo-op, onder</li> <li>- binne en buite, binnekant en buitekant</li> <li>- op en af</li> <li>- langsaa en tussen</li> </ul>	<b>Ruimtelike oriëntasie</b> Posisie van die kind in verhouding tot hul omgewing <b>Posisie van twee of meer voorwerpe in verhouding tot die leerder:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- op en onder</li> <li>- bo-op en onder</li> <li>- voor en agter</li> </ul>	<b>Ruimtelike oriëntasie</b> <b>Posisie van twee of meer voorwerpe in verhouding tot mekaar en tot die leerders, en in verhouding tot 'n ander:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- voor en agter</li> <li>- bo, bo-op, onder</li> <li>- langsaa</li> <li>- in die middel</li> <li>- links en regs</li> <li>- werk met pennetjiesbord</li> </ul> <b>Beskryf voorwerpe vanuit verskillende perspektiewe, byvoorbeeld die pophuis van voor, agter, van die kant af, afhangende van waar 'n mens staan</b>	<b>Ruimtelike oriëntasie</b> <b>Posisie van twee of meer voorwerpe in verhouding tot mekaar en tot die leerders, en in verhouding tot 'n ander:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- voor en agter</li> <li>- bo-op, onder, bo</li> <li>- bo en onder</li> <li>- langsaa, tussen en in die middel</li> <li>- links en regs</li> </ul> <b>Die posisie van twee of meer voorwerpe in verhouding tot mekaar</b>
	<b>Volg aanwysings</b> (alleen en/of as deel van 'n groep of span) om self binne 'n spesifieke ruimte (rigting) te plaas	<b>Rigting – vorentoe en agtertoe</b> Op en af <b>Rigtingspeletjies, byvoorbeeld Volg die leier</b> <b>Hindernisbaan – volg aanwysings</b> <b>Liggaamsopvoeding en musiek</b>	Rigting – vorentoe en agtertoe Hindernisbaan – volg aanwysings Aktiwiteite buite Toevallig: links en regs	<b>Vorentoe en agtertoe</b> <b>Pylkaart</b> Links en regs	<b>Vorentoe en agtertoe</b> <b>Op en af</b> <b>Opwaarts en afwaarts</b> <b>Links en regs</b> <b>Waar kom die klank vandaan?</b>
3.2	<b>3D-voorwerpe</b>				
	<b>Herken, identifiseer en benoem drie-dimensionele voorwerpe in die klaskamer</b>	<b>Stel bekend en ondersoek</b> Vergelyk en sorteer: <ul style="list-style-type: none"> <li>- balle</li> <li>- bokse met vierkantige en reghoekige vlakke (sye)</li> </ul>			

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
	<b>Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe met mekaar</b>	<p>Stel die Opruimkaart bekend (sortering van speelgoed)</p> <p>Sorteer 3D-voorwerpe volgens (een kenmerk):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- grootte (groot/ klein)</li> <li>- kleur</li> <li>- vorm</li> </ul> <p><b>Herken en ontdek</b> 3D-voorwerpe: plat, rond, vierkantige of reghoekige vorm</p> <p><b>Voorwerpe wat rol</b></p> <p><b>Voorwerpe wat gly</b></p>	<p>Sorteer 3D-voorwerpe volgens ooreenkomsste en verskille:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- grootte</li> <li>- kleur</li> <li>- vorm</li> </ul>	<p>Sorteer 3D-voorwerpe volgens ooreenkomsste en verskille (twee kenmerke):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- grootte</li> <li>- kleur</li> <li>- vorm</li> </ul> <p>Ontdek 3D-voorwerpe: plat, rond, vierkantige of reghoekige vorm</p>	<p>Sorteer 3D-voorwerpe volgens (twee of meer kenmerke):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- grootte</li> <li>- kleur</li> <li>- vorm</li> </ul> <p>Ontdek 3D-voorwerpe: plat, rond, vierkantige of reghoekige vorm</p>
	<b>Bou 3D-voorwerpe</b>	<p><b>Deurlopend</b> Verskaf boublokke en konstruksiemateriale gedurende vryspel binne op 'n daaglikse basis</p> <p><b>Ontdek boublokke</b></p>	<p><b>Deurlopend</b> Verskaf boublokke en konstruksiemateriale gedurende vryspel binne op 'n daaglikse basis</p> <p><b>Ontdek boublokke</b></p> <p>Gebruik boublokke en herwonne materiale om eie konstruksies te bou</p>	<p><b>Deurlopend</b> Verskaf boublokke en konstruksiemateriale gedurende vryspel binne op 'n daaglikse basis</p> <p>Laat leerders hulle eie konstruksie volgens 'n gegewe voorbeeld bou</p> <p>Kopieer dieselfde konstruksie volgens 'n ontwerp of 'n prent</p>	<p><b>Deurlopend</b> Verskaf boublokke en konstruksiemateriale gedurende vryspel binne op 'n daaglikse basis</p> <p><b>Deurlopend</b> gedurende vryspel binne die klaskamer</p>
3.3	<b>2D-vorms</b>				
	<b>Herken, identifiseer en benoem twee-dimensionele vorms in die klaskamer</b>	<p>Stel Opruim-/ Helperskaart voor</p> <p><b>Herken leerdersimbool en naam</b></p> <p>Stel 2D-vorms bekend: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek</p> <p><b>Legkaarte (minimum van 6 stukke)</b></p>	<p><b>Herken leerdersimbool en naam</b></p> <p>Herken, identifiseer en benoem 2D-vorms: sirkel, vierkant en driehoek</p> <p><b>Legkaarte (minimum van 12 stukke)</b></p>	<p><b>Herken en identifiseer leerdernaam</b></p> <p>Vaslegging van: sirkel, vierkant, driehoek</p> <p>Vergelyk reghoek en vierkante met mekaar</p> <p><b>Legkaarte (minimum van 18 stukke)</b></p>	<p><b>Herken leerdernaam</b></p> <p>Vaslegging: reghoek</p> <p>Herken, identifiseer en benoem 2D-vorms: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek</p> <p><b>Legkaarte (minimum van 24 stukke)</b></p>
	<b>Beskryf, sorteer en vergelyk 2D-vorms</b>	<p>Sorteer 2D-vorms volgens:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- kleur</li> <li>- vorm</li> </ul> <p>Sirkel: geboë lyn</p> <p>Vierkant: 4 sye, reguit lyne, hoeke</p> <p>Driehoek: 3 sye, reguit lyne, hoeke</p>	<p>Sorteer 2D-vorms volgens ooreenkomsste en verskille:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- vorm</li> </ul> <p><b>Vaslegging van driehoek</b></p> <p>Vaslegging van sirkel en vierkant</p>	<p>Sorteer 2D-vorms volgens:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- kleur</li> <li>- vorm (geboë lyn, drie of vier lyne)</li> </ul> <p>Vaslegging van sirkel, vierkant en driehoek</p>	<p>Sorteer 2D-vorms volgens:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- grootte</li> <li>- kleur</li> <li>- vorm</li> </ul>

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
	<b>Voorgrond/ agtergrond- persepsie Meetkundige vorms</b>	Stel voorgrond/ agtergrond-persepsie bekend (identifiseer voorwerpe en vorms – "Ek sien met my kleine oogies") Bekendstelling van sirkel, vierkant en driehoek	Vaslegging van voorgrond/agtergrond- persepsie deur sorteringsaktiwiteit, pas en groeperings- aktiwiteit en die opruimingsroetine Vaslegging van die driehoek Vormbehoud van die driehoek	Vaslegging van voorgrond/agtergrond- persepsie deur sorteringsaktiwiteit, pas en groeperings- aktiwiteit en die opruimingsroetine Vaslegging van die vierkant Vormbehoud van die vorms tot dusver aangeleer	Vaslegging van voorgrond/agtergrond- persepsie deur sorteringsaktiwiteit, pas en groeperings- aktiwiteit en die opruimingsroetine Vaslegging van die sirkel, driehoek, vierkant en reghoek Vormbehoud van die vorms tot dusver aangeleer
3.4	<b>Simmetrie (Herken simmetrie in self en eie omgewing)</b>	Herken liggaamsdele Bewustheid van liggaam ten opsigte van: - 'n mens se liggaam het twee kante - die een kant, die ander kant, lei na links en regs - bo/onder - agter/voor - kruising van die middellyn (fisiese aktiwiteit) Aktiwiteit wat tydens Liggaamsopvoeding gedoen moet word – maak gebruik van rympies en liedjies, en tydens Skeppende Kunste	Kruising van die middellyn – voer aksies uit Pas middellynkruising toe gedurende Liggaamsopvoeding in Lewensvaardighede – maak gebruik van rympies en liedjies, en tydens Skeppende Kunste	Kruising van die middellyn (swartbord- aktiwiteit) Pas middellynkruising toe gedurende Liggaamsopvoeding in Lewensvaardighede	Ontwikkel die bewustheid dat daar simmetrie is Pas middellynkruising toe gedurende Liggaamsopvoeding in Lewensvaardighede

4. METING					
	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
4.1	Tyd	<p>Stel die begrippe dag/nag, lig/donker,oggend/middag/aand bekend</p> <p>Stel die <b>dagprogram</b> bekend met prente wat van links na regs vertoon word en pyl om te wys hoe die aktiwiteite op die dagprogram vorder</p> <p>Stel die <b>weerkaart</b> (daagliks) bekend met naam van die dag, datum en maand met liedjie en rympie, flitskaarte en vertoon byskrifte en simbole en prente op 'n kalender wat die week voorstel</p> <p><b>Dae van die week</b> (daagliks) volgorde deur middel van 'n liedjie of rympie geleer</p> <p>Dui verjaarsdae, uitstappies, spesiale dae en vakansies gedurende die week aan</p> <p>Gebruik liedjies om die maande van die jaar in die regte volgorde aan te leer</p> <p>Ontwikkel 'n bewustheid van die konsep van tyd</p> <p>Stel <b>seisoenkaart</b> bekend somer, herfs, winter, lente</p> <p>Stel die <b>verjaarsdagkaart</b> bekend en eie ouerdom, geboortedatum (dag en maand)</p> <p>Ontwikkel 'n bewustheid van leesrigting</p>	<p><b>Dagprogram</b> (deurlopend) Vaslegging van volgorde van gebeure in een dag <b>Weerkaart</b> (daagliks) met dag, datum en maand deur liedjies en rympies, flitskaarte en vertoon byskrifte, simbole en prente op 'n kalender wat een week voorstel</p> <p><b>Dae van die week</b> (deurlopend) herhaal liedjie of rympie daagliks Ontwikkel 'n bewustheid van wat die leerder doen vandat hy/sy wakker word tot hy/sy skool toe gaan Ontwikkel 'n bewustheid van wat tussen aandete en slaaptyd gebeur</p> <p><b>Verjaarsdagkaart</b> deurlopend wanneer leerders verjaar</p> <p><b>Seisoenkaart</b> somer, herfs, winter, lente</p>	<p><b>Dagprogram</b> (deurlopend) Vaslegging van volgorde van gebeure in een dag <b>Weerkaart</b> (daagliks) met dag, datum en maand deur liedjies en rympies, flitskaarte en vertoon byskrifte, simbole en prente op 'n kalender wat een week voorstel</p> <p><b>Dae van die week</b> (deurlopend) <b>Weerkaart</b> (deurlopend)</p> <p><b>Verjaarsdagkaart</b> deurlopend wanneer leerders verjaar</p>	<p><b>Dagprogram</b> (deurlopend) Vaslegging van volgorde van gebeure in een dag <b>Weerkaart</b> (daagliks) met dag, datum en maand deur liedjies en rympies, flitskaarte en vertoon byskrifte, simbole en prente op 'n kalender wat een week voorstel</p> <p><b>Dae van die week</b> (deurlopend) <b>Weerkaart</b> (deurlopend)</p> <p><b>Verjaarsdagkaart</b> deurlopend wanneer leerders verjaar</p>

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
4.2	<b>Lengte</b> Vergelyk en orden konkrete voorwerpe deur van toepaslike woordeskat gebruik te maak om lengte te beskryf	Gedurende daagliks roetine stel die konsep van lengte bekend: lank en kort, lank, langer en langste  Stel 'n lengtekaart bekend Leerders kan hul lengte vergelyk deur dit aan te teken teen iets in die klaskamer, bv. die kas: <ul style="list-style-type: none"><li>- meet met hande (visueel en toevallig)</li><li>- meet met voetspore/voete</li></ul>	Gedurende daagliks roetine om die konsep van lengte te ontdek: lank en kort, lank, langer en langste  Vergelyk en orden twee of meer voorwerpe deur dit langs mekaar te plaas  Gebruik toepaslike woordeskat om lengte te beskryf: langste en kortste, langer en korter  Lengtekaart-vergelyking: leerders ontdek of hulle sedert die vorige kwartaal gegroeи het	Skat die lengte van verskillende voorwerpe  Skat en meet die lengte van verskillende voorwerpe deur voete, hande, 'n stukkie tou, 'n stok, te gebruik  Lengtekaart-vergelyking: leerders ontdek of hulle sedert die vorige kwartaal gegroeи het	Meet die lengte van leerders met 'n maatband  Lengtekaart-vergelyking: leerders ontdek of hulle sedert die vorige kwartaal gegroeи het
4.3	<b>Massa</b> Vergelyk en orden konkrete voorwerpe deur van toepaslike woordeskat gebruik te maak	Toevallige leer binne en buite die klaskamer  Deurgaans tydens sand- en waterspel	Toevallige leer binne en buite die klaskamer  Deurgaans tydens sand- en waterspel	Stel konsep van massa bekend deur die massa van verskillende voorwerpe met mekaar te vergelyk: <ul style="list-style-type: none"><li>- lig/swaar</li><li>- lichter/swaarder</li><li>- ligste/swaarde</li></ul>	Vaslegging van die taal van massa gedurende aktiwiteite binne en buite die klaskamer
4.4	<b>Kapasiteit/ Volume</b> Vergelyk en orden konkrete voorwerpe deur van toepaslike woordeskat gebruik te maak	Toevallige leer binne en buite die klaskamer: leeg/vol, meer as, minder as  Deurgaans tydens sand- en waterspel	Toevallige leer tydens aktiwiteite binne en buite die klaskamer Water-/sandspel  Gebruik houers om hoeveelhede te meet en met mekaar te vergelyk deur bekende houers te gebruik	Stel die konsep van meting van inhoud bekend deur te vergelyk hoeveel verskeie houers bevat: <ul style="list-style-type: none"><li>- leeg/vol</li><li>- meer as/minder as</li></ul>	Deurgaans tydens water- en sandspel  Vaslegging van die taal van kapasiteit/ volume gedurende aktiwiteite binne en buite die klaskamer
4.5	<b>Omtrek en Oppervlakte</b>	Geen KABV-inhoud vir Graad R nie			

## 5. DATAHANTERING

	ONDERWERP	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
5.1	<b>Versamel en sorteer voorwerpe</b> Versamel en sorteer fisiese voorwerpe volgens een kenmerk, bv. grootte van blare	Stel die konsep van datahantering bekend: - versamel en sorteer data, bv. Hoeveel seuns/dogters in die klas? - sorteer die data deur die leerders in 'n seuns- en dogtersry te laat staan	Versamel voorwerpe (stokkies van verskillende groottes/lengtes) Sorteer die versamelde voorwerpe (stokkies)	Stel 'n vraag: "Is name wat ses letters bevat die gewildste?" Versamel data om die antwoord te verskaf deur die leerders se naamkaarte te gebruik Sorteer die naamkaarte volgens die hoeveelheid letters in elke naam	<b>Versamel data:</b> Wie se verjaarsdae is in watter maand? <b>Sorteer die data volgens die toepaslike verjaarsdagmaand van elke leerder</b> <b>Versamel data, bv.</b> Wat is jou geliefkoosde kleur speeldeeg? Kies een blokkie wat die kleur van sy/haar keuse van speeldeeg vir die week voorstel <b>Versamel data:</b> Watter vervoermiddel gebruik leerders om skool toe te kom? <b>Sorteer die versamelde data (stap, met ouers se motor, minibus of bus)</b>
5.2	<b>Voorstelling van versamelings voorwerpe</b>	Stel die grafiek met konkrete apparaat voor Maak 'n grafiese voorstelling van die data deur van blokkies of vorms gebruik te maak Maak 'n pikogram	Teken 'n grafiek om die data (stokkies) voor te stel Teken 'n prent as 'n verslag van versamelde voorwerpe	Teken 'n grafiek deur elke naamkaart onder die toepaslike kolomme te plak Maak 'n pikogram	Teken 'n grafiek wat die leerders se verjaarsdae in elke maand voorstel Maak gebruik van werklike voorwerpe, byvoorbeeld blokkies wat die kleure van die speeldeeg wat jy beplan om te maak, voorstel, byvoorbeeld blou, geel, groen Teken 'n pikogram om die leerders wat stap, 'n minibus, motor, bus gebruik voor te stel
5.3	<b>Bespreek en doen verslag oor versamelings gesorteerde voorwerpe</b>	Lees en interpreteer data deur speeldeeg te gebruik om 'n voorstelling te maak wat die aantal seuns of meisies in die klas verteenwoordig Beantwoord vrae wat op eie prente of eie versamelings van voorwerpe gebaseer is Hoeveel groot blare het jy geteken? Wat is die meeste: die groot blare of die klein blaartjies? Hoeveel/meer/minder/dieselfde as?	Lees en interpreteer grafieke deur middel van vraagstelling Beantwoord vrae wat op eie prent of eie gesorteerde voorwerpe gebaseer is	Lees en interpreteer data deur die aantal getalkaarte in elke kolom te tel en dan tot 'n gevolgtrekking te kom	Lees en interpreteer grafieke deur vraagstelling om vas te stel in watter maand die meeste verjaarsdae voorkom Die leerders se keuse sal die volgende week se kleur van die speeldeeg bepaal, byvoorbeeld geel Lees en interpreteer grafieke (hoeveel leerders stap skool toe, ry met 'n minibus, bus, ens.)

# Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

## Getalbegrip

Kinders ontwikkel 'n gevoel vir getalle en tel deur alledaagse ervarings. Hulle gebruik dit om die verskillende betekenis van getalle met mekaar in verband te bring. Hulle ontdek dat getalle in verskillende situasies verskillend gebruik kan word. "Vyf" kan byvoorbeeld gebruik word:

- ★ om 'n hoeveelheid uit te druk: "Ek het vyf lekkers."
- ★ om die volgorde van dinge uit te druk: "Sy is die vyfde persoon in die ry."
- ★ as 'n manier om te meet: "Hy is vyf jaar oud."
- ★ as 'n merker: "Ons woon in nommer vyf."
- ★ in 'n berekening: "2 + 3 = 5"

Getalle is idees of konsepte van kwantiteit (hoeveel). Leerders begin verstaan dat "vyf" beteken daar is vyf van iets, en dat vyf die vyfde posisie in 'n ry kan wees, of "vyf" kan vir ons sê hoeveel dinge daar is. Getalle kommunikeer spesifieke, gedetailleerde inligting oor versamelings en hoeveelhede voorwerpe, gebeure of aksies.



Figuur 4.2 Verskillende betekenis van "vyf"

Getalle is abstrakte konsepte. Dit is nie self voorwerpe nie. Dit beskryf iets van ander voorwerpe. Byvoorbeeld, net soos wat die woord "groen" gebruik kan word om die kleur van 'n appel te beskryf, kan die getal "ses" gebruik word om die hoeveelheid appels in 'n versameling te beskryf. As iemand jou vra om vir hulle 'n bord aan te gee, kan jy vir hulle die fisiese voorwerp aangee, maar as iemand jou vra om vir hulle "vyf"


te gee, kan jy dit nie optel en vir hulle gee nie. Jy kan dalk daarvan dink om vir hulle 'n kaartjie met die syfer "5" daarop te gee, of jy kan selfs vir hulle vyf stokkies gee, of vyf vingers wys. Dit is onmoontlik om die getal self te wys, want dit is 'n idee in ons koppe, en daarom vind ons maniere om die getal te wys of voor te stel, soos om 'n versameling voorwerpe, 'n prent of 'n simbool soos 'n syfer of 'n woord te gebruik.

## In die praktyk ...

Help leerders om nuwe wiskunde-kennis en -konsepte te verwerf op grond van hul alledaagse ervarings:

- 👉 Put uit leerders se voorkennis wanneer nuwe wiskunde-konsepte bekendgestel word.
- 👉 Gebruik praktiese situasies om nuwe wiskunde-konsepte te demonstreer.
- 👉 Verbind alledaagse aktiwiteite en wiskunde-konsepte.
- 👉 Beplan aktiwiteite wat leerders se begrip van 'n wiskunde-konsep verdiep en daarop voortbou.

Figuur 43 illustreer 'n eenvoudige vordering van alledaagse aktiwiteite na meer komplekse getalkonsepte in Graad R. Dit begin met alledaagse aktiwiteite wat verband hou met getalle en aanvanklike getalkonsepte en vorder na meer komplekse getalkonsepte.



Figuur 43 Vordering

## Voorstelling van getalle

In Graad R gebruik leerders simbole om woorde, beelde en idees **voor te stel**. Kinders leer aanvanklik om idees of aksies deur fantasiespel voor te stel, byvoorbeeld, 'n leerder se arm is die vlerke van die vliegtuig wanneer sy in die vertrek rondvlieg, of 'n leerder kan 'n plastiekdeksel as 'n stuurwiel gebruik om 'n motor te bestuur.

Leerders begin getalle voorstel deur hul vingers te gebruik, en begin dan geleidelik ander metodes gebruik, soos voorwerpe, tekeninge, prente of simbole. Leerders vorder:

- ★ van die gebruik van werklike voorwerpe om getalle voor te stel, bv. suurlemoene, lekkers, potlode, blare
- ★ na die gebruik van prente of tekeninge om die voorwerpe voor te stel, bv. 'n prent van 'n suurlemoen, persoon, kar
- ★ na die gebruik van tellers om die voorwerpe of prente voor te stel, bv. plastiekstrywe om die getal suurlemoene te wys
- ★ na die gebruik van merke om die fisiese voorwerpe en prente voor te stel, bv. sirkels, kolle, telmerke
- ★ na die gebruik van geskrewe getalsimbole en getallewoorde, bv. "2" of "twee".

Hier volg 'n paar verskillende maniere om "vyf" voor te stel.



Figuur 44 Verskillende voorstellings van "vyf"

## Verskillende soorte getalle

Daar is verskillende getalsoorte in die getalstelsel. **In Graad R fokus ons slegs op die begrip en gebruik van telgetalle.**


In hoër grade, sal leerders leer van:

- ★ **heelgetalle**, wat telgetalle en negatiewe getalle insluit
- ★ **rationale getalle** wat telgetalle, negatiewe getalle, desimale getalle en breuke insluit.

## WOORDELYS

### voorstel

om voorwerpe, simbole of aksies te gebruik om vir 'n idee of konsep te staan




**Figuur 45** In Graad R is die fokus op telgetalle.

### Subitering

**Subitering** behels die onmiddellike herkenning, sonder om te tel, van die getal items in klein versamelings. Subitering is 'n vroeë vaardigheid wat bestaan voordat leerders getalname en -simbole leer, of leer om te tel. Subitering vorm 'n sterk grondslag vir die tel van versamelings voorwerpe en vir vroeë berekening.

### Perseptuele subitering

Perseptuele subitering is die vermoë om onmiddellik die getal voorwerpe in 'n klein versameling waar te neem. Jong kinders kan die verskil tussen 'n getal voorwerpe in 'n versameling herken, sonder om te tel, en kan sê watter meer of watter minder is sonder om die getalname of getalsimbole te ken. Hulle kan dikwels hul vingers gebruik om dieselfde getal voorwerpe by mekaar te pas of uit te wys. Hulle leer geleidelik om getalname by die versameling te pas en sal kan sê, sonder om te tel, dat daar een, drie, twee, vyf voorwerpe in 'n versameling is. Hierdie vorm van subitering is slegs moontlik met 'n klein getal voorwerpe en die meeste kinders en volwassenes kan dit akkuraat tot en met vyf doen.



**Figuur 46** Kolrangskikkings vir twee, drie en vier

### Konseptuele subitering


In Graad R verbeter die leerders se vermoë om te herken "hoeveel" voorwerpe daar in 'n versameling is. Dit kan uitbrei na getalle groter as vyf deur gebruik te maak van beelde van getalle, soos die rangskikking van kolle op dobbelstene, domino's en rame-van-tien.

### WOORDELYS

#### subitering

die kognitiewe vermoë om onmiddellik die totale getal voorwerpe in 'n versameling te herken sonder om te tel

In die voorbeeld hieronder, kan leerders, deur konseptuele subitering te gebruik, onmiddellik herken dat hierdie kaarte sewe voorwerpe toon.



**Figuur 47** Kolrangskikkings vir sewe

Hierdie uitgebreide vorm van subitering word konseptuele subitering genoem. Dit is gebaseer op kennis van deel–geheel en stel leerders in staat om vinnig getalle groter as vyf te identifiseer.

### In die praktyk ...

Leerders geniet dit om speletjies te speel waar jy vlugtig 'n klein aantal voorwerpe wys voordat jy dit wegvat en hulle dan vra hoeveel daar is. Pas- en telspeletjies sal subitering vaslê, byvoorbeeld, herken 'n getal voorwerpe sonder om te tel. Dit sal die leerders help om getalkombinasies tot tien te memoriseer en hulle ook help met vroeë berekeninge (optel en aftrek).

Kolkaarte kan gebruik word om:

- verskillende rangskikkings van getalle van een tot vyf te toon
- die ontwikkeling van die herkenning van klein getalle te ondersteun
- getalname met klein versamelings te assosieer
- tellers by die kolle te pas.

A      B      C      D      E

**Figuur 48** Kolkaarte

Aktiwiteite soos domino's en speletjies met dobbelstene bied prettige geleenthede om subiteringvaardighede te oefen.

## Tel

Tel is 'n komplekse vaardigheid wat baie oefening verg. Leerders ontwikkel dit wanneer hulle oefen om regte voorwerpe te tel. Hulle begin dikwels deur ouer leerders en volwassenes wat tel, na te boots.

Daar is twee aktiwiteite wat tel behels. Die eerste is mondelinge of ritmiese (*rote*) tel wat behels dat die name en volgorde van die getalle gememoriseer word, dikwels in 'n rympie of liedjie. Die tweede is wanneer voorwerpe een vir een getel word om uit te vind hoeveel daar is.

## Mondelinge tel

In Graad R leer leerders die korrekte volgorde van getalname en herhaal die volgorde daagliks deur hardop te tel. Hierdie soort **mondelinge tel** word ook **ritmiese (rote)** of **akoestiese tel** genoem. Die doel van hardop tel is om leerders te help verstaan dat wanneer ons tel, die getalname 'n vasgestelde volgorde het: ons begin by een en dan volg twee, drie, vier, vyf. Aanvanklik het leerders nie 'n volledige begrip van die betekenis van die getalname nie en kan hulle dalk getalle in 'n telreeks uitlaat.

Om 'n rympie of 'n reeks getalle mondeling op te sê, beteken om die getalle uit die geheue te herroep. Selfs wanneer leerders in twees, vyfs en tiene tel, gebruik hulle hul kennis van hierdie volgorde van getalle. Om getalname te leer en dit in die korrekte volgorde te herhaal, beteken nie noodwendig leerders kan tel nie. Om uit te vind "hoeveel" daar is, verskil van tel.

## Tel van voorwerpe

Tel van voorwerpe word ook **rasionele** of **resultatiewe tel** genoem. Dit beteken dat voorwerpe of gebeure by 'n getalnaam gepas word. Om te tel "hoeveel", moet leerders besef elke voorwerp in 'n versameling het 'n getalnaam ("een, twee, drie, vier ...") en dat jy elke voorwerp slegs een keer tel.

Met baie praktiese aktiwiteite en leiding deur die onderwyser, begin leerders verstaan en pas die volgende telbeginsels toe:

- 1. Beginsel van een-tot-een-ooreenstemming:** Een, en slegs een, telwoord word by elke voorwerp in die versameling wat getel word, gepas. Aanvanklik kan leerders dalk dieselfde voorwerp twee keer tel, 'n voorwerp oorslaan, of vergeet watter voorwerpe reeds getel is. Dit is nuttig vir leerders om aan voorwerpe te raak en dit te beweeg terwyl hulle tel.
- 2. Beginsel van stabiele volgorde:** Getalname word altyd in dieselfde vaste volgorde gerangskik, bv. een word gevvolg deur twee, twee word gevvolg deur drie, drie word gevvolg deur vier, ensovoorts.
- 3. Kardinale beginsel:** Die laaste getalnaam wat gesê word wanneer 'n versameling getel word, verteenwoordig die totale getal voorwerpe in die versameling.
- 4. Abstraksie-beginsel:** Leerders verstaan dat selfs indien groepe met dieselfde getal voorwerpe (bv. vyf druiwekorrels, vyf mense, vyf huise) baie anders lyk, hulle dieselfde getalwaarde het, nl. "vyf". Hulle besef dat tel toegepas kan word op voorwerpe, prente, kleure, vorms, of selfs aksies of klanke.
- 5. Beginsel van irrelevansie van volgorde:** Die volgorde waarin voorwerpe in 'n versameling getel word, is irrelevant. Leerders moet verstaan dat ongeag hoe ons die voorwerpe rangskik of orden, die totale getal voorwerpe in die versameling dieselfde bly.

## WOORDELYS

### mondelinge tel/ ritmiese tel/ akoestiese tel

om hardop te tel  
terwyl die getalname  
in die regte volgorde  
gesê word

### rasionele tel/ resultatiewe tel

die tel van voorwerpe  
om te bepaal  
"hoeveel" daar is



**Figuur 49** Voorbeeld van die abstraksie-beginsel

Wanneer leerders al vyf hierdie telbeginsels verstaan en kan toepas, kan ons met vertroue sê dat hulle kan tel.

### In die praktyk ...

Met oefening verstaan leerders dat tel gebruik kan word om versamelings voorwerpe met mekaar te vergelyk. Sodra leerders die telvolgorde ken wanneer getalle getel word:

- 👉 begin hulle verstaan dat elke getal in die telvolgorde een groter is as die getal voor dit en kleiner is as die volgende getal
- 👉 kan hulle in hul koppe getalle vergelyk en sien dat twee een meer is as een, en dat drie een meer is as twee
- 👉 besef hulle dat getalle elke keer met een toeneem, en dat enige getal in die telvolgorde presies een meer is as die vorige getal.

1
2
3
4
5

●
●
● ●
● ●
● ● ●

**Figuur 50** Tellers stel die hoeveelheid van getalle in volgorde voor.

### Skatting

Hoewel tel daaroor gaan om vas te stel wat die presiese getal voorwerpe in 'n versameling is, moet leerders ook skattingsvaardighede ontwikkel sodat hulle kan sê "ongeveer" hoeveel voorwerpe daar in 'n versameling is. Hulle moet terme soos, "'n klomp", "min", "meer", "te veel" of "ewe veel" kan gebruik. In skatting gebruik leerders hul begrip van getalle om sinvolle en akkurate raaiskote oor hoeveelhede te maak terwyl hulle besef dat 'n geskatte hoeveelheid nie presies korrek hoef te wees nie. Leerders is dikwels traag om 'n raaiskoot te waag, ingeval dit verkeerd is.




## In die praktyk ...



Hoewel leerders dalk nog nie 'n aantal voorwerpe akkuraat kan tel nie, kan hulle 'n antwoord vind deur te skat.

- 👉 Op grond van die visuelebeeld kan leerders sien dat daar meer voorwerpe of items in 'n prent is. Hulle kan sê watter groep meer of minder het.
- 👉 Leerders kan die antwoord vind deur een-tot-een-ooreenstemming van die voorwerpe in die twee versamelings te gebruik om te vergelyk watter versameling die meeste en watter een die minste het.
- 👉 Leerders kan die aantal items in twee prente vergelyk deur 'n lyn om dieselfde getal items in elke prent te trek.
- 👉 Leerders kan ook hul hande gebruik om 'n aantal items te bedek, byvoorbeeld, vier roomyse in elke prent. Dit sal duidelik wees dat daar meer roomyse in die eerste prent is wat nie bedek is nie.



**Figuur 5l** Skatting op grond van die visuelebeeld wat gesien word

### Ordinale getalle

Ordinale getalle word gebruik om die plek of posisie van 'n persoon of voorwerp te beskryf, bv. in 'n lyn of ry. Leerders verstaan dat as hulle 'n wedloop hardloop, hulle nie "drie" kom nie, maar "derde" kom. Op dieselfde manier weet hulle dat hulle nie "een" in die ry staan nie, maar "eerste".



Figuur 52 Eerste, tweede en derde posisies

### Berekening

'n Goeie begrip van getalle en tel is belangrik om te leer hoe om berekeninge te doen. Leerders moet eers die verwantskap tussen getalle verstaan: vergelyking, ordening en verdeling van getalle (breek af en bou op) om getalbewerkings, soos optel, aftrek, vermenigvuldiging en deling, te leer.

Aktiwiteite en ervarings wat die afbreek en opbou van getalle, bytel by en vergelyking van versamelings behels, is die begin van die konsep van kombinering (optel) en skeiding (aftrek). Graad R-leerders word ook tydens hul daaglikse speletjies en aktiwiteite, bv. wanneer hulle winkel-winkel speel of speelgoed deel, aan optel en aftrek blootgestel. Vir aftrek moet leerders deelneem aan praktiese aktiwiteite waar dinge "weggeneem" word, met ander woorde, uitvind hoeveel in 'n versameling voorwerpe oorbly wanneer sommige voorwerpe weggeneem word. Aanvanklik gebruik leerders telstrategieë om probleme wat optel en aftrek behels, op te los. Hulle tel byvoorbeeld al die voorwerpe in twee versamelings om 'n somtotaal te kry wanneer die twee versamelings gekombineer word, of tel hoeveel munte oorbly wanneer van die munte weggegee word.

**Vermenigvuldiging, deling en breuke word nie formeel in Graad R onderrig nie,** maar leerders gebruik hierdie konsepte wanneer hulle probleme oplos wat behels dat hulle groepe vorm en iets gelykop verdeel. Aktiwiteite wat herhaalde optel en herhaalde aftrek behels, lê die grondslag vir vermenigvuldiging en deling. Hierdie aktiwiteite help ook om verwantskappe tussen optel en vermenigvuldiging, en tussen aftrek en deling, wat later op skool geleer moet word, te vestig.




#### In die praktyk ...



Gee vir leerders probleme waar hulle groepe met ewe veel moet maak en dinge gelykop moet verdeel, byvoorbeeld:

- 👉 Vra drie leerders om elk twee tellers te neem. Tel saam die totale getal tellers, bv. twee en twee is vier en twee is ses (herhaalde optel).

-  Plaas ses tellers op die mat. Neem twee op 'n keer weg terwyl jy sê: "Ses neem weg twee is vier, neem weg twee is twee, en neem weg twee is nul" (herhaalde aftrek).
-  Gee vir leerders uitgeknipte sirkels. Vra hulle om gelyke groepe op elke sirkel te maak deur tellers te gebruik, bv. twee op elke sirkel.
-  Vra leerders om voorwerpe gelykop tussen hulle te verdeel, bv. deel 15 tellers tussen drie leerders.
-  Vra leerders om voorwerpe te deel waar die reste verdeel moet word, bv. deel twee appels gelykop tussen drie leerders.



Figuur 53 Gebruik voorwerpe vir berekeninge.

### Vrae vir Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

- Kan jy dit op 'n ander manier rangskik?
- Hoeveel is daar?
- Hoeveel kan jy tel?
- Wie het meer/minder?
- Watter getal kom voor ...? Watter getal kom na ...? Watter getal is tussen ... en ...?
- Hoeveel meer is in hierdie groep?
- As ons dit gelykop tussen ons verdeel, hoeveel sal elkeen van ons hê?
- As ek party van hierdie bedek, hoeveel is weggesteek?
- Watter getal is dit? (wys 'n getalkaart of 'n geskrewe syfer)
- Kan jy die getalkaarte in die regte volgorde plaas?
- Wie staan eerste, tweede ...?
- As jy twee hiervan het, en ek gee vir jou twee meer, hoeveel sal jy hê?
- As ek drie hiervan het, en ek gee vir jou een, hoeveel sal ek hê?

## Woordeskat vir Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

### Tel en herken getalle

- pas, sorteer, vergelyk
- getal
- een, twee, drie ... twintig en verder
- geen, niks, leeg, nul, zero
- hoeveel ...?
- tel (tot) by
- tel aan (van, tot by)
- tel terug (van, tot by)
- tel in ene, twees ... tiene ...
- meer, baie, min, minder
- minder as, groter as, meeste, minste
- te veel, te min, genoeg, nie genoeg nie
- elke ander/tweede
- groep, versameling
- byna, naby, ongeveer dieselfde as
- hoeveel bly oor, res
- net meer, net minder

### Vergelyk en orden getalle

- pas, sorteer, vergelyk, orden
- dieselfde hoeveelheid as, ewe veel
- een meer, twee meer, ...
- een minder, twee minder, ...
- voor, agter, langs, langsaan, tussen
- eerste, tweede, derde ... tiende
- laaste, voor, na

Van **twee** voorwerpe/hoeveelhede: groter, meer, minder, kleiner

Van **drie** of meer voorwerpe/hoeveelhede: grootste, meeste, minste, kleinste

### Bewerkings met getalle

#### *Optel en aftrek*

- pas, vergelyk
- tel op, meer, en
- saam, altesaam
- verdubbel/halveer
- een meer, twee meer, ...
- hoeveel meer om ... te maak?
- hoeveel is ... meer as ...?
- neem weg, trek af
- een minder, twee minder, ...
- hoeveel is oor/bly oor?
- verskil tussen

#### Vermenigvuldig en deel

- bondels, groepe van twee, drie, ...
- deel regverdig/gelykop
- verdeel, tussen
- deel een/meer as een op 'n slag
- is dieselfde as, verskil van
- hoeveel oor, oorblywende

#### Ekwivalensie

- pas, vergelyk
- presies dieselfde
- dieselfde as, verskil van
- maak
- gelyk aan
- gelyke groepe

#### Skat

- pas, vergelyk
- raai hoeveel; skat
- byna, naby
- ongeveer dieselfde
- net minder, net meer
- te veel, te min, genoeg, nie genoeg nie

## Patrone, Funksies en Algebra

**Patrone** is oral om ons. Kinders kom patronen en **volgorde** in mense se gedrag, in daagliks roetines, dae van die week, maande van die jaar, in weersiklusse, in musiek en kuns, en in die beboude omgewing, teë.

Byvoorbeeld:

★ klere



Figuur 54. Patrone in klere

#### WOORDELYS


##### **patroon**

die reëlmataige volgorde van voorwerpe, bewegings of gebeure wat op 'n voorspelbare manier herhaal word

##### **volgorde**


die spesifieke orde waarin voorwerpe, bewegings of gebeure op mekaar volg

\* geboue



Figuur 55 Patrone in geboue

\* die natuur



Figuur 56 Patrone in die natuur

### Herken patronen

Jong kinders is geneig om op die kleur en aantreklikheid van 'n prent of voorwerp te fokus, bv. 'n vel geskenkpapier, en sal sê dit het 'n "mooi patroon". Die meeste van hierdie patronen is **onreëlmatige patronen**.

Ons kan sien daar is 'n herhaling van voorwerpe, kleure of vorms, maar ons kan nie sê hoe die herhaling werk nie.



Figuur 57 Onreëlmatige patronen

Onderwysers behoort leerders se aandag te vestig op patronen binne en buite die klaskamer. Wys byvoorbeeld hoe bakstene in 'n muur, die plaveistene in paadjies of die merke op diere se velle, gerangskik is.



Figuur 58 Patrone rondom ons

In 'n **reëlmatige patroon** kan ons sien hoe die **elemente** in 'n patroon herhaal word, en ons kan die volgorde of reeks wat die patroon sal volg, voorspel, bv. in die patroon hieronder kan ons sien dat die sirkel en vierkant herhaal word, en ons kan voorspel dat die volgende vorm in die reeks 'n sirkel sal wees, gevvolg deur 'n vierkant, ensovoorts.



Figuur 59 Sirkel, vierkant, patroon

In Graad R sal leerders dalk 'n patroon kan herken, maar hulle sal dalk nie kan identifiseer of beskryf "wat die patroon maak nie". Onderwysers kan leerders help om patronen te herken deur hulle te vra wat 'n spesifieke patroon maak en hoe die elemente in volgorde geplaas word. Vra byvoorbeeld vir die patroon hierbo: "Watter vorm kom eerste? Watter vorm kom volgende? Watter vorm dink julle sal volgende kom?"

## Verskillende soorte patronen

### Meetkundige patronen

'n Meetkundige patroon is 'n patroon wat uit lyne en meetkundige vorms bestaan wat in 'n herhalende volgorde gerangskik is, byvoorbeeld, 'n rombus, reghoek, vierkant of vyfhoek. Meetkundige patronen kan oral om ons gevind word, bv. op vloerteëls en geskenkpapier.



Figuur 60 Meetkundige patronen


### WOORDELYS

#### elemente

die voorwerpe, bewegings of gebeure in 'n patroon

## Herhalende patronen

Herhalende patronen bestaan uit 'n reeks elemente wat herhaal word, byvoorbeeld, vorms, kleure, klanke, voorwerpe, bewegings of gebeure. In 'n herhalende patroon word dieselfde elemente met reëlmaat herhaal.



Figuur 61 AB-patroon


Begin deur leerders bekend te stel aan patronen met slegs een **attribuut** wat verskil, bv. kleur of vorm, en verskaf 'n herhalende reeks wat lank genoeg is sodat leerders die patroon kan uitwerk.

Leerders kan dan meer uitdagende patronen herken, soos ABB- of AABB-patronen.


### WOORDELYS

#### attribuut

'n kenmerk of eienskap van iets, byvoorbeeld kleur of vorm




Figuur 62 ABB-patroon



Figuur 63 AABB-patroon


Stel geleidelik patronen met twee of meer attribute of kenmerke, soos kleur en vorm, aan die leerders bekend.



Figuur 64 ABC-patroon


## Groeiende patronen

Groeiende patronen verskil van herhalende patronen deurdat die patroon in elke reeks toeneem of afneem. In die patroon in Figuur 65 neem die aantal gekleurde blokkies in elke reeks blokkies met een blokkie toe.




Figuur 65 Groeiende patroon

Leerders kan die patroon met die volgorde van getalle assosieer en herken dat die getal elke keer met een toeneem.




Figuur 66 Groeiende patroon



Figuur 67 Groeiende patroon

In die patroon hieronder, neem die reeks elke keer met twee toe.




Figuur 68 Groeiende patroon

### **Patroonvaardighede – wat leerders moet weet**

Leerders se vaardighede sal verskil, maar leerders in Graad R sal die volgende moet kan doen:

- ★ Pas en sorteer voorwerpe volgens een of meer kenmerk, bv. vorm, kleur, klank.
- ★ Vergelyk ooreenkomsste en verskille in twee of meer voorwerpe.
- ★ Praat oor patronen wat in daaglikse ervarings voorkom.
- ★ Herken patronen in hul omgewing, bv. heiningpale, bakstene, plaveistene.
- ★ Identifiseer patronen.
- ★ Kopieer patronen wat ander gemaak het.
- ★ Brei patronen wat ander begin het, uit.

- ★ Skep hul eie patronen op verskillende moeilikheidsvlakke, byvoorbeeld:



**Figuur 69 Skep patronen**

- ★ Sê wat ontbreek indien 'n deel van 'n patroon versteek is.



### In die praktyk ...



Onderwysers behoort leerders te lei om patronen te herken en te maak en geleenthede skep sodat hulle patronen kan waarneem, beskryf en kan bespreek deur te fokus op aktiwiteite wat die volgende behels:

- 👉 Praat oor dit "wat die patroon maak".
- 👉 Verken patronen deur voorwerpe, prente en ritme, soos hande klap, gedurende die fokustyd vir wiskunde te gebruik, maar ook tydens skeppende kuns, musiek en fisiese aktiwiteite buite.
- 👉 Maak hul eie patronen en praat oor hoe en waarom hulle elemente op 'n spesifieke manier gerangskik het.
- 👉 Teken patronen en gebruik verskillende kleure en vorms, en praat oor die manier waarop die patroon herhaal word.

### Vrae vir Patronen, Funksies en Algebra

- Kan jy 'n patroon sien? Vertel my daarvan.
- Wat kom eerste, laaste, volgende, na, voor?
- Is hierdie twee patronen dieselfde? Wat verskil? Hoe kan jy dit dieselfde maak?
- Kan jy hierdie patroon kopieer? Wat sal volgende kom in die patroon?
- Wat moet ek doen om hierdie patroon uit te brei?
- Kan jy vir my vertel wat jou patroon is? Kan jy 'n ander patroon maak? Wat ontbreek in hierdie patroon?

## Woordeskat vir Patrone, Funksies en Algebra

- pas, vergelyk, orden, volgorde
- beginpunt, begin
- eerste, middelste, laaste
- voor, na, einde
- wat is volgende ...?
- grootte
- groot, groter, grootste
- klein, kleiner, kleinste
- dieselfde, verskillend, verskil
- kleurname
- bou die patroon
- herken
- wys, identifiseer
- gaan voort, brei uit
- kopieer
- herhaal, weer
- beskryf, verduidelik
- wat kom voor/na?
- volg, tussen
- in 'n lyn, in 'n ry
- spasie, gespasieer

## Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Jong kinders verken ruimte en vorm tydens hul alledaagse aktiwiteite wanneer hulle probeer sin maak van die fatsoene en vorms om hulle, soos hul ma's se gesigte, voorwerpe wat beweeg, en hul eie liggamme. Hulle verken ruimtelike konsepte wat met ruimte en vorm verband hou wanneer hulle met balle speel of in en uit bokse klim of op voorwerpe klim of daaronder inkruip. Hulle sien verskillende vorms in dinge in hul huise en buite, soos wolke, geboue, blare en voertuie.

Baie kinders betree Graad R met kennis van verskillende vorms en kan dalk ook vorms, soos sirkels en driehoeke, herken en teken. Hulle het dalk ook al met blokkies, konstruksiespeelgoed en legkaarte gespeel. In Graad R bou leerders op hierdie ervarings wanneer hulle van ruimte, vorm, posisie, **oriëntasie**, aansigte en rigting leer. Hulle het baie geleenthede nodig om verskillende, alledaagse voorwerpe te ondersoek en te verken. Hierdie ervarings van ruimte en vorm help om 'n stewige grondslag te lê vir die begrip van **meetkunde** in later grade.

### WOORDELYS

#### oriëntasie

hoe voorwerpe in verhouding tot mekaar geplaas is

#### meetkunde

'n aspek van wiskunde wat te make het met eienskappe, meting en verhoudings van punte, lyne en vorms in ruimte

## Ruimte

Kinders oriënteer hulself in ruimte deur hul eie liggamoedigheid te gebruik. Eers verken hulle die verhouding tussen hulself, ander mense en voorwerpe. Babas reik uit en gryp na voorwerpe naby hulle en begin dan geleidelik rondbeweeg en hul omgewing met al hul sintuie verken. Hulle ondersoek wat gebeur wanneer hulle verskillende voorwerpe druk, trek, rol of draai terwyl hulle daarmee speel, en wanneer hulle dit doen, ontwikkel hulle 'n begrip van hulself in verhouding tot die voorwerpe. Hulle leer ook die beperkings van hul eie fisiese bewegings wanneer hulle bo-oor en onderdeur stoele en in bokse klim, agter bome wegkruip, of van bo van 'n trap af ondertoe kyk.

## Posisie

Posisie in Graad R begin met die posisies van voorwerpe in verhouding tot die leerder, en vorder na die posisie van voorwerpe in verhouding tot ander voorwerpe. Posisie-woordeskot sluit in: in, op, bo, voor, agter, tussenin, langsaa, ensovoorts.

Met die hulp van volwassenes by die huis en onderwysers by die skool, kan Graad R-leerders die woordeskot ontwikkel om ruimte, posisie en rigting te beskryf terwyl hulle speel, voorwerpe soek, of binne-in en bo-op dinge klim.



### In die praktyk ...




Daar is gedurende die dag volop geleenthede vir leerders om ruimtelik te dink en om posisie-woordeskot te gebruik wanneer:


- 👉 hulle speletjies speel
- 👉 hulle dinge wegpak tydens opruimtyd
- 👉 hulle in ryke kom staan
- 👉 hulle praat oor waar dinge in prente en stories is.

Om leerders toe te laat om hul bewegings te verken:

- 👉 skep 'n hindernisbaan in of buite die klaskamer deur stoele, buitebande, bokse en/of planke te gebruik
- 👉 voer stories op wat wiskunde-woordeskot oor posisie gebruik, bv. bo-oor en onderdeur, op en af, naby en ver, langs en tussen
- 👉 plaas voorwerpe in verskillende posisies en oriëntasies
- 👉 vra leerders om uit verskillende posisies (aansigte) na voorwerpe te kyk en te sê wat hulle sien.



Figuur 70 Verken posisie



Figuur 7| Verskillende oriëntasies

### Rigting

Leerders in Graad R begin aanvanklik rigting aandui deur te wys, dan deur eenvoudige frase te gebruik, soos "daar anderkant". Die konsep van rigting vorder van die posisie waar die kinders is tot waar hulle is in verhouding tot ander dinge, bv. gaan reguit, draai, ensovoorts.

#### In die praktyk ...

Gebruik rigting-woordeskat:

- 👉 gedurende verversingstyd en opruimtyd
- 👉 wanneer jy instruksies gee oor waar om dinge te sit en hoe om van een plek na 'n ander plek te gaan
- 👉 wanneer julle op uitstappies gaan.

### Perspektief

In Graad R ontwikkel leerders hul konsep van **perspektief** namate hulle 'n groter begrip ontwikkel dat dinge kleiner lyk wanneer dit verder weg is.

#### WOORDELYS

##### **perspektief**

die uitwerking van afstand of diepte op hoe voorwerpe lyk

#### In die praktyk ...

- 👉 Neem mense en voorwerpe buite die klaskamer waar en praat oor waarom hulle kleiner lyk.
- 👉 Maak een oog toe en meet hoe groot 'n persoon of 'n voorwerp lyk en praat oor of hulle regtig so klein is.
- 👉 Vestig die aandag op voorwerpe in prente wat klein lyk en praat oor waarom dit so is.

## Vorm

In Graad R fokus leerders daarop om **driedimensionele (3D-)** voorwerpe en **tweedimensionele (2D-)** vorms te herken, te identifiseer en te benoem. In omgangstaal sal leerders sê hulle kyk na die voorwerp van alle kante, van bo en van onder. In wiskunde beskryf ons die **kenmerke** van 3D-vorwerpe aan die hand van hul lengte, breedte (wydte) en hoogte. In omgangstaal sal leerders oor 2D-vorms as prente praat, maar in wiskunde sê ons vorms het lengte en breedte (wydte) wanneer ons twee dimensies beskryf.

### Driedimensionele (3D-) voorwerpe

In Graad R verken leerders die kenmerke van alledaagse 3D-vorwerpe. Hulle bou konstruksies uit herwonne huishoudelike materiaal, soos bokse, blikkies, houers, kartontoiletrolle en balle. Hulle ondersoek en beskryf voorwerpe met boks- en bal-vorms. Hulle vergelyk voorwerpe met mekaar, en sorteer dit en praat oor ooreenkomsste en verskille.


Hierdie voorwerpe het almal plat vlakke.



Al hierdie voorwerpe kan rol.



Hierdie voorwerpe het almal driehoede op party van hul vlakke.



Figuur 72 3D-vorwerpe

## WOORDELYS

### tweedimensioneel (2D)

'n vorm het twee dimensies: lengte en breedte (wydte)

### driedimensioneel (3D)

'n voorwerp het drie dimensies: lengte, breedte (wydte) en hoogte

### kenmerk

die eienskappe van 'n 2D-vorm of 3D-vorwerp, bv. lengte, breedte, hoogte, sye (vlakke), rande, hoeke



## In die praktyk ...




Leerders kan:


- 👉 Met versamelings 3D-voorwerpe, wat blokkies, blikkies, bokse en balle insluit, speel.
- 👉 Voorwerpe beskryf. Hulle kan een voorwerp op 'n slag beskryf. Jy kan hul idees aanwakker deur vrae te stel en vir hulle die korrekte name en kenmerke van elke voorwerp te leer.
- 👉 3D-voorwerpe volgens 'n spesifieke kenmerk sorteer, soos reguit rande en of dit kan rol. Dit stel leerders in staat om vertroud te raak met voorwerpe en die kenmerke daarvan te verken.
- 👉 Hierdie voorwerpe beskryf deur omgangstaal, soos plat, glad, gepunt, te gebruik. Namate leerders meer kenmerke raaksien, leer hulle die toepaslike name, bv. rand, hoek, oppervlak of basis, vlak. Sorteringsaktiwiteite en besprekings van voorwerpe is belangrik, want dit help leerders om byvoorbeeld te verstaan dat hoewel 'n kartonbuis lank en dun is terwyl 'n koeldrankblikkie baie korter is, is albei silinders.

Leerders behoort geleidelik te word om te herken dat dit die kenmerk van 'n voorwerp is, soos die lengte, breedte of hoogte is, waarop ons fokus wanneer ons sorteer, en nie die kleur, grootte of ander kenmerke nie.


Graad R-leerders kan vra wat die naam van 'n voorwerp is, bv. 'n kubus, silinder of keël. In hoër grade leer leerders van die 3D-ruimteliggande wat in Figuur 73 getoon word.




Kubus




Kuboïed (kubusvorm)




Piramide met vierkantbasis




Keël




Driehoekige prisma



Piramide met driehoekbasis



Silinder



Sfeer

**Figuur 73** 3D-ruimteliggande

## Tweedimensionele (2D)-vorms

In Graad R herken, identifiseer en benoem leerders 2D-vorms: sirkels, driehoeke, vierkante en reghoeke. Hulle sien vorms in en buite die klaskamer en kan die kenmerke van hierdie vorms in prente verken en na voorwerpe soek wat soos die vorms lyk, bv. 'n padteken kan soos 'n sirkel lyk, die vensterruit soos 'n vierkant, die deur soos 'n reghoek.




In die praktyk ...



Leerders kan:

- 👉 Die kenmerke van 2D-vorms, soos sirkels, vierkante, reghoeke en driehoeke, in en buite die klaskamer verken.
- 👉 Na voorwerpe soek wat 'n "vierkantige-vorm" het en na die kant of vlak van 'n boks verwys, of 'n "sirkel-vorm" het wat na 'n padteken of die basis of rand van 'n koppie verwys.
- 👉 2D-vorms van verskeie groottes en oriëntasies in prente beskryf.


Leerders moet 'n verskeidenheid 2D-vorms, bv. verskillende driehoeke (nie net gelyksydige driehoeke nie) en reghoeke van verskillende groottes sien. Dit help die leerders om te besef wat spesifieke vorms gemeen het, byvoorbeeld dat alle driehoeke drie sye en drie hoeke het, maar nie presies dieselfde hoef te lyk nie, en dat reghoeke vier sye het, ongeag die oriëntasie.



Figuur 74 Vorms met drie sye




Parallelogram




Vierkant




Reghoek



Trapesium



Rombus



Vlieër

Figuur 75 Vorms met vier sye

Gee vir leerders geleenthede om 2D-vorms te verken tydens onafhanklike speelaktiwiteite. Maak 'n verskeidenheid materiaal beskikbaar – plastiekvorms (attribuutblomme) en kartonvorms van verskillende kleure en groottes – en moedig leerders dan aan om dit te gebruik om patronen, prente en eenvoudige voorstellings te skep. Gedurende hierdie aktiwiteite kan onderwysers met leerders gesels oor wat hulle doen en vrae stel om hulle aan te moedig, byvoorbeeld: "Vertel vir my van die patroon wat jy maak." "Dit is 'n pragtige huis. Hoe het jy dit gemaak? Beskryf die stappe vir jou maat."

Wanneer Graad R-leerders vorms en voorwerpe begin ondersoek en beskryf, gebruik hulle dikwels alledaagse taal, soos plat, glad, gepunt. Onderwysers kan hulle geleidelik leer om op die lyne van 'n vorm of voorwerp te fokus en wiskunde-terme te gebruik om die alledaagse terme te vervang – sny, geboë, reguit, hoek.

Leerders se begrip van die kenmerke van vorms ontwikkel namate hulle **verskille** en **ooreenkoms** tussen vorms kan herken. Dit kan gedoen word deur middel van aktiwiteite wat sortering en klassifisering behels, en ook deur aktiwiteite waar hulle dinge bymekaar moet pas, soos om te besluit of 'n vorm in 'n legkaart of 'n konstruksie sal inpas, of deur "lotto" met vorms te speel.



Figuur 76 Verskille en ooreenkoms van vorms



## In die praktyk ...



### Gaan van 3D na 2D

Trek leerders en ander voorwerpe in die klaskamer na om te kyk na die "prent" wat dit maak en daaroor te praat. Leerders kan voorwerpe in verf doop en dit op papier druk om afdrukke te maak. Hulle kan ook om die rand van voorwerpe natrek en praat oor die lyn en vorm wat hulle maak. Bakkies, boublokke, kartontoiletrolle, en byna enige herwinbare materiaal kan gebruik word om vorm-prente op hierdie manier te skep.

### Vormspeletjies


Leerders speel in pare. Een leerder steek 'n vorm of voorwerp agter sy/haar rug weg en die ander leerder stel vrae daaroor totdat sy/hy kan raai wat dit is. "Is dit plat? Het dit drie sye?"

Onderwysers kan leerders uitdaag om soveel verskillende vorms as moontlik op 'n pennetjiesbord te maak.

## Bou en haal vorms uit mekaar

Sodra leerders 2D-vorms (vierkant, sirkel, driehoek, reghoek) en 3D-voorwerpe (bokse en balle) kan identifiseer, is hulle gereed om met vorms te bou en dit dan weer uit mekaar te haal:


- 👉 Strooitjies, stokkies en ander soortgelyke materiaal kan saam met speeldeeg gebruik word om vorms te maak.
- 👉 Vra leerders om 'n vorm te maak en bespreek dit. "Dit is 'n vierkant. Kan jy dit in 'n driehoek verander?"



Figuur 77 Bou vorms

## Maak vorm-prente

Leerders kan attribuutblokke gebruik om 'n prent te maak.



Figuur 78 'n Vorm-prent

Hulle kan uitgeknipte vorms op papier vasplak om nuwe vorms of prente te maak.

Hulle kan speeldeeg rol, knyp en druk om vorms te maak en die vorms dan kombineer om nuwe vorms te maak.

## Transformasies

Leerders gly vorms rond, keer hulle om en draai hulle terwyl hulle probleme wat vorms behels, oplos, soos om vorms in prente bymekaar te pas en vorm-patrone te kopieer deur attribuutblokke te gebruik.

In hoër grade sal leerders van 'n verskeidenheid 2D-vorms leer. Leerders in Graad R sal dikwels vir onderwysers en volwassenes vra wat 'n vorm genoem word, en die diagramme hieronder bied 'n verwysing hiervoor.



Sirkel




Ovaal




Driehoek



Vierkant



Trapesium



Figuur 79 Verskeidenheid 2D-vorms

### Simmetrie


Leerders kan simmetriese patronen oral om hulle raaksien, in die natuur, in geboue, in skilderye en voorwerpe. In die vroeë jare word **simmetrie** die maklikste verstaan as "weerkaatsing" of "spieëlbeeld". Leerders kan hierdie konsep verken deur vorms en prente in die helfte te vou en deur met vetkryt 'n prent op een helfte van 'n vel papier te teken, die papier dan in die helfte te vou en die area agter hulle tekening te krap en te sien hoe die presiese kopie van dit wat hulle geteken het, op die ander helfte van die papier afgedruk word.

Simmetriese patronen kom in ons liggeme, in die natuur, in die beboude omgewing en in prente voor. 'n Simmetrielyn verdeel die vorm in twee identiese dele. Die lyn kan horisontaal of vertikaal wees.

### WOORDELYS


#### **simmetrie**

wanneer 'n vorm of voorwerp in twee gelyke helftes langs 'n middellyn verdeel kan word




Figuur 80 'n Simmetrielyn verdeel die vorm in twee identiese dele.


In Graad R verken leerders simmetrie deur voorwerpe en prente met mekaar te vergelyk. Hulle leer dat simmetrie nie "dieselbde as" beteken nie, maar identies, byvoorbeeld, 'n skoenlapper is simmetries, maar 'n hand is nie.



Figuur 81 Simmetries



Figuur 82 Nie simmetries nie



Figuur 83 Gevoude vel papier met prent uitgeknip en langsaan gekopieer om simmetrie te toon.

#### Vrae vir Ruimte en Vorm (Meetkunde)

- Waar staan jy?
- Wat is voor/agter jou?
- Kan jy vir my sê hoe om van ... tot by ... te kom?
- Kan jy vir my wys hoe om om die boks, bo-oor die stoel en onderdeur die stoel te beweeg?
- Watter vorm is dit?
- Hoe weet jy dit is 'n driehoek/vierkant/reghoek/sirkel?
- Hoeveel sye het hierdie vorm?
- Hoeveel hoeke/punte het hierdie vorm?
- Wat kan jy vir my van die sye/kante van hierdie vorm vertel?
- Wat kan jy vir my van die lyn vertel?
- Wat is dieselfde/verskillend omtrent hierdie twee vorms?
- Waarom hoort hulle by mekaar?

- Kan jy enigets in die klaskamer sien wat soos hierdie vorm lyk?
- Wat sal gebeur as ek hierdie vorm omkeer? Wat sal gebeur as ek hierdie vorm omdraai?
- Kan jy hierdie vorms gebruik om 'n model van daardie prent te maak?
- Watter van hierdie voorwerpe kan rol/gly?
- Kan jy hierdie voorwerpe bo-op mekaar sit?
- Kan hierdie vorms in mekaar pas?
- Kan jy 'n voorwerp met plat sye/kante vind?
- Kan jy 'n voorwerp met geboë sye/kante vind?
- Hoeveel rande/hoeke/punte het die boks?
- Wat is dieselfde/verskillend omtrent hierdie twee bokse?

## Woordeskat vir Ruimte en Vorm (Meetkunde)

---

### Posisie en rigting

- in, op, af, bo-op, bo-oor, onder, uit, bo, tussen, voor, agter, langs, onderstebo
- naby, ver, langs, kant, binne, buite
- naby, nader
- ver, verder
- naby
- reguit, draai
- om/rondom, langs, deur
- na, van, daarna ... toe, weg van
- teenoorgesteld
- vorentoe, agtertoe, sywaarts
- links, regs

### 2D-vorms

- sirkel, vierkant, reghoek, driehoek
- lyn, sy, kant, rand, hoek, punt, skerp
- geboë, reguit

### 3D-voorwerpe

- blok, boks, onder, bo, sye, vlak, plat
- lyne, reguit, rand
- hoek, skerp, punt
- bal, rond, geboë


### Simmetrie

- dieselfde as
- links, regs
- bo, onder

# Meting

Kinders is besig met **meting** wanneer hulle in hul daaglikse lewens speel en verken. Hulle kom na Graad R toe met hul eie idees van meting, byvoorbeeld, dat 'n volwassene "groot" is, dat iets te hoog is om by te kom, dat hulle baie items nodig het om 'n boks vol te maak, dat dit lank neem om winkel toe te stap. Hulle sal vergelyk watter lekker die grootste van twee lekkers is, watter toring van blokke die hoogste is of watter een van twee bokse die swaarste is. Konseptuele begrip van verskillende soorte meting ontwikkel geleidelik en ontstaan uit die kinders se praktiese, daaglikse ervarings en gesprekke met volwassenes en maats, wanneer hulle byvoorbeeld die grootste stukkie brood vat of uitvind wie se voet die kleinste is of wie die hoogste toring gebou het. Hulle neem besluite oor watter van twee speelgoedkarre in 'n garage sal inpas, en hoeveel blokke hulle nodig het om die garage groter of kleiner te maak. Hulle kan bestanddele afmeet om kos te maak, water of sand uit 'n beker giet om te kyk hoeveel koppies hulle kan vol maak, of vergelyk hoe swaar 'n sak suiker en 'n boks lemoene is.

Afmetings en die eenhede wat ons gebruik om te meet, gaan daaroor om uit te vind hoeveel daar van 'n spesifieke ding is. Meting skakel met ander wiskunde-areas, soos getalle, patronen, vorm en data. Leerders tel hoeveel eenhede nodig is om fisiese hoeveelhede, soos hoogte, kapasiteit, volume, lengte, gewig, of nie-fisiese hoeveelhede, soos tyd, geld of temperatuur, te meet. Hulle kan skat of daar "meer" of "minder" van iets is, byvoorbeeld, die skeppies roomys in 'n bakkie. Hulle sal hul skatting baseer op die hoeveelheid plek wat die roomys inneem en nie op die gewig van die bakkies of die aantal skeppies nie.



**Figuur 84. Skat hoeveel roomys**

In Graad R is meting prakties, en leerders behoort baie praktiese aktiwiteite te doen wat vir hulle sinvol is. Om konsepte van meting te verstaan, byvoorbeeld hoe "swaar" iets is, moet leerders voorwerpe optel en die gewig daarvan vergelyk. Meting gaan daaroor om die grootte of hoeveelheid van een ding vas te stel deur dit met 'n nie-standaardeenheid, soos hande, voete, 'n potlood of 'n stukkie tou, te vergelyk, of 'n standaardeenheid, soos 'n sentimeter of liter.

## WOORDELYS

### **meting**

"hoeveel" van iets,  
bv. hoogte, lengte,  
massa, volume,  
kapasiteit

Onderwysers moet leerders waarneem tydens die aktiwiteite en met hulle oor hul idees praat. Onderwysers kan nuwe woordeskat bekendstel terwyl leerders byvoorbeeld vergelyk hoe lank dinge is. Wanneer leerders praat oor iets wat "groot" of "klein" is, kan die onderwyser die gebruik van die korrekte woordeskat modelleer deur hul woorde te herfraseer. Wanneer 'n leerder byvoorbeeld sê dat iemand groot of klein is, behoort onderwysers hulle aan te moedig om te sê wat dit is wat die persoon groot of klein maak. Is dit die lengte, of die breedte of die gewig van die persoon?



**Figuur 85 Gebruik wiskunde-woordeskat.**

Sodra leerders besluit het wat hulle wil meet (die kenmerk of attribuut), moet hulle besluit hoe hulle 'n spesifieke kenmerk, soos lengte, gaan meet.



**Figuur 86 Gebruik hande om lengte te meet.**

Sodoende sal leerders begin verstaan dat "groot" voorwerpe nie net groot voorwerpe is nie, en dat hulle dit kan ondersoek wat hul lengte, hoogte of gewig betref.



## In die praktyk ...



Leerders tel ook op en trek af wanneer hulle metingsprobleme oplos wat getalle bevat, byvoorbeeld wanneer hulle:

- 🕒 hoeveelhede vergelyk wanneer hulle water of sand in verskillende houers giet en hulle besef hulle het twee koppies nodig om 'n beker vol te maak
- 🕒 uitwerk hoeveel voorwerpe om aan elke kant van 'n balanseerskaal te plaas om die kante te laat balanseer, sal hulle besef dat hulle een meer of een minder nodig het en dan die totale aantal tel
- 🕒 torings met blokkies bou en die aantal blokkies optel, aftrek en tel om 'n toring langer of korter te maak.

## Ontwikkel die konsep van meting

Leerders behoort volop geleenthede te kry om probleme wat meting behels, op te los, en behoort 'n verskeidenheid toepaslike houers te hê wat hulle vir informele aktiwiteite kan gebruik om self oplossings te ondersoek en te vind. Leerders het praktiese aktiwiteite nodig wat vergelykings behels deur op te tel, te giet, aan te raak en te praat oor dit wat hulle ervaar.




**Figuur 87** Houers vir metingsaktiwiteite

### Verskillende maniere van meet

#### Direkte vergelyking

Meting is daarop toegespits om die kenmerk of attribuut van iets "direk" te meet. Meet byvoorbeeld die lengte van 'n potlood teen 'n ander potlood, of vergelyk twee leerders se lengtes deur hulle met hul rûe teen mekaar te laat staan.



**Figuur 88** Vergelyk die lengte van twee leerders.

"Max is langer as Lola."

"Hoeveel langer is hy?"

Vergelykings kan ook ordening behels:

"Max is langer as Lola, maar korter as Elton."



**Figuur 89** Langste na kortste

### Informele meting

Ons meet informeel deur **nie-standaardeenhede** te gebruik om te meet, byvoorbeeld wanneer ons 'n armlengte gebruik om 'n stuk tou te meet, of ons voete gebruik om die grootte van 'n mat te meet.

### WOORDELYS

#### **nie-standaard-eenheid**

'n meeteenheid wat 'n voorwerp soos 'n skoen, skuifspeld of kubus gebruik; dit kan ook 'n informele item soos 'n handspan, voet of lengte van die liggaam wees

## Standaardmeeteenheid

Ons gebruik standaardeenhede soos milliliter, sentimeter, meter, gram, kilogram, minute en ure om die lengte van iets, hoe swaar iets is of hoe lank dit duur om iets te doen, te vergelyk. Ons gebruik standaardeenhede om meer akkuraat te meet.

### Skatting

Leerders moet skattingsvaardighede tydens informele metingsaktiwiteite ontwikkel. Hulle moet byvoorbeeld skat hoe swaar hulle dink iets is voordat hulle dit meet, of hoe lank hulle dink iets is op grond van die aantal blokkies wat hulle dink hulle nodig sal hé om dit te meet, of hoe lank hulle dink dit sal duur om die klaskamer op te ruim. Hulle gebruik dan meetinstrumente om uit te vind hoe akkuraat hul skatting was.



### In die praktyk ...



Leerders begin verstaan wat meting beteken en waarom ons moet meet. Hulle verstaan dat:

- 👉 Meting direkte vergelyking en die gebruik van nie-standaardeenhede behels, soos hande en voete, en ander eenhede wat presies dieselfde grootte of lengte is, soos blokkies, tou, telstrooitjies.
- 👉 Elke eenheid 'n ander grootte is; hulle besef dat elke meting 'n ander resultaat oplewer.
- 👉 Ons een standaardeenheid gebruik om te meet sodat ons almal dieselfde uitkoms het wanneer ons 'n kenmerk of attribuut vergelyk.

Leerders het baie geleenthede nodig om self besluite te neem oor wat om te meet en hoe om te meet. Hulle behoort die resultate van hul meting te vergelyk en verskillende eenhede te gebruik om dieselfde voorwerpe te meet.

In hoér grade, wanneer leerders vergelykings- en skattingsvaardighede verwerf het, begin hulle standaardeenhede gebruik. Sommige Graad R-leerders word dalk by die huis aan meetinstrumente blootgestel en dit kan informeel by die skool bespreek word, byvoorbeeld:

- 👉 maatbekers, maatlepels – om milliliter, liter te meet
- 👉 liniale, maatbande – om sentimeter, meter te meet
- 👉 skale – om gram, kilogram te meet
- 👉 horlosies en wekkers – om minute, ure te meet.


## Tyd

Die praktiese aspekte van meting – afstand, kapasiteit, gewig – kan deur bekende aktiwiteite en gebeure vir leerders aangebied word, maar tyd is 'n moeilike, abstrakte konsep vir leerders om te verstaan. Dit is deels omdat volwassenes nie altyd die taal van tyd akkuraat gebruik nie, en alledaagse uitdrukings soos, "Gee my net 'n minuut" gebruik, terwyl dit dan heelwat langer as 'n minuut duur. Jong kinders is ook geneig om "in die oomblik" te leef, en daarom is dit moeiliker vir hulle om gebeure in die verlede in volgorde te herroep of toekomstige gebeure te voorspel. Leerders moet verstaan hoe tyd in hul eie lewens verloop en daarom moet onderwysers tyd in verband bring met die leerders se daaglikse ervarings en gebeure wat vir hulle bekend is.

- ★ Plaas gebeure in volgorde: Leerders moet die taal van tyd verstaan sodat hulle kan praat oor die volgorde waarin 'n reeks gebeure plaasvind. Gebruik die daaglikse roetine en stories om te praat oor die volgorde van gebeure gedurende die dag en die reeks aksies wat nodig is om 'n taak te voltooi – "wat het volgende/voor die tyd/daarna gebeur".
- ★ Enhede van tyd: Vergelyk verskillende eenhede van tyd met mekaar: skooltyd is in dieoggend, in die middag is hulle by die huis, slaaptyd is in die nag, twee "slapies" tot jou verjaardag. Maak 'n weerkaart, hou 'n maandelikse kalender, en teken belangrike gebeure op 'n prentrooster aan. Praat oor "gister, vandag, mōre". Leerders begin geleidelik verstaan hoe tyd opbou in dae van die week, maande van die jaar en seisoene.
- ★ Tempo van spoed: Hardloop buite en hardloop resies. Gebruik plastiekgeute om bane te maak waarin albasters kan rol en bou opritte om karretjies op en af te stoot. Dans op die maat van stadige en vinnige musiek. Vra leerders hoe lank dit hulle neem om hul tande te borsel of om die skool te stap. Praat oor vinnige en stadige bewegings en aktiwiteite.

## Lengte

In Graad R is die fokus op skatting, meting, vergelyking en ordening van lengte en afstand. Leerders moet verstaan dat om uit te vind hoe lank iets is, hulle dit van een punt tot die ander punt moet meet. Hulle kan byvoorbeeld die lengte van 'n potlood meet en vergelyk deur skuifspelde as nie-standaardeenhede te gebruik. Die illustrasie hieronder wys hoe dieselfde potlood met twee verskillende meeteenhede gemeet kan word. In die eerste prent is daar vyf skuifspelde en in die tweede prent is daar drie groter skuifspelde.



Figuur 90 Meet lengte met twee verskillende meeteenhede.

Leerders kan ook van bo tot onder meet om die lengte van iets vas te stel, byvoorbeeld, om uit te vind hoe lank die leerders in die klas is. Dan kan jy hulle in volgorde van die langste na die kortste rangskik.

- ★ Direkte vergelyking: Vind dinge wat langer as/korter as ... is. Sorteer voorwerpe volgens lengte en hoogte. Praat oor en beskryf waarom die voorwerpe op 'n spesifieke manier gesorteer is.
- ★ Kenmerke (Attribute): Praat oor die lengte, hoogte of breedte wat gemeet moet word.
- ★ Nie-standaardeenhede: Gebruik hande, blare, potlode om voorwerpe te meet en te vergelyk.
- ★ Eenvormige nie-standaardeenhede: Gebruik eenhede met dieselfde grootte, byvoorbeeld, blokkies. Plaas 'n aantal blokkies langs die volle lengte van die voorwerpe wat gemeet word. Gebruik later een blokkie en skuif dit aan en tel die aantal skuiwe.

### Massa

In Graad R is die fokus op skatting, weeg, vergelyking en ordening van voorwerpe volgens hoe swaar of lig dit is. Dit neem tyd vir leerders om die konsep te verstaan dat grootte en massa (of gewig) verskillend is. Leerders moet klein, swaar voorwerpe, klein, ligte voorwerpe, groot, swaar voorwerpe en groot, lichte voorwerpe verken en vergelykings daartussen tref. Onderwysers moet leerders help om te fokus op hoe swaar die voorwerp is, nie hoe groot nie.

- ★ Direkte vergelyking: Hou 'n voorwerp vas en skat die **massa**. Soek dinge wat swaarder of lichter as die voorwerp is.
- ★ Kenmerke (Attribute): Praat oor die vorm, grootte en massa van die voorwerp wat gemeet word.
- ★ Nie-standaardeenhede: Gebruik 'n balanseerskaal om die massa van voorwerpe te vergelyk. Plaas 'n voorwerp wat geweeg moet word aan een kant van die skaal. Plaas 'n ander (of meer as een) voorwerp aan die ander kant van die skaal om dit te laat balanseer.
- ★ Eenvormige nie-standaardeenhede: Gebruik eenhede van dieselfde grootte, byvoorbeeld, 'n groot blok of 'n boek om die massa van voorwerpe op 'n balanseerskaal te vergelyk.

### WOORDELYS

**massa**  
hoe swaar iets is

### Kapasiteit

Die **kapasiteit** van 'n voorwerp is hoeveel dit kan hou, byvoorbeeld, 'n 1 liter-melkbottel kan een liter vloeistof hou. In Graad R is die fokus op skatting, meting, vergelyking en ordening van houers volgens hoeveel dit kan hou. Onderwysers moet vir leerders baie geleenthede gee om die konsepte van leeg en vol te gebruik, bv. wanneer hulle tydens verversingstyd leë houers volmaak of houers met water of sand leegmaak. Leerders kan houers met verskillende stowwe vul en oor die houers se kapasiteit praat. "Hoeveel koppies water het ons nodig om hierdie beker vol te maak? Waarom het ons minder melkbottels met water nodig om die beker vol te maak?"

### WOORDELYS

**kapasiteit**  
die maksimum of grootste hoeveelheid wat iets (soos 'n emmer of 'n boks of 'n stadion) kan hou



- ★ Direkte vergelyking: Gebruik soortgelyke houers en water of sand om dit vol te maak, leeg te maak en van een houer na 'n ander te giet om uit te vind of hulle dieselfde hoeveelhede hou. Aanvanklik is leerders geneig om te skat dat die langer van die twee houers meer water sal hou.
- ★ Nie-standaardeenhede: Eksperimenteer met hoeveel water of sand verskillende houers kan hou. Vergelyk watter houers "meer" of "minder" hou. Vul een houer en giet dan die water of sand in 'n ander houer om te kyk of dit oorloop en of daar nog plek oor is om meer by te voeg. Vul lang en wye houers en plaas hulle in volgorde van die een wat die meeste hou tot die een wat die minste hou.
- ★ Envormige nie-standaardeenhede: Tel die aantal lepels of koppies wat houers van dieselfde grootte en van verskillende groottes volmaak.


## Volume

**Volume** gaan oor hoeveel van iets 'n voorwerp hou, soos water, sand, rys of suiker. In Graad R is die fokus van meting op hoeveel 'n houer kan hou (kapasiteit), eerder as die hoeveelheid spasie wat iets in 'n houer inneem (volume). Volume kan verander na gelang van die hoeveelheid van die inhoud op enige gegewe tydstip, maar kapasiteit is altyd dieselfde, byvoorbeeld, die kapasiteit van die beker is 1 liter, ongeag hoeveel dit op die oomblik bevat. Dit is 'n moeilike konsep vir leerders in Graad R om te snap.

### WOORDELYS

#### volume

die hoeveelheid wat iets hou of die spasie wat die inhoud opvat



Figuur 9| Verken kapasiteit en volume.

- ★ Direkte vergelyking: Leerders eksperimenteer met houers met verskillende vorms om uit te vind hoe groot die houer is en hoeveel hulle dink dit kan hou.
- ★ Nie-standaardeenhede: Laat houers soos plastiekosblikke, plastiekbotteltjies en melkhouers in water dryf. Vul dan die houers met tellers of sand en bespreek wat gebeur. Stel vrae soos: "Dryf hulle nog? Wat gebeur met die water in die emmer? Stort dit oor die rand?"

## Vrae vir Meting

- Wat het jy gedoen toe jy wakker geword het?
- Wat het jy volgende gedoen?
- Wat het daarna gebeur?
- Wat het ons gedoen voor ...?
- Wat sal ons doen na ...?
- Watter ... beweeg die vinnigste/stadigste?
- Watter dag is ...? Watter dag sal ... wees?
- Watter een is langer/korter?
- Watter een is swaarder/ligter?
- Hoeveel koppies/lepels/bottels hou ... vas?
- Watterhouer kan meer as hierdie houer hou?
- Wie se houer het die grootste kapasiteit? Hoe weet julle dit?
- Ek is regtig dors. Watter koppie moet ek gebruik? Waarom?

## Woordeskat vir Meting

- pas, sorteer, vergelyk, orden
- meet, dieselfde as

### Tyd

- voor, na, volgende, nou, toe
- vinnig, stadig
- dag, nag,oggend, middag
- vandag, gister, mōre
- week, dae van die week
- maand, maande van die jaar
- kalender
- jaar, datum
- herfs, winter, lente, somer, seisoene

### Lengte

- hoe lank, kort, breed, hoog
- hoër, langer, korter, breër
- kortste na langste, langste na kortste

### Massa

- swaar, swaarder, swaarste
- lig, ligter, ligste

### Kapasiteit

- groot, klein, min, baie, baie groot, piepklein

### Volume

- meer, minder, leeg, vol

# Datahantering

Jong kinders stel vrae wanneer hulle probeer sin maak van die wêreld waarin hulle leef. Onderwysers moet leerders in Graad R aanmoedig om vrae te stel en verklarings te soek. Hierdie vrae kan gebruik word as die basis vir die insameling van inligting (data) en om uit te vind oor dinge en gebeure.


## Sortering en klassifisering

Leerders sorteert en **klassifiseer** voortdurend voorwerpe om hulle op verskillende maniere. Hulle groepeer voorwerpe volgens kleur en grootte, pak items by die huis en die skool in en uit, sorteert dit in hopies van verskillende vorms en gebruikte, byvoorbeeld:

- ★ sorteert en pas groepe voorwerpe by mekaar: sokkies, skoene, borde, koppies
- ★ pak voorwerpe in en uit: blikkies, bokse, bottels, tellers
- ★ sorteert tellers of speelgoed volgens kenmerk: kleur, grootte, soort
- ★ opruimtyd: boeke, blokkies, legkaarte, speletjies, kryte.

Voorwerpe kan volgens hul ooreenkoms, soos kleur, gesorteer en geklassifiseer word. Hoe meer leerders van die kenmerke van voorwerpe, soos plante en diere, en die ooreenkoms en verskille daar tussen weet, hoe beter sal hulle dit in verskillende groepe kan klassifiseer.

Datahantering behels insameling, sortering en organisering, voorstelling en interpretering van inligting om 'n probleem op te los of 'n vraag te beantwoord, bv. "Hoeveel leerders hou daarvan om appels te eet?" Om hierdie vraag te beantwoord, moet leerders inligting insamel, dit sorteert en op 'n manier voorstel wat dit vir hulle maklik sal maak om die inligting te interpreteer om die vraag te kan beantwoord.



Figuur 92 Insameling, sortering en organisering in groepe

Datahantering kan inskakel by ander leerareas, byvoorbeeld vind uit oor:

- ★ die wêreld om ons, deur die daaglike weer waar te neem of verskillende blare te versamel
- ★ persoonlike voorkeure, soos gunstelingkleure
- ★ gesonde kossoorte, soos vrugte en groente.

## WOORDELYS

### **klassifiseer**

die proses om dinge op 'n sistematiese manier te groepeer, bv. sorteert klere in winters- en somersklere

## Identifiseer kenmerke (attribute)

Aanvanklik sorteer en klassifiseer leerders voorwerpe volgens een kenmerk, soos kleur, grootte of vorm. Hulle kan mettertyd redes gee waarom hulle voorwerpe op 'n sekere maniere gegroepeer het. Hulle kan ook aan ander maniere dink om dieselfde voorwerpe te groepeer op grond van 'n ander kenmerk. Namate leerders verken en praat oor hoe hulle "dinge" om hulle versamel, organiseer en sorteert, begin hulle voorwerpe in groepe organiseer op grond van meer as een kenmerk, soos die kleur en vorm van voorwerpe.



### In die praktyk ...




'n Onderwyser kan leerders vra om 'n versameling vorms met verskillende kleure te sorteer:

- 👉 Soek al die groen vorms.
- 👉 Soek al die vierkante.
- 👉 Soek al die groen vierkante.

Sortering volgens twee kenmerke is moeilik vir leerders, want hulle moet die verskil tussen die drie groepe konseptueel verstaan. Twee van die groepe het slegs een kenmerk, terwyl die derde groep kenmerke het wat dit in albei groepe laat inpas.

## Die datahanteringsiklus

Mense verwys dikwels na die proses van datahantering as 'n siklus omdat die gebeure of aktiwiteite wat betrokke is in dieselfde volgorde herhaal word vir elke nuwe vraag wat beantwoord word.




Figuur 93 Die datahanteringsiklus

- 1. Stel 'n vraag:** Leerders besluit waaroor hulle wil uitvind, bv. "Ek wonder hoeveel leerders kom met 'n bus skool toe en hoeveel kom met 'n motor skool toe?" Die draad wat die data bymekaar hou is die rede vir die insameling van spesifieke data of inligting. Dit beteken dat die data wat ingesamel is of groepe wat deur middel van sortering gevorm is, moet help om 'n vraag te beantwoord waarop die leerders 'n antwoord wil vind.
- 2. Versamel data:** Leerders besluit hoe hulle data wil insamel op grond van die vraag of probleem, bv. deur vir ander leerders te vra hoe hulle skool toe kom en 'n prentjie van elk te teken.
- 3. Sorteer data:** Leerders organiseer en sorteer die data in groepe volgens die kenmerk. Om vrae te kan beantwoord en te besluit hoe om die data wat hulle ingesamel het, voor te stel, moet besluite geneem word oor hoe dinge gesorteer kan word.
- 4. Stel data voor:** Leerders verken verskillende maniere om die inligting wat hulle ingesamel het, te vertoon of uit te stal, bv. plaas regte voorwerpe op die mat of maak **piktogramme**.
- 5. Ontleed data:** Leerders beskryf en vergelyk die data wat voorgestel is, bv. watter vervoermiddel word die meeste of minste gebruik om skool toe te kom.

## WOORDELYS

### piktogram

'n manier om data aan die hand van prente voor te stel



Figuur 94 'n Piktogram

**6. Doe verslag oor data:** Leerders beantwoord die vraag wat aanvanklik gestel is: "Ek wonder hoeveel leerders kom met 'n bus en hoeveel kom met 'n motor skool toe?" Hulle kan maklik sien dat vier leerders met 'n bus skool toe kom en dat vyf leerders met 'n motor skool toe kom. Hulle kan ook ander inligting vergelyk, soos hoeveel leerders op ander maniere skool toe kom en watter vorm van vervoer die meeste of minste gebruik word.

### Vrae vir Datahantering

- Watter groep het die meeste/minste? Kan jy sê sonder om te tel?
- Watter groep het meer/minder?
- Wat dink jy sal die antwoord wees?
- Hoe behoort ons uit te vind?
- Waarom het jy hierdie dinge saam gesit?
- Kan jy dit op 'n ander manier organiseer?
- Hoort dit hier?
- Is lemoene of piesangs die gewildste vrugte?
- Hoeveel dae was sonnig, winderig, reënerig, ...?
- Wat sal gebeur as ...?

### Woordeskat vir Datahantering

- pas, sorteer, vergelyk
- dieselfde, verskillend, hoort, hoort nie
- meer as, minder as, ewe veel
- altyd, soms, nooit
- ry, kolom
- dalk, moontlik, beslis

# Woordelys

**abstrak** die beskrywing van 'n idee, 'n gedagte of gevoel; iets wat nie aangeraak kan word nie

**akkuraat** presies

**akoestiese tel** om hardop te tel terwyl die getalname in die regte volgorde gesê word (ook bekend as mondelinge of ritmiese tel)

**attribuut** 'n kenmerk of eienskap van iets, byvoorbeeld kleur of vorm

**beginsel** 'n algemene reël wat as waar aanvaar word

**bemiddeling** 'n gesamentlike aktiwiteit waar 'n persoon wat meer weet of vaardighede het wat meer ontwikkel is, ander lei om iets nuuts te leer

**diversiteit** 'n verskeidenheid mense met verskeie verskille, byvoorbeeld, identiteit, persoonlikheid, vermoëns, belangstellings en agtergrond

**driedimensioneel (3D)** 'n voorwerp het drie dimensies: lengte, breedte (wydte) en hoogte

**elemente** die voorwerpe, bewegings of gebeure in 'n patroon

**formatiewe assessering** assessering wat inligting verskaf terwyl leer plaasvind en wat leerders se vordering meet

**inklusiwiteit** die praktyk om seker te maak dat alle kinders, ongeag hul verskille, ingesluit word in alle klaskameraktiwiteite

**interaksie** om met ander mense te kommunikeer, om aktiwiteite saam met ander mense te doen

**kapasiteit** die maksimum of grootste hoeveelheid wat iets (soos 'n emmer of boks of 'n stadion) kan hou

**kenmerk** die eienskappe van 'n 2D-vorm of 3D-voorwerp, bv. lengte, breedte, hoogte, sye (vlakke), rande, hoeke

**klassifiseer** die proses om dinge op 'n sistematiese manier te groepeer, bv. sorteer klere in winters- en somersklere

**konsep** 'n idee of geagte wat abstrak is. Met ander woorde, dit kan nie aangeraak of vasgehou word nie. Wiskunde-konsepte sluit getalle, tel, ruimte, aftrek en optel in.

**massa** hoe swaar iets is

**meetkunde** 'n aspek van wiskunde wat te make het met eienskappe, meting en verhoudings van punte, lyne en vorms in ruimte

**meting** "hoeveel" van iets, bv. hoogte, lengte, massa, volume, kapasiteit

**mondelinge tel** om hardop te tel terwyl die getalname in die regte volgorde gesê word (ook bekend as akoestiese of ritmiese tel)

**nie-standaardeenheid** 'n meeteenheid wat 'n voorwerp soos 'n skoen, skuifspeld of kubus gebruik; dit kan ook 'n informele item soos 'n handspan, voet of lengte van die liggaam wees

**ontwikkelingsvordering** volgorde waarin vaardighede en konsepte op mekaar bou

**ordening** plasing van drie of meer voorwerpe of gebeure in volgorde, bv. die klaskamerroetine, die leerders se oggendroetine ("nadat ek wakker geword het, staan ek op, was my gesig, eet ontbyt ...") of die gebeure in 'n storie

- oriëntasie** hoe voorwerpe in verhouding tot mekaar geplaas is
- pas** identifiseer dieselfde kenmerk in twee of meer voorwerpe, bv. al die geel voorwerpe. Pas is 'n belangrike vaardighede om een-tot-een-ooreenstemming te leer.
- patroon** die reëlmatige volgorde van voorwerpe, bewegings of gebeure wat op 'n voorspelbare manier herhaal word
- perspektief** die uitwerking van afstand of diepte op hoe voorwerpe lyk
- piktogram** 'n manier om data aan die hand van prente voor te stel
- rasionele tel** die tel van voorwerpe om te bepaal "hoeveel" daar is (ook bekend as resultatiewe tel)
- redenasie** die denke agter 'n idee of stelling
- resultatiewe tel** die tel van voorwerpe om te bepaal "hoeveel" daar is (ook bekend as rasionele tel)
- ritmiese tel** om hardop te tel terwyl die getalname in die regte volgorde gesê word (ook bekend as akoestiese of mondeline tel)
- sensoriese perceptuele vaardighede** gebruik jou sintuie om inligting oor jou omgewing in te win, byvoorbeeld: kyk, hoor, raak aan, ruik en proe
- simbole** dinge wat iets voorstel, soos 'n getalsimbool, logo of padteken
- simmetrie** wanneer 'n vorm of voorwerp in twee gelyke helftes langs 'n middellyn verdeel kan word
- sortering** vind dinge wat dieselfde of soortgelyk is, en groepeer dit aan die hand van spesifieke kenmerke. Sorteer eers aan die hand van een kenmerk, soos kleur, bv. "al die groen vorms". Sorteer dan aan die hand van twee kenmerke, soos kleur en grootte, bv. "al die klein groen vorms".
- subitering** die kognitiewe vermoë om onmiddellik die totale getal voorwerpe in 'n versameling te herken sonder om te tel
- toepassings** verskillende maniere om wiskunde-konsepte en -vaardighede te gebruik, bv. wanneer jy jou kleingeld in 'n winkel tel, jou taxigeld uittel, of 'n pakkie grondbone tussen drie vriende verdeel
- tweedimensioneel (2D)** 'n vorm het twee dimensies: lengte en breedte (wydte)
- verband hou** hoe voorwerpe en idees by mekaar pas
- vergelyking** soek na ooreenkomsste en verskille tussen twee of meer voorwerpe, bv. "hierdie is albei diere, maar een is blou en die ander een is rooi". Vergelyking gaan oor die bepaling van die verband tussen voorwerpe op grond van spesifieke kenmerke. Hierdie vaardigheid lei tot die vermoë om voorwerpe te klassifiseer.
- volgorde** die spesifieke orde waarin voorwerpe, bewegings of gebeure op mekaar volg
- volume** die hoeveelheid wat iets hou of die spasie wat die inhoud opvat
- voorkennis** wat leerders reeds weet en reeds kan doen
- voorspel** om te sê of te skat wat in die toekoms sal gebeur
- voorstel** om voorwerpe, simbole of aksies te gebruik om vir 'n idee of konsep te staan
- waarneming** gebruik ons sintuie om oor voorwerpe, gebeure en ingesteldhede uit te vind. Ons moet waarneem om inligting oor die wêreld in te samel, bv. kyk en luister goed na wat om ons gebeur.

# Bronnelys

- Bennett, E. & Weidner, J. (2012) *Everyday Maths through Everyday Provision: Developing Opportunities for Mathematics in the Early Years*. Routledge, London
- Briggs, M. & Davis, S. (2008) *Creative Teaching: Mathematics in the Early Years and Primary Classroom*. Routledge, New York
- Clemson, D. & Clemson, W. (2005) *Mathematics in the Early Years*. Routledge, New York
- Cross, C.T., Woods, T.A. & Schweingruber, H. (Eds) (2009) *Mathematics Learning in Early Childhood: Paths Towards Excellence and Equity*. Committee on Early Childhood Mathematics, National Research Council
- Department of Basic Education (2011) *Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) Grade R Mathematics*. Pretoria, South Africa
- Department of Basic Education (2017) *Foundation Phase Grade R SBA Exemplar Booklet*. Pretoria, South Africa
- Department of Basic Education (2019) *General Education and Training, Abridged Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS), Section 4 Assessment: Foundation Phase R to 3. Amendments to The National Curriculum Statement, Grades R–12 (NCS)*. Government Notice 722, Government Gazette 34600 of 12 September 2011
- Department of Basic Education (2010) *Guidelines for Inclusive Teaching And Learning*. Directorate Inclusive Education, Pretoria, South Africa. [www.education.gov.za/www.thutong.org.za/Learningspaces/InclusiveEducation.aspx/160416](http://www.education.gov.za/www.thutong.org.za/Learningspaces/InclusiveEducation.aspx/160416)
- Department of Basic Education (2012) *National Protocol for Assessment Grades R–12*. Pretoria, South Africa
- Department of Basic Education (2014) *Policy on Screening, Identification, Assessment and Support*. Pretoria, South Africa
- Department of Education (2001) *Education White Paper 6, Special Needs Education, Building an Inclusive Education and Training System*. Pretoria, South Africa
- Duncan, G.J. et al. (2007) School Readiness and Later Achievement. *Developmental Psychology*, 43: 6, 1428–1446. American Psychological Association. <http://dx.doi.org/10.1037/0012-1649.43.6.1428.supp>
- Gauteng Department of Education (2019) *Assessment Practices in Grade R Participant Manual*. Johannesburg, South Africa
- Geist, E. (2009) *Developmental Milestones in Preschool Mathematics, Excerpt from Children are Born Mathematicians: Supporting Mathematical Development, Birth to Age Eight*. pp 190–191, 192. Pearson Allyn Bacon Prentice Hall. <http://www.education.com/reference/article/developmental-preschool-mathematics/> (Accessed 12 November 2012)
- Gelman, R. & Gallistel, C.R. (1978) *The Child's Understanding of Number*. Cambridge, MA: Harvard University Press
- Hansen, A. (2012) *Games, Ideas and Activities for Early Years Mathematics*. Pearson Education, UK
- Haylock, D. & Cockburn, A.D. (2008). *Understanding Mathematics for Young Children: A Guide for Foundation Stage and Lower Primary Teachers*. SAGE Publications
- Kilpatrick, J., Swafford, J. & Findell, B. (Eds) (2001) *Adding It Up: Helping Children Learn Mathematics*. Mathematic Learning Committee, National Research Council
- Knaus, M. & Featherstone, S. (2015) *Maths is All Around You: Developing Mathematical Concepts in the Early Years*. Bloomsbury, UK
- Kuhne, C., O'Carroll, S., Comrie, B. & Hickman, R. (2013) *Much More Than Counting: Supporting Mathematics Development Between Birth and Five Years*. The Schools Development Unit (UCT) and Wordworks, Cape Town
- Milestones of Child Development: A Guide to Young Children's Learning and Development from Birth to Kindergarten (2008) Virginia's Early Childhood Development Alignment Project, Richmond, Virginia. [http://www.dss.virginia.gov/files/division/cc/provider\\_training\\_development/intro\\_page/publications/milestones/milestones\\_one\\_document/milestones.pdf](http://www.dss.virginia.gov/files/division/cc/provider_training_development/intro_page/publications/milestones/milestones_one_document/milestones.pdf) (Accessed 2 November 2012)
- Montague-Smith, A. & Price, A.J. (2012) *Mathematics in Early Years Education*, Third edition. Routledge, London
- National Research Council (2009) *Mathematics Learning in Early Childhood: Paths Towards Excellence and Equity*. Committee of Early Childhood Mathematics. Cross, T., Woods, T.A. & Schweingruber, H. (Eds) Centre for Education, Division of Behavioural and Social Sciences and Education. Washington, DC: The National Academic Press
- Pound, L. (2006) *Supporting mathematical development in the early years*, Second edition. Open University Press
- Samara, J. & Clements, D.H. (2009) *Early Childhood Mathematics Education Research. Learning Trajectories for Young Children*. Routledge Taylor and Francis
- Skinner, C. & Stevens, J. (2012) *Foundations of Mathematics. An Active Approach to Number, Shape and Measures in the Early Years*. Featherstone Education, Bloomsbury Publishing
- Starkey, P. (1992) The Early Development of Numerical Reasoning. *Cognition* 43, 93–126
- Strauss, M.S. & Curtis, L.E. (1981) Infant Perception of Numerosity. *Child Development* 52, 1146–1152
- Thompson, I. (Ed.) (2008) *Teaching and learning early number*, Second edition. McGraw Hill, Open University Press
- Tucker, K. (2010) *Mathematics Through Play in the Early Years*, Second edition. SAGE Publishers, London
- Van den Heuvel-Panhuizen, M., Kuhne, C. & Lombard, A.P. (2012) *The Learning Pathway for Number in the Early Primary Grades*, MacMillan, Gauteng, South Africa
- Van de Walle, J.A., Karp, K.S. & Bay-Williams, J.M. (2016) *Elementary and Middle School Mathematics: Teaching Developmentally*, Sixth edition. Pearson Global Edition
- Vygotsky, L.S. (1978) *Mind in Society: The Development of Higher Psychological Processes*. Cambridge, MA and London: Harvard University Press